# Handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte: Bemagtiging in die konteks van die deelnemende kommunikasieperspektief

**A Oosthuizen**

**orcid.org/**0000-0002-4843-2895

Verhandeling voorgelê ter nakoming van die graad *Magister Artium in Kommunikasie* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof LM Fourie

Gradeseremonie: May 2019

Studentenommer: 24303348

## VOORWOORD

Eerstens alle eer aan my Pappa – God wat my die vermoë gegee het om die studie te kon voltooi. Dankie dat ek elke tree saam met U kon stap en weet dat U die eindproduk lankal reeds in U hand gehad het.

Die studie sou geensins sonder die volgende persone moontlik gewees het nie; daarom wil ek uit my hart uit die volgende mense bedank:

- Prof. LM Fourie, my studieleier. Baie dankie vir Professor se herhaaldelike leiding en onvervangbare wysheid. Al die geduld, motivering en laat aande se werk word opreg waardeer.
- My ouers, dankie vir al die kere se moed inpraat en belangstelling toon. Dankie vir die gebede wat my gedra het en ook die geloof en vertroue in my. Ek is baie lief vir julle.
- Hans, baie dankie vir die laat aande se koffie aandra, ure se luister na my werk en daaglikse motivering. Ek is opreg dankbaar vir al jou liefde.
- Tannie Cecilia, dankie vir die taalversorging
- My vriendinne, vriende en familie; dankie vir elke oproep, gebed en koffie.
- Die projekleiers en deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte. Dankie vir julle tyd, geduld en bereidwilligheid om julle opinies met my te deel.

# OPSOMMING

Handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte: Bemagtiging in die konteks van die deelnemende kommunikasieperspektief

Die Seboni Creativity Centre en Tsa Lapeng is voorbeelde van ontwikkelingsprojekte wat poog om deelnemers te bemagtig om selfonderhoudend te raak deur middel van die bemeestering van handvaardighede tydens hul deelname aan kreatieweskeppingsprojekte. Hierdie projek stel ten doel om ongeveer 8-10 vrouedeelnemers van die gemeenskap in Ikageng en dié in Twarranang onderskeidelik te bemagtig met die doel om entrepreneurs te word. Die deelnemers word die basiese vaardighede van naaldwerk geleer en om hul eie besighede te begin (entrepreneurskap) asook hoe om basiese lewensvaardighede in hul daagse lewens te kan benut.

Verskeie teoretici verduidelik dat ontwikkelingsprojekte sonder deelnemende kommunikasie selde 'n sukses van ontwikkelingsinisiatiewe sal kan maak. Die deelnemers kan slegs ontwikkel indien hulle eienaarskap van die projek kan opneem deur ook deelnemend oor hul spesifieke behoeftes met die projekleiers te kan kommunikeer. Die blote aanleer van vaardighede verseker nie bemagtiging nie; daarom moet die deelnemers in staat gestel word om op 'n magsposisie te funksioneer sodat hulle persoonlik verantwoordelikheid kan aanvaar vir hul ontwikkeling. Om deelnemers in staat te stel is deelname nodig. Deelname is egter 'n uitdaging omdat die projek opvoedkundig van aard is en die deelnemers by die projekleiers moet leer, dus is deelname op die hoogste vlak moeilik bereikbaar. Deelname kan gefasiliteer word deur bemagtigingskommunikasie. Bemagtigingskommunikasie is 'n proses wat oor tyd heen bemagtiging vir volhoubare ontwikkeling tot stand bring. Bemagtigingskommunikasie kan gesien word as 'n fasiliteerder vir die konsepte van die deelnemende benadering om bemagtiging te verseker wat lei tot volhoubare ontwikkeling. Bemagtigingskommunikasie is dus 'n deurlopende proses wat fasiliteer en nie 'n benadering wat die uitkoms is nie.

In die onderhawige studie word geargumenteer dat die betrokke ontwikkelingsprojekte bemagtiging en selfonderhoubaarheid meer effektief sal bereik as bemagtigingskommunikasie aangewend word. Die studie poog om bemagtigingskommunikasie te konseptualiseer deur te verwys na die boustene van dié begrip, naamlik *deelname*, *dialoog* en *kulturele identiteit*.

Die algemene navorsingsdoel van hierdie studie is om te bepaal of handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte tot bemagtiging kan bydra. Kwalitatiewe navorsingsmetodes, naamlik semi-gestruktureerde onderhoude, fokusgroepsessies en die toepassing van die deelnemer-waarnemertegniek, is vir die onderhawige studie aangewend om 'n in-diepte ondersoek in te stel na die aard van die kommunikasie tussen die projekleiers en deelnemers van

die betrokke ontwikkelingsprojekte. Die doel daarmee was om die perspektiewe rakende die kommunikasie van die betrokke partye te bepaal en te interpreteer ooreenkomstig die normatiewe teoretiese beginsels van bemagtigingskommunikasie binne die konteks van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie.

Daar is bevind dat die betrokke ontwikkelingsprojekte op sekere aspekte wel aan bemagtigingskommunikasie voldoen maar op ander aspekte weer tekortkom.

**Sleutelterme:** *Bemagtigingskommunikasie; volhoubaarheid, deelname, dialoog, ontwikkelingsprojekte; handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte; bemagtiging; kulturele identiteit; deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie; Seboni Creativity Centre; Tsa Lapeng*

# ABSTRACT

Arts, crafts and creative creation projects: Empowerment in the context of the participating communication perspective

The Seboni Creativity Centre and Tsa Lapeng are examples of development projects that aim at empowering participants to become self-sustaining by acquiring hand skills through their participation in creative creation projects. These projects aimed at empowering approximately 8-10 women from the Ikageng community and that of Twarranang respectively with the aim of becoming entrepreneurs. The participants learn the basic skills of needlework and skills to start their own businesses (entrepreneurship) as well as how to put basic life skills to use in their everyday lives.

Several theorists explain that development projects without participatory communication can rarely make development initiatives successful. Participants can only develop if they can take ownership of the project by also communicating with their project leaders in a participatory manner about their specific needs. The mere learning of skills does not ensure empowerment, so the participants must be allowed to function in a position of power so that they can take responsibility for their development. For the participant to function in a position of power, there should be a high level of participation in the projects. Participation however can be seen as an challenge due to the educational nature of the projects, the participants are learning from the project leaders therefore participation on the highest level is hard to reach. Empowerment communication is a process that brings about empowerment over time for sustainable development. Empowerment communication can be seen as a facilitator for the concepts of the participatory approach to ensuring empowerment that leads to sustainable development. Empowerment communication is thus a continuous process that facilitates and not an approach that is the outcome.

In the current study it is argued that the relevant development projects will achieve empowerment and sustainability more effectively if empowerment communication is applied. The study aims to conceptualize empowerment communication by referring to the building blocks of the concept, namely *participation*, *dialogue* and *cultural identity*.

The general research objective of this study is to determine whether arts, crafts and creative creation projects can contribute to empowerment.

Qualitative research methods, namely semi-structured interviews, focus groups and participant observation, were used for this study to introduce a thorough investigation into the nature of empowerment communication between project leaders and participants of the relevant

development projects. The purpose was to determine and interpret the perspectives on the empowerment communication of the parties in accordance with the normative theoretical principles of empowerment communication within the context of the participatory approach to development communication.

It was found that the relevant development projects do comply with empowerment communication in some aspect but also have a short come in other aspects.

**Key terms:** *Empowerment communication; sustainability, participation, dialogue, development projects; craft and creative creation projects; empowerment; cultural identity; participatory approach to development communication; Seboni Creativity Centre; Tsa Lapeng*

# INHOUDSOPGAWE


**1.1 Inleiding ... 1**

**1.2 Kreatiewe projekte as ontwikkelingsprojekte ... 2**

**1.3 Problematiek van deelname teenoor opdragte ... 4**

**1.4 Vraag na volhoubaarheid en bemagtiging ... 4**

**1.5 Probleemstelling ... 6**

**1.6 Spesifieke navorsingsvrae ... 7**

**1.7 Navorsingsdoelstellings ... 7**

**1.8 Teoretiese argumente ... 8**

**1.9 Navorsingsbenadering ... 9**

**1.10 Navorsingsmetodes ... 9**

1.10.1 Literatuurstudie ... 9

1.10.2 Empiriese studies ... 10

**1.11 Hoofstukindeling ... 12**

**2.1 Inleiding ... 14**

**2.2 Modernisering as wegspringpunt van kommunikasie ... 14**

2.2.1 Die moderniseringsbenadering se basiese beginsels ... 15

2.2.2 Die rol van kommunikasie in die moderniseringsbenadering ... 16

2.2.3 Kritiek teen die moderniseringsbenadering ... 16

**2.3 Afhanklikheidsbenadering ... 17**

2.3.1 Die rol van kommunikasie binne die afhanklikheidsbenadering ... 18

2.3.2 Kritiek teenoor die afhanklikheidsbenadering ... 19

**2.4 Bemagtiging ........ 20**
2.4.1 Bemagtiging as oplei / aanleer van vaardighede ........ 21
2.4.2 Bemagtiging as in staat stel ........ 23
2.4.3 Bemagtiging as magsdeling ........ 23
2.4.4 Bemagtiging binne die konteks van die deelnemende benadering ........ 24
2.4.5 Beginsels van die deelnemende benadering relevant tot bemagtigingskommunikasie ........ 27
2.4.6 Deelname ........ 27
2.4.7 Dialoog ........ 31
2.4.8 Kulturele identiteit ........ 33
**2.5 Gevolgtrekking ........ 36**
**3.1 Inleiding ........ 38**
**3.2 Kwalitatiewe navorsingsbenadering ........ 38**
**3.3 Die navorsingsontwerp en- metodes ........ 41**
3.3.1 Literatuurstudie ........ 42
3.3.2 Empiriese studie ........ 42
3.3.3 Semi-gestruktureerde onderhoude ........ 43
3.3.4 Toepassing van semi-gestruktureerde onderhoude ........ 45
3.3.5 Fokusgroepe ........ 49
3.3.6 Toepassing van fokusgroepe ........ 51
3.3.7 Notulering en bandopnames van semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe ........ 53
3.3.8 Die deelnemer-waarnemertekniek ........ 53

3.3.9 Toepassing van die deelnemer-waarnemertegniek .......... 57

3.3.10 Kwalitatiewe analise van ingesamelde inligting .......... 57

**3.4 Uitdagings in die studie .......... 58**

**3.5 Gevolgtrekking .......... 59**

**4.1 Inleiding .......... 60**

**4.2 Bemagtiging binne die betrokke ontwikkelingsprojekte .......... 60**

4.2.1 Tsa Lapeng .......... 60

4.2.2 Seboni Creativity Centre .......... 61

**4.3 Bemagtiging .......... 61**

**4.4 Bemagtigingskommunikasie .......... 65**

4.4.1 Deelname .......... 66

4.4.2 Dialoog .......... 70

4.4.3 Kulturele identiteit .......... 74

4.4.4 Inagneming van diversiteit .......... 76

4.4.5 Bestaande hulpbronne .......... 76

**4.5 Gevolgtrekking .......... 78**

**5.1 Inleiding .......... 82**

**5.2 Beantwoording van navorsingsvrae .......... 83**

5.2.1 Konseptualisering van bemagtigingskommunikasie binne die konteks van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie met betrekking tot handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte .......... 83

*5.2.2* Die bemagtiging van vroue deur middel van handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte in die *Seboni Creativity Centre* asook in *Tsa Lapeng* .......... 85

5.2.3 Die persepsies van die projekleiers van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende kommunikasie en bemagtiging ........ 86

5.2.4 Die persepsies van die deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende kommunikasie en bemagtiging ........ 88

5.2.5 Beantwoording van die algemene navorsingsvraag ........ 90

5.2.6 Verdere navorsing wat moontlik uit hierdie studie kan voortspruit ........ 94

5.2.7 Slot ........ 94

# LYS VAN TABELLE


Tabel 3-1: Uiteensetting van navorsingsontwerp ........................................................ 41

Tabel 3-2: Konsepte en Konstrukte ........................................................................ 46

Tabel 3-3: Onderhoudskedule ................................................................................ 48

Tabel 3-4: Moderatorsgids .................................................................................... 52

# LYS VAN FIGURE

Figuur 2-1: Arnstein (1969) se vlakke van deelname ........ 28

Figuur 2-2: ’n Effektiewe gemeenskapsdeelnemende vierstapsfase riglyn vir ontwikkelingsprojekte (Boshoff, 2013) ........ 30

# HOOFSTUK 1: INLEIDING, AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 Inleiding

Volhoubare ontwikkeling word verlang onder vroue in die ontwikkelingsgemeenskappe, sodat hul onafhanklik kan raak en hul eie inisiatiewe kan ontwikkel en toepas. Volhoubare ontwikkeling stel die vrou in ontwikkelingsgemeenskappe in staat om beheer van hul eie situasie en omgewing te neem, deur verskillende vaardighede toe te pas. Hierdie was egter nie die aanvanklike uitgangspunt met betrekking tot ontwikkeling nie. Volgens die *World Commission of Environment and Development (1887)* beteken volhoubare ontwikkeling dat daar in die huidige behoeftes van gemeenskappe voorsien word, sonder om toekomstige generasies die geleentheid te ontneem om in hul eie behoeftes te voorsien (Sustainability, 2010). Dienooreenkomstig word in hierdie studie geargumenteer dat volhoubare ontwikkeling behoort te fokus op die vervulling van basiese menslike behoeftes, in die hede en in die toekoms, sodat mense hul droom en doel vir ‘n hoër lewenstandaard en lewenskwaliteit kan bereik.

Die raamwerk vir ontwikkeling gedurende die 1950’s en middel 1960’s is gelê deur modernisering, wat hoofsaaklik gegrond was op die beginsels van ekonomiese groei en sosiale evolusieteorieë. In ŉ ontwikkelingskommunikasie-konteks het dit beteken dat eenrigtingkommunikasie beskou is as die voertuig waardeur ontwikkeling geskied. Dit impliseer dat ontwikkeling grootliks tot kennisoordrag beperk is (McPhail, 2009:78; Servaes & Malikhao, 2008:159).

Sedert die sewentigerjare is kritiek egter teen die doeltreffendheid en relevansie van die moderniseringsbenadering in verskillende ontwikkelingskontekste geopper omdat dit nie bygedra het tot volhoubare ontwikkeling nie. In die tagtigerjare van die twintigste eeu het die behoefte aan ŉ alternatiewe benadering tot ontwikkeling ontstaan en is daar na ŉ meer persoongesentreerde (Chitnis, 2005:232-233; Servaes & Malikhao, 2008:159) en volhoubare ontwikkelingskommunikasie-benadering gesoek (Ascroft & Masilela, 1994:259-262).

Die basiese aanname was dat indien gemeenskapslede deel het aan die proses van hul eie ontwikkeling, die kans groter is dat die ontwikkeling in die beste belang van die gemeenskap sal plaasvind en ook volhoubaar sal wees (Anyaegbunam, Mefalopulos, & Moetsabi, 2004; Naidoo, 2010). Dit impliseer dat bemagtiging moet plaasvind ten einde volhoubare ontwikkeling in die hand te werk. Die gemeenskapslede moet bemagtig word op verskillende vlakke (soos bespreek in paragraaf 2.4.5) sodat hul die nodige vaardighede het om beheer van hul omstandighede te neem. Hierdie bemagtiging vereis dat die gemeenskapslede die nodige vaardighede moet aanleer om op ‘n persoonlike vlak te ontwikkel asook op ‘n gemeenskaplike vlak sodat hul eers

in hulself moet glo en dan die groep mekaar moet help. Bemagtiging is die uitkoms van onder meer ʼn kommunikasieproses wat deurlopende deelname vereis.

Bemagtiging is daarom een van die belangriskte onderskeidende beginsels van die deelnemende benadering (Anyaegbunam *et al.*, 2004; Holden, Linnerud, & Banister, 2014:131-132; Nyamnjoh, 2010; Servaes & Malikhao, 2008; Srampickal, 2006:13-15; Thomas, 2005:55; Tufte & Mefalopulos, 2009).

Eenstemmigheid bestaan egter tot nou toe nie – nóg in die akademie nóg in die praktyk – oor presies hoe bemagtiging gedefinieer behoort te word nie (Melkote & Steeves, 2001; Mowlana, 1997; Waisbord, 2001). Bemagtiging word gebruik om ʼn wye spektrum aktiwiteite aan te dui wat kan wissel van "in staat stel" aan die een kant tot "self-aktualisering" aan die ander kant. Binne die onderhawige studie gaan geargumenteer word dat die konsep bemagtigingskommunikasise bemagtiging kan fasiliteer met die oog op op volhoure ontwikkeling.

In hierdie hoofstuk word die konteks van die studie geskets, deur te fokus op die belangrikheid van bemagtiging binne die konteks van kreatiewe ontwikkelingsprojekte met die oog op volhoubare ontwikkeling.

### 1.2 Kreatiewe projekte as ontwikkelingsprojekte

Handvaardigheidsproduksie, of te wel kreatieweskeppingsprojekte, is 'n gewilde ontwikkelingsaktiwiteit aangesien vaardighede aangeleer word met die oog op finansiële wins (Pöllänen, 2009). Ook in Suid-Afrika is baie huishoudings afhanklik van 'n ekstra inkomste deur handwerkprodukte te verkoop. In baie gevalle is dit egter nie die enigste inkomste nie, maar 'n wyse om inkomste aan te vul (Makhado & Kepe, 2006).

Die breër voordeel van kreatiewe en handvaardigheidsprojekte as ontwikkellingsprojekte is dat toenemende betrokkenheid by entrepreneursaktiwiteite geassosieer word met verhoogde status, verbeterde gesins- en gemeenskapswelsyn en breër maatskaplike winste. Die verkoop van handvervaardigde produkte bied aan die vroue ook die geleentheid om by informele handel betrokke te raak, waar die formele strukture hulle soms uitsluit (Scott, Dolan, Johnstone-Louis, Sugden, & Wu, 2012; Subramaniam, 2011).

Behalwe vir die ekonmiese voordele, hou kuns en kreatiewe skeppingsprojekte ook voordele in vir die sosiale welstand van 'n gemeenskap. Chetty en Hoque (2012) het byvoorbeeld in 'n studie op Indiese vroue wat met depressie gediagnoseer is, bevind dat kreatiwiteit effektief was om die vlak van depressie te verminder. Net so, het Liddle, Parkinson, en Sibbritt (2013) bevind dat vroue

wat in die laat volwassenheidstadium was en deelgeneem het aan kuns en kreatieweaktiwiteite tot persoonlike welsyn bygedra het, die vroue het ‘n beter selfbeeld gevorm en begin om in hul eie waarde te glo. Deelname aan die kuns en kreatiewe projekte het aan vroue die geleentheid gebied om foute te maak, frustrasies en probleme te hanteer en in die proses te leer. Dit bied aan hulle die geleentheid om ‘n verskeidenheid van emosies te ervaar wat bydrae tot hulle emosionele groei. Volgens Pöllänen (2015) gebeur dit omdat skeppingsprojekte as 'n buigsame aktiwiteit beskou word wat kunstenaars in staat stel om hul lewensuitdagings in die gesig te staar. Dit bied innerlike krag, ‘n hulpmiddel om 'n gevoel van beheer oor hul lewens te ontwikkel terwyl die deelnemers afstand kan doen van daaglikse negatiewe ervarings wat beheer neem oor hul gedagtes en hul emosionele stand oorheers, dit stel hulle in staat om positiewe emosies te ervaar.

Die *Seboni Creativity Centre* en *Tsa Lapeng* is voorbeelde van sodanige projekte.

Die *Seboni Creativity Centre* is in Maart 2015 in ’n motorhuis in Ikageng (JB Marks) deur Eretha de Klerk gestig. By die *Seboni Creativity Centre* kry vroue die geleentheid vir brei, hekel, papierkuns en die maak van keramiekprodukte (Ralepelle, 2016). Die doel van die projek is om vroue te help om op kreatiewe wyse produkte te vervaardig wat ook bemark kan word. Die produkte word slegs van afval- of herwinningsmateriaal gemaak en word op plaaslike markte verkoop, soos die *Life Market* wat by die*Snowflake* gebou plaasvind (De Klerk, 2016). Gedurende 2017 het die Seboni Creativity Centre se fokus verander nadat die projekleiers verdeel het en slegs een oorgebly het. Die doel van die projek is sedertien om vir die vroue naaldwerkvaardighede aan te leer ten einde produkte te vervaardig met afvalmateriaal wat ingesamel word. Hierdie naaldwerkprodukte word steeds deur die deelnemers verkoop om geld in te samel om voort te gaan met die projek.

*Tsa Lapeng* is 'n gemeenskapgebaseerde ontwikkelingsprojek vir vroue in Makgolokoeng wat daarop gerig is om vroue die geleentheid te gee om in hul natuurlike omgewing kreatiewe produkte te skep sonder om die omgewing te beskadig en daardeur volhoubaarheid en selfstandigheid te bereik. Produkte word gemaak deur te brei, te hekel, kralewerk te doen, met bamboes of gras te vleg en nog vele meer. Die projek is in 2008 gestig toe 'n liefdadigheidsorganisasie genaamd *Tshwaranang,* in samewerking met Rheola ('n gemeenskapslid en entrepreneur in Harrismith) befondsing ontvang het van die N3TC (N3 Toll Concession) (Budd, 2017). Die vroue woon die projek in Harrismith by en leer dan om die naaldwerk en ander produkte te maak wat hulle dan self kan verkoop of hou.

## 1.3 Problematiek van deelname teenoor opdragte

Dit het uit die voorgaande geblyk dat daar dus min twyfel bestaan dat kreatieweskeppingsprojekte en handewerkprojekte vroue kan help om armoede, stres, negatiewe selfbeeld en negatiewe spanning te verlig. Die projekte is toeganklik vir vroue in afgeleë gemeenskappe aangesien die projek gewoonlik in die gemeenskap self gesetel is, vroue leer vaardighede wat vir hulle ’n inkomste kan beteken en hulle ontwikkel sosiale ondersteuningsnetwerke om kwessies wat hulle raak, te bespreek. Hierdie tipe projekte is egter nie vry van kritiek nie, waarvan die vraag na volhoubare ontwikkeling seker die grootste is, aangesien hierdie projekte die gevaar loop om afhanklikheid by die deelnemers te kweek.

Kreatiewe skeppingsprojekte is in hul aard opleidingsprojekte waar die projekleier dan die inligting moet oordra aan die deelnemers om vir hul die vaardighede te leer om die kreatiewe produkte te kan maak. Dit impliseer dat die meeste ontwikkelingsprojekte deur buitestaanders geïnisieer en geïmplementeer word en selde deur die gemeenskap self geïnisieer word. Hierdie herinner sterk aan modernisering waar tegniese kennis van bo-na-onder aan projekdeelnemers oorgedra word (Alese & Hassan, 2011; Haugh & Talwar, 2016; Karl, 1995).

Dikwels oorheers eksterne kundiges of te wel projekleiers die besluitneming binne die projek en manipuleer, in plaas van fasiliteer, hulle die ontwikkelingsprosesse. Dit is kenmerklik dat eksterne fasiliteerders of projekleiers beskik oor die nodige kennis en vaardighede om sogenaamde projekte te bedryf en te fasiliteer en dat kennis dikwels alleen oorgedra word sonder die nodige begrip en bestuurvaardighede (Alese & Hassan, 2011; Brookfield, 2005).

As 'n ontwikkelingswerker die spilpunt is rondom dit waarop die ontwikkelingsinisiatiewe gebou is, bestaaan die gevaar dat die projekdeelnemers afhanklik kan raak van die persoon se insette. Indien so ‘n persoon dan van die projek onttrek kan dit die voortbestaan van die projek bedreig.

## 1.4 Vraag na volhoubaarheid en bemagtiging

Uit die vorige ontwikkelingsbenaderings soos die modernisering en afhanklikheidsbenadering het dit geblyk dat ekonomiese ontwikkeling alleen nie volhoubaar is nie. Daar is dus verder ondersoek ingestel na die konsep *volhoubare ontwikkeling*. Die Wêreldkommissie vir Omgewing en Ontwikkeling (ook bekend as die Brundtland-kommissie) het ondermeer in 1987 ‘n verslag “Our Common Future”, oor volhoubare ontwikkeling gepubliseer. Die sentrale aanname is dat volhoubare ontwikkeling impliseer dat verskillende en dikwels mededingende belange (omgewings-, ekonomiese en menslike ontwikkeling) gebalanseer moet word.

Drexhage en Murphy (2010:6) som hierdie belange op as drie basiese riglyne wat altyd deel vorm van die definisie van volhoubare ontwikkeling:

- Die ideale van gelykheid en regverdigheid wat fokus op die verbetering van die lewenstandaarde van armer gemeenskappe;
- Die oortuiging dat besluite die regte van toekomstige geslagte in ag moet neem;
- Die bewering dat daar 'n interafhanklike driedubbele basislyn bestaan; dit wil sê die biofisiese omgewing, ekonomie en die sosiale aspekte.

Die interverwantskap en interafhanklikheid tussen die biofisiese en sosiale het ook beteken dat daar meer klem op die sosiale aspekte van ontwikkeling geplaas is (Cronjé & Chenga, 2009:415).

Elk van bogenoemde aspekte word as 'n sleutelelement van volhoubare ontwikkeling beskou en navorsers (sien Cronjé en Chenga (2009:416); Drexhage en Murphy (2010:2); en Holden *et al.* (2014:131-132) beweer dat hulle soos volg met mekaar verband hou:

Die biofisiese omgewing is die basis vir volhoubare ontwikkeling en daarom moet ontwikkeling plaasvind op so 'n wyse dat dit die ekologiese integriteit beskerm. Die omgewingsdimensie van volhoubare ontwikkeling is nie net beperk tot die “harde” vaardighede en tegnologie wat nodig is vir 'n “groen ekonomie” nie, maar ook van die “sagte” vaardighede wat nodig is om koöperasies te ontwikkel, inheemse kennis te bevorder en volgehoue inklusiewe en billike groei te verseker.

Die ekonomie is wel 'n instrument ter bereiking van ontwikkeling, maar die ideaal is dat dit vergesel word deur die gelyke verspreiding van hulpbronne – veral onder die armer gemeenskappe. Die gemeenskapslede moet bemagtig word om hul bestaande hulpbronne te gebruik sodat daar volhoubare ontwikkeling binne hul konteks kan plaasvind. Die integriteit van gemeenskappe en die natuur moet deurgaans behoue bly wanneer ekonomiese bemagtiging bekom word deur die implementering en samevatting van verskillende idees en vaardighede (Makhado & Kepe, 2006; Pöllänen, 2009).

Die sosiale komponent speel ŉ baie belangrike rol binne die bemagtigingsproses tot volhoubaarheid. Gemeenskapslede moet mekaar ondersteun en help en saamwerk ter bereiking van ŉ beter toekoms. Deur kennis en vaardighede uit te ruil help individue mekaar (sien paragraaf 2.5.3). Vir die gemeenskapslede om mekaar te help en kennis uit te ruil moet die gemeenskapslede eers bemagtig word om hul kennis en vaardighede te identifiseer en deel te neem aan gemeenskapsprojekte of -geleenthede. Daar word geargumenteer dat die volhoubaarheidsdebat van die ekologiese en ekonomiese tot die sosiale oorgedra word, sodat sosiale volhoubaarheid as 'n tema op sigself voorkom (Turkington & Sangster, 2006:184). Daar is beperkte literatuur wat spesifiek fokus op sosiale volhoubaarheid, terwyl daar 'n breër literatuur

(Bayeh, 2016; Benney & Hughes, 1956; Carey, 1994; Dorsner, 2004; Weyers & Herbst, 2010) bestaan oor die oorvleuelende konsepte van sosiale kapitaal en sosiale kohesie. Sosiale volhoubaarheid is 'n omvattende multidimensionele konsep, met die onderliggende vraag "wat is die sosiale doelwitte van volhoubare ontwikkeling?", Hierdie vraag kan baie antwoorde bied, sonder konsensus oor hoe hierdie doelwitte gedefinieer behoort te word. Sosiale volhoubaarheid speel egter ‘n belangrike rol in die huidige studie omdat dit ondersoek instel na die volhoubaarheid van die projek. Wanneer die projekleiers onttrek moet die projekte steeds kan voortgaan so die deelnemers moet die nodige harde en sagte vaardighede aanleer om eienaarskap vir die projek te aanvaar.

Onderliggend aan hierdie drie basisriglyne lê bemagtiging. ŉ Gemeenskap moet bemagtig word om regverdige besluite te kan neem. Die vaardighede om ŉ besluit te kan neem en die biofisiese omgewing, ekonomie en sosiale aspekte te kan identifiseer en in ag te neem moet eers aangeleer word voordat dit toegepas kan word. ŉ Gemeenskap moet bemagtig word om hul eie ontwikkeling te kan identifiseer sodat dit volhoubaar kan wees (Subramaniam, 2011; Weyers & Herbst, 2010).

Om bemagtiging wat sal lei tot volhoubare ontwikkeling te definieer moet dit aan sekere aspekte voldoen, naamlik die erkenning van kulturele identiteit en inheemse kennis. Die intellektuele stimulasie en besigheidsbegrip wat verkry word deur die deelname aan dialoog asook die fisiese deelname in verskillende fases van die projek dra gesamentlik by tot bemagtiging en die ontwikkeling van entrepreneurskap (Alese & Hassan, 2011; Brookfield, 2005).

## 1.5 Probleemstelling

Aangesien *Seboni Creativity Centre* sowel as *Tsa Lapeng,* ontwikkelingsprojekte is met bemagtiging as oogmerk, word daar in die onderhawige studie geredeneer dat kommunikasie in hierdie projekte aan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie behoort te voldoen. Die projekte behels die aanleer van vaardighede om die produkte te vervaardig, maar ook meer gevorderde konsepte soos entrepreneurskap. Die gevaar hieraan verbonde is dat die blote aanleer van vaardighede (*skills transfer*) nog nie bemagtiging, in die konteks van ontwikkeling, waarborg nie en dikwels tot afhanklikheid en nie-volbhoubare ontwikkeling lei. Die dillema is egter dat die opvoedkundige aard van die projekte dit bykans onmoontlik maak om die projek ten volle op die beginsels van die deelnemende benadering te grond. In hierdie studie word geargumenteer dat bemagtigingskommunikasie dié gaping kan oorbrug.

Bemagtigingskommunikasie word grootliks gegrond word op die beginsels van deelnemende kommunikasie, terwyl daar ook ruimte gelaat word vir eenrigtingkommunikasie in bepaalde

omstandighede, mits dit bemagtiging tot doel het. Teen hierdie agtergrond kom die algemene navorsingsvraag aan die orde:

*In watter mate kan handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte tot bemagtiging bydra in die konteks van die deelnemende kommunikasieperspektief?*

## 1.6 Spesifieke navorsingsvrae

1.6.1 Hoe kan bemagtigingskommunikasie gekonseptualiseer word in die konteks van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie met betrekking tot handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte?

1.6.2 Hoe word die bemagtiging van vroue deur middel van handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte in die *Seboni Creativity Centre* sowel as dié in *Tsa Lapeng* gesien?

1.6.3 Wat is die persepsies van die projekleiers van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende kommunikasie en bemagtiging?

1.6.4 Wat is die persepsies van die deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende kommunikasie en bemagtiging?

## 1.7 Navorsingsdoelstellings

1.7.1 Om deur middel van ’n literatuurstudie te bepaal hoe bemagtigingskommunikasie gekonseptualiseer word in die konteks van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie met betrekking tot handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte.

1.7.2 Om deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude en deelnemer-waarnemer die bemagtiging van vroue deur middel van handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte in die twee verskillende ontwikkelingsprojekte te definieer.

1.7.3 Om deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude te bepaal wat die persepsies van die projekleiers van die betrokke ontwikkelingsprojekte is rakende die kommunikasie en bemagtiging.

1.7.4 Om deur middel van fokusgroepe te bepaal wat die persepsies van die deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte is rakende die kommunikasie en bemagtiging.

## 1.8 Teoretiese argumente

Beide projekte se hoofdoelwitte is volhoubare ontwikkeling deur middel van bemagtiging (Varadarajan, 2014). Die bemagtigingsproses word gekenmerk deur die verbetering van individue of groepe se vermoëns deurdat hulle sinvolle besluite kan neem, asook daardie besluite kan uitvoer om die vaardighede wat hul geleer het toe te pas sodat hul beheer oor hulle situasie kan neem en dus selfstandig kan optree wanneer die projekleiers onttrek (Peterson, 2014; Weyers & Herbst, 2010).

Bemagtiging behoort gefasiliteer te word deur deelnemende ontwikkelingskommunikasie (Melkote, 2003; Naidoo, 2010). Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie vorm daarom die grondslag vir die teoretiese argumente in die studie en berus op die volgende beginsels:

*Deelname* aan alle fases van 'n projek, byvoorbeeld van die beplanningsfase na die besluitnemingsfase tot by die uitvoeringsfase, word bereik deur middel van 'n kommunikasieproses. Om hierdie kommunikasieproses te lei word staat gemaak op *dialoog*, en deur dialoog vind ons *kulturele verskeidenheid* sodat die betrokke partye op gelyke vlak en verstaanbare wyse met mekaar kan kommunikeer en sodoende kan deelneem.

Die deelnemende benadering is egter nie sonder kritiek nie, veral waar dit gaan oor kennis oordrag of die aanleer van vaardighede waar deelnemende beginsels moeilik ten volle toegepas kan word. Vaardigheidsontwikkeling moet dus wyer strek as "tegniese vaardighede" – dit behoort kapasiteite soos kommunikasie, spanwerk, kreatiewe vaardighede en interpersoonlike gedrag te dek. Daar is 'n soeke na 'n "veelvuldige benadering" wat geletterdheidsvaardighede, produksievaardighede en lewensgehalte-komponente verbind. Dus om te verseker dat die aanleer van vaardighede tot bemagtiging kan lei, moet daar nie alleen kreatiewe handvaardighede aangeleer word nie maar ook lewensvaardighede en geletterdheidsvaardighede.

In hierdie studie word voorgestel dat bemagtigingskommunikasie handvaardigheids en kreatieweskkeppingsprojekte behoort te fasiliteer. Bemagtigingskommunikasie word gesien as die kommunikasie tussen die projekleier en die deelnemers, wat gerig is op die bemagtiging van die individu, oftewel die verbetering van haar deelname, wat uiteindelik uitloop op volhoubaarheid.

In die onderhawige studie word van die standpunt uitgegaan dat kommunikasie in die *Seboni Creativity Centre* en *Tsa Lapeng* aan die beginsels van bemagtigingskommunikasie behoort te voldoen ten einde die gemeenskappe te bemagtig en nie slegs vaardighede vir hulle te leer nie. Beide genoemde projekte het bemagtiging met volhoubare ontwikkeling as einddoel. As in ag

geneem word dat deelname, dialoog en kulturele verskeidenheid as boustene vir bemagtiging beskou word, word van die veronderstelling uitgegaan dat bemagtigingskommunikasie tussen die projekleier en die deelnemer noodsaaklik is omdat dit die grondslag van bemagtiging en volhoubare ontwikkeling vorm, waardeur die gemeenskapslede bemagtig word om hulle selfstandig, eiehandig te ontwikkel.

## 1.9 Navorsingsbenadering

Volgens Du Plooy (2009) is kwalitatiewe navorsing ’n interpreterende tipe navorsingsbenadering wat geskied in die deelnemers se sosiale en kulturele omgewings en die navorser dan op die interpretasie van kwalitatiewe aspekte van kommunikasie fokus. Kwalitatiewe navorsingsmetodes word vir die onderhawige studie gevolg om vanuit die perspektief van deelnemende kommunikasie deurtastend ondersoek in te stel na die mate waarin handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte bemagtiging in twee verskillende nie-winsgewende organisasies kan bewerkstellig om sodoende beide partye se perspektiewe te bepaal en te interpreteer aan die hand van die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie.

## 1.10 Navorsingsmetodes

### 1.10.1 Literatuurstudie

Die doel van die literatuurstudie is om vas te stel hoe bemagtigingskommunikasie binne die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie gekonseptualiseer kan word. Soos deur Freire (1993), Huesca (2002), Rahim (1994) en Servaes (1999) uitgewys, kom sterk argumente in akademiese publikasies na vore waarin deelname as noodsaaklik geag word om bemagtiging te bewerkstellig. In die studies van Nair en White (1993), asook in dié van Thomas (1994) en Singh (2008), word verskillende beginsels uit die deelnemende benadering afgelei en bespreek wat die kern vorm van bemagtigingskommunikasie en volhoubare ontwikkeling.

Die volgende databasisse is vir die onderhawige studie geraadpleeg: die Ferdinand Postma Biblioteek, Google Scholar, EBSCO Host en Nexus. Hierdie databasisse het aangetoon dat voldoende literatuur vir dié studie beskikbaar is, maar dat ’n studie soortgelyk aan hierdie een tot nou toe nie onderneem is nie.

Bestaande studies wat deelnemende kommunikasie in verskeie onderwerpe en velde ondersoek het, sluit ondermeer die werk van Van Zyl (2009), Netshitomboni (2007) en Ndlovu-Mamba (2007) in. Mersham (1998) het die moontlikheid van die toepassing van ’n model om ontwikkelingskommunikasie te evalueer ondersoek en Taylor (1994) het ’n sosiologiese studie

oor gemeenskapsdeelname in ontwikkelingsprojekte gedoen. Bosch (2009) het die deelnemende benadering in die *Love Life* en MIV/Vigs-programme ondersoek en Naidoo (2010) het op Thusong dienssentrums in Tshwane se kommunikasiebenadering gefokus. Vermeulen (2012) het ondersoek ingestel na die kommunikasie tydens 'n evaluering van KSV-programme in die geval van maatskappye in die Suid-Afrikaanse finansiële sektor. Laastens is die gebruik van ontwikkelingskommunikasietegnieke om histories-benadeelde voorskoolse leerders in 'n Xitsonga-gemeenskap te bemagtig deur Boersma (2002) bespreek.

Verdere studie wat klem gelê het op die deelnemende benadering is Visser (2013): *Die aard van kommunikasie in ontwikkelingprojekte van die Studente-JOOL-Gemeenskapsdiens (NWU-PUKKE)*. Ondersoek is ingestel na die kommunikasieproses tussen die SJGD en NRO's. Hierdie kommunikasieproses behoort aan die beginsels van die deelnemende benadering te voldoen omdat hulle poog om die NRO's te bemagtig tot onafhanklikheid. Asook Jooste (2014): *The nature of participatory communication between the stakeholders of Bhive university incubator;* Jooste se studie is in ooreenstemming met dié van Visser omdat daar ook gekyk word na die beginsels van die deelnemende benadering. Van Dyk (2014): *Participatory communication for social change and stakeholder relationships: Challenges faced by social development NPOs and their corporate donors in South Africa;* en Kloppers (2015): *'n Model vir korporatiewe-sosialeverantwoordelikheidskommunikasie: 'n Toepassing in die landbousektor*.

'n Belangrike studie is gedoen deur Dos Santos (2017) *How participatory communication can be used as an empowering process for local NPOs to become agents of social change.* Hierdie studie kan gebruik word as 'n belangrike grondslag vir bemagtiging.

Hoewel bogenoemde studies dieselfde teoretiese grondslag as die onderhawige navorsing het deur op die deelnemende benadering te fokus het hulle egter nie die kwessie van bemagtigingskommunikasie pertinent onder die loep geneem nie. Meer spesifiek is daar in geeneen van die studies op die konsep *bemagtigingskommunikasie deur middel van kreatieweskeppingsprojekte* gefokus nie.

### 1.10.2 Empiriese studies

Daar word van kwalitatiewe navorsingsmetodes soos semi-gestruktureerde onderhoude, fokusgroepsessies en die deelnemer-waarnemergebruik gemaak.

#### 1.10.2.1 Semi-gestruktureerde onderhoude

Semi-gestruktureerde onderhoude onderhou die beste eienskappe van beide die gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoudvorm (Du Plooy, 2009). Hierdie metode verseker dat relevante

vrae gerig word, maar bied aan die deelnemer die vryheid om te antwoord en meer by te dra as om slegs op dít wat gevra word, te reageer.

Die semi-gestruktureerde onderhoude sal met die projekleiers van beide *Seboni Creativity Centre* en *Tsa Lapeng gevoer word*.

Vir doeleindes van dié studie is dit noodsaaklik dat die navorser die kommunikasie wat die grondslag vir bemagtiging vorm, vanuit die projekleiers se perspektief verstaan. Semi-gestruktureerde onderhoude is die mees relevante navorsingsmetode om die persepsies van genoemde persone te begryp. Die rede hiervoor is dat die gestruktureerde aard van sodanige onderhoude beteken dat dieselfde vrae aan al die betrokke partye van die ontwikkelingsprojekte gestel kan word (Janesick, 2000; Keyton, 2010). Sodoende kan die navorser die inligting integreer en terselfdertyd ruimte laat vir inligting wat nie vooraf voorsien is nie. Sodanige inligting sal dan by die studie gevoeg kan word.

ŉ Onderhoudskedule sal hoofsaaklik uit die konstrukte van bemagtigingskommunikasie saamgestel word en hierdie gids sal gebruik word om die semi-gestruktureerde onderhoude te lei. Na afloop van die onderhoude sal die inligting getranskribeer word en aan die hand van kwalitatiewe inhoudsanalise ontleed word om gevolgtrekkings te kan maak. Die konsepte en konstrukte wat uit die literatuur aangedui is, dien as kategorieë vir die kwalitatiewe inhoudsanalise.

#### 1.10.2.2 Fokusgroepe

ŉ Fokusgroep bestaan uit sewe tot twaalf mense wat aan ŉ gesprek oor ŉ vasgestelde onderwerp deelneem. Dit bring die idees, menings en ingesteldhede van verskillende deelnemers na vore, wat die navorser sodoende in staat stel om relevante inligting betreklik vinnig te kan insamel (Babbie & Mouton, 2007; Du Plooy, 2009; Nieuwenhuis, 2010).

Fokusgroepbesprekings is met die deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte gehou. Beide die projekte het tussen 9 en 15 deelnemers. Vir doeleindes van die onderhawige studie is een fokusgroepbespreking per projek gevoer. Alle beskikbare lede is by die fokusgroep ingesluit.

Die deelnemers is lede van dieselfde projek en woon in dieselfde gemeenskap en ken mekaar dus. Gevolglik het die opset van ŉ fokusgroep die deelnemers op hul gemak gestel. Voorts behels fokusgroepe informele gesprekvoering, wat daartoe kan lei dat die idees, menings en ingesteldhede van die verskillende deelnemers spontaan na vore kom. Dit bied aan hulle ook die geleentheid om op die ander deelnemers se response voort te bou (Babbie & Mouton, 2007; Du Plooy, 2009; Nieuwenhuis, 2010).

’n Moderatorsgids is uit die konsepte en konstrukte saamgestel en het as riglyn vir die fokusgroepe gedien. Na afloop van die fokusgroepbesprekings is die inligting getranskribeer en daarna aan die hand van ’n kwalitatiewe inhoudsanalise ontleed. Ook hier is die konsepte en konstrukte as kategorieë vir die inhoudsanalise ingespan.

#### 1.10.2.3 Deelnemer-waarnemertegniek

Volgens De Vos, Strydom, Fouche, en Delport (2005) kan die deelnemer-waarnemertegniek beskryf word as ’n kwalitatiewe navorsingmetode wat die natuurlike en daaglikse konteks waarin lede van ’n gemeenskap funksioneer, bestudeer. Tydens onderhoude en fokusgroepe kan slegs die persepsies wat mense van die werklikheid het, ondersoek word; daarom is ’n alternatiewe metode nodig om so ’n akkuraat moontlike blik op die werklikheid te kry. By wyse van die toepassing van die deelnemer-waarnemertegniek kan die navorser unieke inligting insamel wat met geen ander metode navorsbaar sou wees nie (Schurink, 1998). Verskeie aksies van die projekte is bygewoon en aantekeninge is deurentyd gemaak.

Hierdie metode speel egter slegs ’n beperkte aanvullende rol in die studie om vas te stel of die terugvoer van die onderhoude en fokusgroepe die aard van die projek se kommunikasie in praktyk weerspieël. Dit word daarom nie as ’n primêre navorsingsmetode toegepas nie, maar wel as aanvullend tot die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepbesprekings.

## 1.11 Hoofstukindeling

**Hoofstuk 1** beskryf die inleiding, agtergrond en probleemstelling van hierdie studie. Hierdie hoofstuk redeneer dat kommunikasie in hierdie projekte aan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie behoort te voldoen. Die probleem is egter dat die blote aanleer van vaardighede nie bemagtiging verseker nie en dat die opvoedkindige aard van die projekte optimale deelname bemoeilik. Verder word die navorsingsvrae aan die orde gestel en ’n kort oorsig van die navorsingsmetodes gebied as aanduiding van hoe die navorsingsvrae beantwoord gaan word.

**In hoofstuk 2** word die basiese beginsels van bemagtigingskommunikasie binne die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie, wat relevant is vir die bemagtiging van vroue deur middel van handvaardighede, teen die agtergrond van die ontwikkeling van verskillende denkskole oor ontwikkeling gekonseptualiseer.

**In hoofstuk 3** word ’n opsommende raamwerk bespreek van die kwalitatiewe navorsingsontwerp en metodes wat gevolg is om die navorsingstema te ondersoek Die voor- en nadele van die kwalitatiewe navorsingsbenadering en die spesifieke metodes word bespreek om die motivering

vir die gebruik daarvan asook die praktiese uitvoering daarvan in die huidige studie uit te lig. Die uitdagings waarvoor die navorser tydens die studie gestel was, word ook bespreek.

**Hoofstuk 4** bespreek die bevindinge wat tydens die kwalitatiewe studie van die betrokke ontwikkelingsprojekte gemaak is. Die inligting wat deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude, fokusgroepsessies en die toepassing van die deelnemer-waarnemertegniek ingesamel is, word volgens die algemene rigtinggewende teoretiese uitgangspunte wat in hoofstuk 2 gestel is, gerapporteer en geïnterpreteer.

In **hoofstuk 5** word die gevolgtrekkings waartoe gekom is, na aanleiding van die ontledings wat in hoofstuk 4 gedoen is, finaal opgesom en die algemene navorsingsvraag word beantwoord.

# HOOFSTUK 2: BEMAGTIGING BINNE DIE DEELNEMENDE BENADERING TOT ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

## 2.1 Inleiding

In Hoofstuk 1 is verduidelik dat hierdie studie ondersoek instel na die mate waartoe handvaardige- en kreatiewe skeppingsprojekte kan by dra tot bemagtiging binne die konteks van die deelnemende kommunikasieperspektief. Dit veronderstel dat bemagtiging op alle vlakke moet plaasvind wat insluit die fisiese handewerk, kreatiewe vaardighede en sagte vaardighede wat vereis na meer emosionele en kognitiewe vaardighede. Hierdie tweeledige aanslag tot bemagtiging vereis ook 'n tweeledige kommunikasiebenadering. Aan die een kant moet die kommunikasie kennis-oordrag fasiliteer, wat eenrigtingkommunikasie kan insluit, maar dit moet geskied binne die breër raamwerk van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie. Om hierdie tweeledige aard te weerspieël word in die studie ondersoek gedoen na die konseptualisering van bemagtingskommunikasie.

Meer spesifiek is geargumenteer dat bemagtigingskommunikasie, soos gesien binne die konteks van die deelnemende banadering tot ontwikkeling, bemagtiging as die uitkoms moet fasiliteer binne die *Seboni Creativity Centre* en *Tsa Lapeng* projekte. Die sentrale argument in hierdie studie is dat bemagtiging nie verseker word deur die blote aanleer van vaardighede nie maar dat dit deur bemagtigingskommunikasie ondersteun moet word (paragraaf 1.4).

Teen hierdie agtergrond kom die eerste spesifieke navorsingsvraag aan die orde: *Hoe kan bemagtigingskommunikasie gekonseptualiseer word binne die konteks van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie met betrekking tot handvaardige- en kreatiewe skeppingsprojekte?*

Hierdie vraag gaan beantwoord word deur die konsep bemagtigting te ontplooi en ondersoek te doen tot watter mate die beginsels van die deelnemende kommunikasiebenadering toepaslik is om bemagtigting te ondersteun. Na aanleiding van hierdie argumente sal beginsels vir bemagtingskommunikasie voorgestel word.

## 2.2 Modernisering as wegspringpunt van kommunikasie

Gedurende die 1950's en 1960's was die moderniseringsbenadering, die eerste benadering tot ontwikkeling, as die dominante benadering gesien. Die paradigma is beïnvloed deur omstandighede na die Tweede Wêreldoorlog. Die Marshall plan, wat die heropbou en -konstruksie van Europa veronderstel het, het die ekonomiese groeimodel van ontwikkeling vir

ontwikkelingsteorie bevestig. Dit het belangrike gevolge vir sosiale, kulturele en ekonomiese kwessies gehad (Melkote, 2002:421; Mody, 2003:130).

Daar is spesifiek gekyk na die Westerse deskundigheid vir die uitvoering van ekonomiese groei-modelle asook die verandering of te wel ontwikkeling van die sosiale en kulturele gewoontes en/of strukture sodat Europa kon ontwikkel (Agunga, 1998:139). Hierdie "Marshall Plan" is beskou as relatief suksesvol en geïmplementeer in ander ontwikkelende lande. Omdat die Westerse (Amerikaanse) polities-ekonomiese sisteem as die ideale sisteem gesien is, het die moderniseringsperspektief die ontwikkelende lande as agtergeblewe gesien veral ten opsigte van tradisies en die ekonomiese sisteem (Mhagama, 2004:23; Servaes, 1995:40). In ontwikkelende lande was daar nie reeds bestaande hulpbronne wat deur modernisering "herstel" kon word nie; die konteks van ontwikkelende lande het dus baie verskil van die eens sterk ekonomiese lande in die Weste (Inglehart & Baker, 2000:21; Treurnicht, 1997:17). Die moderniseringsbenadering het nie die unieke kulturele en sosiale waardes in ag geneem nie, dus is daar nie gefokus op deelname binne die ontwikkelingsomgewing nie.

### 2.2.1 Die moderniseringsbenadering se basiese beginsels

Die moderniseringsbenadering se hooffokus vir ontwikkeling was op die ontwikkelende lande toegespits, aangesien hierdie lande se ekonomiese en kulturele sienswyses as onaanvaarbaar vir ontwikkeling beskou is (Servaes, 1995:40). Die moderniseringsbenadering het 'n groot invloed op verskeie aspekte van ontwikkeling gehad (Rogers, 2008:6). Hierdie aspekte sluit ekonomiese groei en tradisionele kulturele gewoontes van ontwikkelende lande in (McPhail, 2009:3; Mefalopulos & Grenna, 2004:25; Servaes, 1995:40; Servaes & Malikhao, 2008:103). Die waarde van voetsoolvlak-deelname, plaaslike kennis en kulturele oortuigings is as ou mites gesien wat nie met die moderne realiteit van globalisering verbind kon word nie (Huesca, 2008:186; Inagaki, 2007:5). Plaaslike kennis is beskryf as nie-wetenskaplik, tradisioneel, irrasioneel en selfs primitief. Nuwe idees en denkwyses is as oorredingstof gebruik om die verouderde houdings en gedrag van "tradisionele" gemeenskappe te verander na 'n moderne, "rasionele" en Westerse manier van lewe (Inagaki, 2007:5; Inglehart & Baker, 2000:3). Om dit eenvoudig te stel, die moderniseringsbenadering tot ontwikkeling het veronderstel dat ontwikkeling 'n liniêre, stapsgewyse en onafwendbare proses was wat die gaping tussen "tradisionele" en "moderne" samelewings kon oorkom (Melkote & Steeves, 2001:79; Waisbord, 2001:3; White, 1994:54). Hierdie perspektiewe en basiese beginsels oor ontwikkeling het ook besliste beginsels oor die rol van kommunikasie voorveronderstel.

### 2.2.2 Die rol van kommunikasie in die moderniseringsbenadering

Daar is baie klem gelê op die belang van massamedia in die sukses van ontwikkelingsprojekte en die manier waarop nuwe idees aan die gemeenskap oorgedra word sodat hulle dit kan aanneem. Die fokus is geplaas op liniêre inligtingsoordrag of te wel eenrigtingkommunikasie waar die media as voertuig vir ontwikkeling gebruik is (Melkote & Steeves, 2001:19).

Volgens Cooks en Isgro (2005:73) asook Mefalopulos en Grenna (2004:27) was die hoofdoel van modernisering om te verseker dat die nuwe idees vanaf die Westerse kulture deur middel van massakommunikasie na ontwikkelende gemeenskappe moes versprei. Die rol van kommunikasie was om nuwe idees oor te dra, om sodoende 'n klimaat van modernisering onder gemeenskapslede te skep (Srampickal, 2006:5). Hierdie is basies dieselfde beginsel wat vandag nog in kreatiewe en handvaardigheidsprojekte toegepas word.

Schramm, het weer die ontwikkeling van die tradisionele samelewing gelykgestel aan die ontwikkeling in die moderne samelewing. Daar is dus geredeneer dat tradisionele mense en moderne mense dieselfde ontwikkelingsbehoeftes het en daarom behoort ontwikkeling op dieselfde manier benader te word. Daar is vervolgens minder aandag gevestig op individuele belange en universele argumente en oplossings is toegepas op alle vlakke van die samelewing (Scramm, 1961:22). Boonop is min of geen geleenthede gegee vir terugvoer op enige inligtingsprosesse nie (Mefalopulos & Grenna, 2004:27; Melkote, 2002:423; Servaes, 1999:85; Servaes & Malikhao, 2008:158-160).

### 2.2.3 Kritiek teen die moderniseringsbenadering

Modernisering is beperk in die sin dat mense in twee teenstrydige en oorvereenvoudige sektore, naamlik die tradisionele en die moderne sektor, geplaas word (Pratt, 2010:4). Wat nou tersaaklik is, is dat modernisering onderandere gekritiseer is omdat dat die "Eerste Wêreld" lande besig was om probleme in die struktuur en magsverhoudinge van die ontwikkelende gemeenskappe te skep deur hulle te oortuig om af te sien van hulle politieke outonomie, kulturele identiteit, ekonomiese onafhanklikheid en intellektuele kreatiwiteit sodat hulle kon aanpas pas by die kultuur wat aan hulle voorgestel is (Melkote & Steeves, 2001:210; Nyamnjoh, 2010:4,11; Servaes & Malikhao, 2008:161,163,169). Hierdie is alles konstrukte wat relevant is tot die konsep bemagtiging en 'n invloed het op hoe bemagtiging gekonseptualiseer word (sien paragraaf 1.4). Kennis vanuit Westerse lande was op die "tradisionele" samelewings afgedwing sonder om ooit hulle behoefte vir ontwikkeling in ag te neem (Melkote, 1991:58; Servaes, 1999:85; Waisbord, 2001:2). Die meeste projekte was vooraf vir die mense deur eksterne Westerse kundiges beplan in plaas van *deur* die mense wat daarby moes baat vind (Servaes, 1999:85). Baie navorsers insluitend Agunga

(1999:146) en Ogan, Bashir, Camaj, Luo, Gaddie, Pennington, Rana, en Salih (2009:668) wat hulle studies oor hierdie benadering gedoen het, het erken dat dit nodig was dat plaaslike gemeenskappe betrokke moes wees in ontwikkeling en dat hul bemagtig moes word vir hul eie ontwikkeling. Die gevolg is dat daar nie volhoubare ontwikkeling plaasgevind het nie; dit het inteendeel juis bygedra tot ontwikkelende lande se afhanklikheid van ontwikkelde lande omdat die ontwikkelende lande nie bemagtig is nie. Gedurende die sewentigerjare is die moderniseringsbenadering sterk gekritiseer, veral vanaf die geleerdes in Latyns-Amerika wat die gronde, doelwitte en metodes van modernisering en die gepaardgaande kommunikasieteorieë gedekonstrueer en verwerp het. HIerdie kritiek het uitgeloop op die Afhanklikheidsbenadering (Rogers, 1976; 2006: 115; Waisbord, 2001: 6; Huesca, 2002: 1).

## 2.3 Afhanklikheidsbenadering

Volgens die afhanklikheidsbenadering word die wêreld in twee groepe verdeel:, 'n paar ryk lande (kernstate) en baie arm state (randstate). Die wanbalans tussen ryk en arm word hoofsaaklik toegeskryf aan die internasionale arbeidsverdeling en die voortsetting van oorheersende patrone van onderdukking. Dit dui daarop dat die kernstate 'n duidelike voordeel in tegnologie, beter infrastruktuur en ekonomiese mag het, terwyl die armer lande beperk word tot die rol van die verskaffing van grondstowwe en goedkoop arbeid aan die ryker state, wat dit vir hulle onmoontlik maak om ooit in te haal tot hul vlak van ontwikkeling (Evans, 1979:15; Mefalopulos, 2008:47; Waisbord, 2001:6).

Volgens Paul Baran (1957) en André Gunder Frank (1969) het afhanklikheid ontstaan as gevolg van historiese, ekonomiese en politieke faktore. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat die onderontwikkeling van arm lande deur die ontwikkeling van ryk lande veroorsaak is. Baran het selfs aangevoer dat dit in die belang van die Wes-Kapitalisme was om ekonomiese ontwikkeling van ontwikkelde lande te voorkom of te vertraag en te beheer. Dit het geïmpliseer dat dié lande eintlik onderontwikkel is. Daarmee saam is Wes-Kapitalisme as die sondebok gesien vir die uitbuiting, ongelykheid en afhanklikheid van die state op die periferie (Evans, 1979: 15; Servaes 1995 : 41; Waisbord, 2001: 6; Kapoor, 2002: 648-649; Mefalopulos, 2008: 47). Hierdie gevaar bestaan ook in kreatiewe- en handvaardigheidsprojekte aangesien projekleiers ook daarby kan baat om afhanklike projeklede te kweek. In die eerste plek verseker dit hulle magsposisie as projekleier, maar dit kan ook vir hulle tot voordeel wees om projeklede as goedkoop arbeid aan te wend om produkte te vervaardig.

Om die kringloop van afhanklikheid te verbreek het die afhanklikheidsbenadering 'n selfstandige ontwikkelingsstrategie voorgestel, waar perifere lande hulself in die wêreldmark moet onderskei deur met ander perifere lande alliansies te sluit om 'n sterker politieke teenwoordigheid te vorm.

Die uitvloeisel hiervan was die sogenaanmde ongeoorloofde beweging, 'n alliansie van 77 ontwikkelende lande. Hulle het ontwikkeling as ‘n politieke stryd gedefinieer en eise gestel vir 'n nuwe internasionale ekonomiese orde (Servaes, 2008: 17; Servaes & Malikhao, 2008: 161; Mefalopulos 2008: 49).

Die afhanklikheidsbenadering het 'n beduidende impak gehad op die ekonomiese en ontwikkelingsbeleid van 'n aantal Derde Wêreldlande in die 1970's en vroeë 1980's. Dit het gelei tot die aanvaarding van die invoervervangingsbeleid deur baie van daardie lande as 'n vorm van ekonomiese nasionalisme (Munck, 199: 61; Mefalopulos 2008: 48). Hierdie strategie het ten doel om die nasionale nywerhede van buite-kompetisie te beskerm deur hulle te subsidieer en hoë tariewe op ingevoerde produkte te stel. Die idee om die groei van huishoudelike industrialisasie te stimuleer en afhanklike bande met ryker lande te verminder, het nie soos verwag gewerk nie en het dikwels tot swak gehalte produkte en ontoereikende prosesse gelei. Hierdie strategie het gevaal aangesien baie lande ekonomies te swak was en te groot skuld las gehad het om outonoom te kon funksioneer (Mefalopulos 2008: 48).

### 2.3.1 Die rol van kommunikasie binne die afhanklikheidsbenadering

Die massamedia is daarvan beskuldig dat die media die belange van dominante klasse op die meerderheid van gemarginaliseerde groepe afdwing en daardeur uitbuiting en imperialisme versterk en ongelykheid behou (Waisbord, 2001: 6; Huesca, 2002: 4-5). Hierdie siening is weerspieël in die vurige UNESCO-debatte van die 1970's en 1980's, waarin die ontwikkelende lande in die nie-gealieerde beweging deelgeneem het. Behalwe dat hulle 'n nuwe internasionale ekonomiese orde ge-eis het, het hulle ook kommunikasie- en inligtingskwessies op die internasionale agenda geplaas deur 'n Nuwe Wêreld-inligting- en Kommunikasiebevel (NWICO) te eis (Singhal & Sthapitanonda, 1996: 17; Waisbord, 2001: 6; Mefalopulos 2008: 49 ). Die ongeoorloofde beweging was bekommerd oor die ongelyke vloei van mediaprogramme en inligting uit die ryker, meer gevorderde lande, veral die Verenigde State, wat wêreldwyd 'n dominante posisie in die produksie- en verspreidingstelsel gehad het. Hulle het geglo dat hierdie wanbalans 'n vorm van kulturele imperialisme was en wou regulasies hê om hierdie situasie aan te spreek (Singhal & Sthapitanonda, 1996: 11; Mefalopulos 2008: 49-50).

Die "afhanklikes", soos hulle ook bekend was, het geagiteer vir 'n meer gebalanseerde kommunikasievloei op internasionale vlak. Op nasionale vlak het die media egter nog steeds die staatsperspektief ondersteun en het die “afhanklikes” nie die potensiaal van privaat media en gemeenskapsmedia oorweeg nie. Mefalopulos (2008: 50) kom tot die gevolgtrekking dat hoewel daar aansienlike verskille tussen modernisering en afhanklikheidsteorieë bestaan, hul

kommunikasiemodel in wese dieselfde was: 'n eenrigting-kommunikasie-stroom. Die verskil het egter daarin gelê oor wie die boodskap beheer en stuur en vir watter doel.

### 2.3.2 Kritiek teenoor die afhanklikheidsbenadering

Die afhanklikheidsbenadering word gekritiseer vir die oorvereenvoudige verdeling van die wêreld in kern- en rand state. Dit impliseer dat die oorsake van onderontwikkeling nie ten volle verduidelik kan word en suksesvolle alternatiewe ontwikkelingsmodelle nie voorgestel is nie. Die afhanklikheidsbeandering is in wese slegs kritiek op modenisering, sonder om ‘n alternatief te bied (Singhal & Sthapitanonda, 1996: 17). Terwyl die moderniseringsbenadering op interne faktore gefokus het as oorsake van onderontwikkeling en eksterne faktore, geïgnoreer het, het die afhanklikheidsparadigma die teenoorgestelde, maar soortgelyke, fout gemaak om die oorsake van onderontwikkeling uitsluitlik aan internasionale kapitalisme toe te skryf en nie relevante interne oorsake te oorweeg wat bydra tot die probleem nie (Munck, 1999: 61-62; Kapoor 2002: 654-655; Mefalopulos 2008: 48).

Beide perspektiewe is etnosentries, wat verband hou met ekonomiese ontwikkeling as hul voorrang en gebruik dieselfde kwantitatiewe metodes om die kwessies van ontwikkeling en onderontwikkeling te analiseer (Servaes 1995: 42; Munck, 1999: 61-62; Kapoor 2002: 654-655).

Die kritiek van die afhanklikheidsbenadering is relevant vir hierdie studie want dit het aangedui dat ontwikkeling, soos dit volgens modernisering gedefinieer is, maklik tot afhanklikheid kan lei. Dit kan ook in kreatiewe ontwikkelingsprojekte gebeur waar daar kennis oordrag plaasvind of vaardighede aangeleer word dat daar afhanklikheid geskep word, eerder as wat ontwikkeling plaasvind. Die belangrike van die afhanklikheidsbenadering vir die huidige studie is, dat teoretici aangedui het dat indien bemagtiging nie plaasvind nie, kan daar nie sprake van volhoubare ontwikkeling wees nie.

Ironies is daar ook verskeie teoretici (Melkote & Steeves,2001: 199;Servaes, 1995: 42-43; 2008: 164;, Moemeka,1993: 12; Malikhao,2005: 95; 2008: 169) wat die afhanklikheidsbenadering gekritiseer as gevolg van die gebrek aan deelname wat tot bemagtiging kan lei  Dit blyk dat bemagtiging en deelname beide noodsaaklike boustene vir volhoubare ontwikkeling is. In baie gevalle is die twee konsepte verweef, maar dit kan ook wees dat bemagtiging en deelname teenoor mekaar kan staan.  Om hierdie kompleksiteit beter te verstaan, sal bemagtiging in die volgende afdeling bespreek word, waarna die beginsels van die deelnemende benadering aan die orde sal kom.

## 2.4 Bemagtiging

Soos daar 'n groter klem op volhoubare ontwikkeling geplaas is, het die konsep bemagtigting ook belangriker geword. Bemagtiging is reeds vir baie dekades 'n prominente konsep in ontwikkelingsbeleide en word as uitkoms vir ontwikkelingsprojekte gestel (Albuquerque, Santos, & Almeida, 2017; Anyaegbunam *et al.*, 2004; Bayeh, 2016). In hierdie studie word daar veral gefokus op bemagtiging in volwasse geletterdheidsprogramme en programme wat op vroue fokus.

Ten spyte van die prominensie van bemagtigting, is daar nie eenstemmigheid oor wat bemagting presies behels nie.

Paulo Freire kan gesien word as een van die grondleggers in die konseptualisering van bemagtigting soos dit relevant is vir ontwikkeling. In Freire se werk met ongeletterde volwassenes het hy geargumenteer dat mense (selfs ongeletterde mense) die vermoë het vir refleksie, konseptualisering, kritiese denke, besluitneming en beplanning (Freire, 1970; Nair & White, 1993; Thomas; , 1994, Servaes & Arnst, 1999; Servaes, 2008, 1998, 1996, 1995; Melkote & Steeves, 2001; Mefalopulos, 2004, 2008; Thomas, 2014; Wilkens et al., 2014). Deur gebruik te maak van dialoog, moes die deelnemers van die volwasse geletterdheidsprogramme, debatteer oor die konsep van kultuur as 'n sistematiese verkryging van menslike ondervinding. Hierdie debatte het gelei tot kritiese denke en die besef dat geletterdheid 'n vereistes is om deel te neem aan sy / haar wêreld en kultuur. Hierdie kritiese bewussyn was stimulerend en hoogs motiverend vir die ongeletterde persoon en het hom / haar voorberei om die agent van hul eie leer te word, terwyl die projekleier die instrumente bied om hulself te leer lees en skryf (Freire, 1969; 2006: 39 -42).

Bemagtiging beteken dus vir Freire om van onderdrukking bevry te word. Deur die proses van kritiese refleksie ontdek die "onderdrukte" hulle situasie om deur 'n "onderdrukker" beheer te word en besef hulle dat hulle iets kan doen om dit te verander. Die proses van '*conscientisation'* wat tot optrede lei, word beskou as bevryding (Freire, 1970: 65). Die bewusmaking en toewyding tot aksie van hierdie prosesse is wat die bemagtigingsproses tot gevolg het, wanneer betrokke gemeenskappe toegewyd is en eienaarskap van hul probleme neem en iets daaraan doen (Freire, 1969, 1970; Thomas, 1994: 51; White, 1994: 7-24; Inglis, 1997; Servaes, 2008: 202).

Hierdie gedagtelyn word ook in kontemporêre definisies weerspïeel. Sentrale konstrukte wat voorkom in die beskrywing van bemagtiging sluit in: kritiese refleksie; omgee en groepsdeelname, waardeur mense wat nie 'n gelyke deel van gewaardeerde bronne het nie, groter toegang verkry (Lord & Hutchison, 2009) of bloot 'n proses waardeur mense beheer oor hul lewens verkry;

demokratiese deelname in die lewe van hul gemeenskap (Rappaport, 1987) en 'n kritiese begrip van hul omgewing (Zimmerman, Israel, Schulz, Checkoway, 1992).

In gemeenskapsielkunde word bemagtigting gesien as ŉ toename in kapasiteit, beheer en toegang tot hulpbronne deur middel van deelname. Hierdie kom baie ooreen met Freire se siening van bemagtiging.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat bemagtigting ŉ komplekse proses is waar daar op die hoogste vlak sprake is van persoonlike bevryding. In die praktyk word daar egter verskillende betekenisse daaraan geheg (Dutta, 2011:252; Kemp, 2002:17; Narayan, 2005; Rahim, 1994:135). Dit sluit in verwysings na *vaardighede aanleer*, *in staat stel*, en *opleiding* wat kan impliseer dat bemagtiging slegs as gonswoord in ontwikkeling gebruik word. Die bekommernis is dat hierdie betekenisse ooreenkom met die beginsels van modernisering en maklik kan neerkom op eenrigting kennis oordrag, wat weer kan lei tot afhanklikheid. Dit kan veral gebeur tydens projekte waar kreatiewe vaardighede aangeleer word. Aan die ander kant word ook aanvaar dat bemagtiging nie sonder bepaalde kennis of vaardighede kan plaasvind nie. In hierdie studie word geargumenteer dat bemagtigting as ŉ proses gesien moet word wat begin by basiese kennis oordrag maar uiteindelik tot persoonlike bevryding moet lei ten einde volhoubare ontwikkeling en nie afhanklikheid in die hand te werk nie.

### 2.4.1 Bemagtiging as oplei / aanleer van vaardighede

Servaes en Arnst (1999:115) meen dat deur nuwe kennis aan iemand oor te dra, hoe gering ook al, word hulle bemagtig. Nyamnjoh (2010:1) redeneer dat die belegging in onderrig en opleiding van gemeenskappe hul kennis kan verbreed, hulle oplei om self besluite te neem en verantwoordelikheid te aanvaar vir hul eie ontwikkeling. Nyamnjoh (2010:1) waarsku egter dat dié investering nie net verwys na die inskerping van feite as kennis nie, maar ook ŉ stel waardes insluit om die kennis wat tydens die ontwikkelingsinisiatiewe verkry word, te kan beoordeel en die nuutgevonde kennis binne hul eie konteks te kan toepas. Hierdie onderrig en opleiding gaan oor besluitneming en verantwoordelikheid aanvaar, dit vorm ‘n hoër vlak van bemagtiging as net die blote aanleer van praktiese vaardighede. Die aanleer van vaardighede sonder die basiese beginsels van bestuur en beplanning is nie volhoubaar nie omdat hulpbronne uitgeput word en markte versadig word (Alese & Hassan, 2011:2). Die deelnemers moet leer om geleenthede vir handvaardigheidsprodukte raak te sien en die nodige hulpbronne in te samel. Die inkomste wat gegeneer word moet verdeel word sodat daar nuwe materiaal aangekoop kan word. Die inagneming van sosio-ekonomiese omstandighede is ook belangrik wanneer daar gefokus word op die tipe vaardighede wat aangeleer moet word omdat die behoeftes van gemeenskappe en individue van plek tot plek verskil asook die noodsaaklikheid van produkte wat dan die mark en

volhoubaarheid van sulke produkte sal beïnvloed (Albuquerque *et al.*, 2017; Alese & Hassan, 2011).

Freire is van mening dat tradisionele onderwys gelyk gestel kan word aan die moderniseringsbenadering. Hierdie proses van onderwys of opleiding is gesien as onderdrukkend en nie-deelnemend, hy het daarna verwys as 'banking'. Binne hierdie konsep word studente (deelnemers) gesien as voorwerpe wat lineêr met kennis gevul moes word. Hierdie kennis word bloot net ontvang deur die student (deelnemers) sonder dat dit kritiese denke stimuleer of toegepas word op hul konteks. Die bankiers of onderwysers (projekleiers) het die mag en is ryk aan kennis en inligting. Hulle plaas bloot 'deposito's', of dan die kennis, in die gedagtes van die arm of onkundige student (deelnemer). Die studente wat aan die ideologie voldoen, word dan beloon deur op te tree in die politieke, sosio-ekonomiese en kulturele struktuur wat deur die onderdrukkers voorgeskryf is (Beltrán, 1979: 165). Hierdie proses van 'banking' soos beskryf deur Freier kan moontlik gelyk gestel word aan die idee van aanleer van vaardighede. Opvoedkundige projekte loop die gevaar om nie deelnemend te wees nie en dus nie die deelnemers te bemagtig nie maar bloot net kennis oordra om vaardighede aan te leer.

In plaas van 'n 'banking'-onderwysstelsel, stel Freire 'n "probleemoplossende" onderwysstelsel voor, waarin aangevoer word dat deelnemers kritiese mede-ondersoekers van die werklikheid moet wees, in gesprek met hul projekleier. Dit skep onderwys as 'n praktyk van bevryding, in teenstelling met onderwys as die praktyk van oorheersing (Freire, 1970: 81, 103).

Soos reeds bespreek in paragraaf 2.2 moet die deelnemers eers op ŉ individuele of persoonlike vlak bemagtig word om in hul self te glo en selfstandig te kan funksioneer sodat hulle makliker in groepsverband vaardighede kan aanleer om ŉ verskil in die groter gemeenskap te kan maak.

Met die nodige selfvertroue en selfdissipline word dit dus makliker vir ŉ individu om vooruitstrewend te wees. Wanneer ŉ individu vooruitstrewend is, moet daar blootstelling gegee word aan eienaarskap sodat dit gekweek kan word en die individu se intellektuele kennis en vooruitstrewendheid deur middel van bestuur en beplanning sowel as die bemarking benut kan word. Wanneer hierdie fasette in besigheid toegepas word, is dit veilig om te sê dat eienaarskap aanvang geneem het.

Met die nodige eienaarskap en aanleer van handvaardighede word die ontwikkeling meer volhoubaar omdat die individue self die behoeftes, hulpbronne en tekortkominge kan bestuur en bepaal om sodoende 'n volhoubare mark te skep. Daarom is eienaarskap van kardinale belang in die bemagtigingsproses maar nie gelykstaande aan bemagtiging nie aangesien daar vele meer aspekte teenwoordig moet wees vir bemagtiging om plaas te vind.

Die aanleer van vaardighede alleen – ook handvaardighede in die konteks van die huidige studie – kan dus nog nie gesien word as bemagtiging nie, maar word as ŉ eerste stap beskou.

### 2.4.2 Bemagtiging as in staat stel

Individue kan hulself alleenlik help indien hulle in staat gestel word om hul omgewing en hul eie potensiaal te ontdek; geleer word om dié potensiaal doeltreffend te ontgin en oortuig word om hul vermoë in daadwerklike optrede te omskep (Weyers & Herbst, 2010:11 & 12). Dit is egter nog steeds beperkend omdat dit dikwels beperk is tot 'n bepaalde omgewing of konteks (Haugh & Talwar, 2016:4).

Die instaatstelling van ŉ individu is dus nie beperk tot die aanleer van vaardighede nie, maar ŉ psigologiese verandering in die lewenswyse, motivering en innovering van die individu. Dit is ook belangrik dat individue binne hul gemeenskap in staat gestel word om saam met gemeenskapslede binne dieselfde konteks te werk. In die konteks van die huidige studie sou dit impliseer dat kennis en vaardighede wat in een handvaardigheidsprojek bekom is, ook in 'n ander handvaardigheidsprojek toegepas behoort te kan word. Dit verhoog die kans vir volhoubaarheid van die projek.

### 2.4.3 Bemagtiging as magsdeling

Magsdeling word gesien as een van die vereistes vir bemagtiging, maar is ook een van die mees kontroversiële konstrukte in bemagtiging. Dit word dikwels aanvaar dat magsdeling impliseer dat een party moet afstand doen van mag ten einde 'n ander te kan bemagtig of die een party moet spasie maak vir die ander party om op dieselfde magsvlak te funksioneer (Albuquerque *et al.*, 2017). Die Wêreldbank het vier sleutelelemente geïdentifiseer wat magverhoudings tussen mense kan verander naamlik: toegang tot inligting, deelname, sosiale aanspreeklikheid en kapasiteit van plaaslike organisasie (Narayan, 2005).

Freier argumenteer dat die afstand tussen leerder en leermeester moet verdwyn voordat daar sprake van bemagtiging kan wees. Die onderliggende is dat die leermeester ook by leerders kan leer (Freire, 1993). Daar is reeds bestaande vaardighede wat die gemeenskapslede het en beskikbare hulpbronne waarvan hulle gebruik maak, hierdie vaardighede en hulpbronne vorm deel van die gemeenskap se identiteit en is dus belangrik om deel van die projek ook te vorm. Die projekleiers kan net soveel van die deelnemers leer deur hul kultuur en oortuigings te verstaan.

Die herverdeling van mag kan egter konflik veroorsaak, aangesien dit diegene wat se posisie afhanklik is van mag bedreig. Reaksies op sulke dreigemente is soms oordrewe, maar word

gewoonlik as minder sigbare, maar bestendige en deurlopende weerstand geopenbaar (Freire, 1970; Servaes, 2008: 202).

Rowlands (1995: 101-102) onderskei tussen die verskillende aardse magte: "power over", "power to" en "power from within". "Power over" is gemanipuleer in terme van gehoorsaamheid en oorheersing, aangesien mense beheer oor ander, byvoorbeeld dominante sosiale, politieke, ekonomiese of kulturele groepe, oor diegene wat gemarginaliseer is, en verband hou met onderdrukking. "Power to" en "power from within" is meer verwant aan bemagtiging omdat "power to" verwys na die leierskapskrag, sommige mense moet ander inspireer en hulle moraal verhoog, terwyl "power from within" die vermoë van mense is om te ontwikkel, hul vermoë en vaardighede om beheer oor hul eie omstandighede te neem.

Die kwessie van magswanbalans word beklemtoon in projekte waar daar ‘n projekleier is wat vaardighede aan deelnemers leer (Peterson, 2014) omdat die deelnemers na die projekleier opsien wat meer kennis as hulle het en dit vir hulle moet leer. Binne die betrokke ontwikkelingsprojekte is die magswanbalans ‘n uitdaging wat hulle in die oog staar omdat die deelnemers die vaardighede by die projekleiers moet aanleer. Dit sluit aan by Freire se konsep van ‘banking’ soos in vorige paragraaf bespreek, die deelnemers moet ondersoekend van hul omstandighede wees. Hierdie magswanbalans bemoeilik optimale bemagtiging omdat die betrokke partye van die ontwikkelingsprojek nie as gelykes gesien word nie. Dit word verder gekompliseer deur dat projekleiers dikwels nie van die magsposisie wil afstand doen nie en dit kan tot afhanklikheid in die projek aanleiding gee.

### 2.4.4 Bemagtiging binne die konteks van die deelnemende benadering

In hierdie studie word geargumenteer dat bemagtiging gesien moet word binne die breër konteks van die deelnemende ontwikkelingsbenadering. Hoewel aangevoer word dat opleiding (aanleer van vaardighede) en instaatstelling nie opsigself as bemagtiging gesien kan word nie, word ook aanvaar dat dié konsepte belangrike boustene in die proses van bemagtiging is.

Dit impliseer dat bemagtiging 'n proses is wat die deelname en perspektiewe van verskillende belanghebbendes insluit. Die belanghebbendes binne die betrokke studie verwys na die projekleiers en deelnemers van die onderskeie handvaardigheids- en kreatiewe ontwikkelingsprojekte. Omdat die betrokke partye op verskillende vlakke van ontwikkeling is, asook verskillende waardes en oortuigings het, moet die verskillende perspektiewe bymekaar gebring word om bemagtiging te bereik (Holden *et al.*, 2014). Hierdie perspektiewe kan slegs deur middel van dialoog en deelname met inagneming van kulturele verskille bymekaar gebring word.

In die konteks van ontwikkelingsprojekte wat op bemagtiging fokus, soos die Seboni Creativity Centre en Tsa lapeng vertaal die verskillende vlakke van bemagtiging as "mag tot" en "mag van binne" na 'n persoonlike, interpersoonlike en kollektiewevlak.

Rowlands (1995:103) verduidelik dat bemagtiging binne die breër konteks kan gesien word in drie verskillende vlakke:

- Persoonlik, waar bemagtiging handel oor die ontwikkeling van selfvertroue en erkenning van die individu se vermoëns.
- Interpersoonlike verhouding, waar bemagtiging handel oor die ontwikkeling van die vermoë om te onderhandel en die aard van die verhouding sowel as om die besluite wat daarin geneem word te beïnvloed.
- Kollektief, waar individue saam werk om ’n groter impak te maak wat hul nie alleen kon doen nie.

➢ **Persoonlike vlak van bemagtiging**

Op die vlak van persoonlike bemagtiging is daar intrapersoonlike, interaksionele en gedragskomponente. Die intrapersoonlike komponent verwys na selfpersepsie en die manier waarop mense dink oor hul vermoë om sosiale en politieke stelsels wat vir hulle belangrik is, te beïnvloed. Dit sluit in deelnemende gedrag, motivering om beheer uit te oefen, en gevoelens van effektiwiteit en beheer. Die interaksionele komponent verwys na die transaksies tussen persone en omgewings wat hulle in staat stel om hierdie selfde stelsels suksesvol te bemeester. Kennis van die nodige hulpbronne, hoe om hulle te mobiliseer, ontwikkelingsagente of fasiliteerders te verstaan, 'n kritiese bewustheid van die omgewing en die ontwikkeling van besluitnemings- en probleemoplossingsvaardighede wat nodig is om aktief betrokke te raak in die omgewing, word in die interaksionele komponent ingesluit. Die gedragskomponent verwys na deelnemende aksie in organisasies of die gemeenskap (Peterson, 2014; Zimmerman, 2000)

➢ **Interpersoonlike verhoudingsvlak van bemagtiging**

Interpersoonlike bemagtiging word gedefinieer as die organisatoriese pogings wat ontwikkelingsprojekte onder sy lede genereer, sowel as organisatoriese doeltreffendheid om sy doelwitte te bereik. Dit sluit gedeelde leierskap in, geleenthede om vaardighede, uitbreiding en effektiewe gemeenskapsinvloed te ontwikkel (Peterson, 2014; Zimmerman, 2000). Die deelnemers van die handvaardigheidsprojekte behoort bymekaar te leer en mekaar te ondersteun. Daar kan ‘n leier tussen die deelnemers gekies word wat voorvat

sodat hulle mekaar kan bemagtig om voort te gaan. Freire (1993) sluit hierby aan deur te verduidelik dat gemeenskapslede verantwoordelik is vir hul eie ontwikkeling deur die omstandigehede te ontdek. Die gemeenskapslede moet by mekaar leer om saam hul omstandighede te verstaan en beheer te neem daaroor.

- **Kollektiewe bemagtigingsvlak van bemagtiging**
  Kollektiewe bemagtiging verwys na pogings om gemeenskapsbedreigings af te weer, lewenskwaliteit te verbeter en om deelname van burgers te bevorder. Bemagtigde gemeenskappe bestaan uit bemagtigde individue en organisasies wat in verskillende tye verskillende perspektiewe oorweeg tydens konfliktyd (Schulz et al., 1993; Zimmerman, 1995; Peterson & Zimmerman, 2004: 130).

Karl (1995:14) verduidelik dat die bemagtigingsprosesse individueel sowel as kollektief gesien kan word omdat mense gewoonlik hul vermoë om beheer te neem besef sodra hul aan groepaktiwiteite deelneem. Om volhoubaarheid binne die ontwikkelingsprojekte te verseker is dit belangrik dat bemagtiging binne al drie die bogenoemde kontekste plaasvind.

Die blote toegang tot hulpbronne, inligting en besluitneming is nog nie bemagtiging nie daarom is dit belangrik dat hierdie mag binne die gemeenskap of individue gestimuleer moet word sodat hul kan glo dat hulle daartoe in staat is en die reg het om aan besluite deel te neem en hul omstandighede te beïnvloed.

Teorieë van bemagtiging sluit beide prosesse en uitkomste in, wat suggereer dat aksies, aktiwiteite of strukture bemagtig kan word en dat die uitkoms van sulke prosesse 'n vlak van bemagtiging tot gevolg het (Swift & Levin, 1987; Zimmerman, in pers). Beide bemagtigingsprosesse en -uitkomste wissel in hul uiterlike vorm omdat geen enkele standaard sy betekenis in alle kontekste of bevolkings ten volle kan verrig nie (Rappaport, 1987; Zimmerman, 2000).

Die bemagtigingsvlakke soos hierbo beskryf, veral op die individuele vlak, dui die praktiese verhouding tussen bemagtiging en deelname aan. Besondere gedrag kan lei tot bemagtiging, maar selfversekerde en vaardige individue is ook meer geneig om deel te neem aan projekte sowel as die gemeenskapsinstellings. Die gemeenskap se eie kennis en hulpbronne dien hier as sosiale/menslike kapitaal wat ’n onmisbare rol speel in ontwikkeling en selfvertroue by individue in die groep kweek (Nyamnjoh, 2010:1). Deur middel van die deelnemende proses word individue sekere vaardighede geleer wat hul daartoe in staat stel om aan te pas by prosesse van hul eie sosiale verandering inplaas daarvan om net by die proses van die Westerse idees van ontwikkeling aan te pas (Malan, 1998:52; Waisbord, 2001:17).

Dit het uit bogenoemde geblyk dat deelname, dialoog en die erkenning van kulturele identiteit belangrike konstrukte van bemagtiging vorm van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie. In hierdie studie word bogenoemde konstrukte onderskryf as die grondslag vir bemagtigingskommunikasie, maar daar word geargumenteer dat waar daar sprake is van die aanleer van vaardighede hierdie beginsels nie sondermeer toegepas kan word nie. Dit is teen hierdie agtergrond wat daar in die volgende afdeling ondersoek gedoen gaan word na hoe bemagtigingskommunikasie gekonseptualiseer kan word. Die sentrale uitgangspunt is dat die beginsels van die deelnemende benadering die grondslag vorm, maar dat daar soms ook ruimte is vir eenrigting kennis oordrag of die aanleer van vaardighede.

### 2.4.5 Beginsels van die deelnemende benadering relevant tot bemagtigingskommunikasie

Die doel van die deelnemende benadering tot ontwikkeling is om mense te bevry, of te wel te bemagtig, deur middel van deelname. Gemeenskapslede moet daarom die geleentheid kry om individueel en as groep te kommunikeer en besluite te kan neem (White, 1994: 15-34; Thomas, 1994: 49; Servaes , 1994: 40-45; 73-80; 1996: 74-77).

Terwyl vorige ontwikkelingsbenaderings gefokus was op die blote oordrag van inligting is daar sekere konsepte soos dialoog, deelname en kulturele identiteit waarop die deelnemende benadering ŉ groot klem lê (Servaes 2004: 45; Servaes & Malikhao; 2005: 95; 2008: 169). Die kommunikasie word dus verskuif vanaf horisontaal, eenrigting van aard na ŉ meer deelnemende, tweerigtingproses. Dit impliseer dat die deelnemers van die ontwikkelingsprojekte, of te wel die gemeenskap, as die kern en middelpunt van die ontwikkeling gesien word.

### 2.4.6 Deelname

Die filosofie van Freire dui aan dat die proses van kommunikasie deur dialoog lei tot deelname, bevryding en eindelik bemagtiging van mense wat tot selfstandigheid lei (of selfbestuur) (Freire, 1970; Nair & White, 1993, Thomas, 1994, White, 1994: 7-8). Die dialogiese verwantskap tussen deelname en dialoog kan nie net lei tot bemagtiging nie, maar vorm ook ŉ integrale deel van die bemagtigingskommunikasieproses.


Dit is onwaarskynlik dat ontwikkelingsprojekte die groter gemeenskap of groep gaan bemagtig (sien paragraaf 2.4), voordat die individue of deelnemers nie eers bemagtig is nie.

Servaes en Malikhao (2005: 95) beklemtoon dat gemeenskapsinteraksie, samewerking en deelname belangrik is wanneer enige besluitnemingsproses vir ontwikkeling gemaak word, hetsy in die vorm van inligting, kennis, vertroue of toewyding in projekte.

Dit is duidelik dat deelname dus ‘n belangrike komponent van die bemagtigingsproses is. Daar is egter verskillende interpretasie van deelname binne die bemagtigingsproses.

Ontwikkelingsliteratuur toon verskillende vlakke van deelname, en verskillende skrywers het soortgelyke, alhoewel wisselende, stelle vlakke, fases en maniere van deelname geïdentifiseer. Sommige is 'ware' deelname, terwyl ander as vals- of skyndeelname gesien word. Laasgenoemde word deur die projekleiers geskep om die deelnemers te manipuleer om te dink dat hulle deelgeneem het en 'n uitspraak in die ontwikkelingsproses het (Ayee, 1993; Bayeh, 2016; Dorsner, 2004).

Een van die eerste modelle wat deelname probeer klassifiseer, was Arnstein se leer van gemeenskapsdeelname (Arnstein, 1969: 216-224). Sy het gemeenskapsdeelname geklassifiseer volgens die hoeveelheid mag waaroor deelnemers beskik en dit geïllustreer deur middel van 'n leer met agt vlakke. Die agt vlakke is gegroepeer in drie groepe van deelname:





**Figuur 2-1:** **Arnstein (1969) se vlakke van deelname**

Arnstein (1969: 216-224) kwalifiseer self dat die agt-ledige leer 'n vereenvoudiging is, maar dit help om die punt te illustreer dat daar verskillende vlakke van gemeenskapsdeelname is. Arnstein maak die argument dat deelname op die hoogste vlak van die leer behoort te lê. Wat veral belangrik is vir die huidige studie, is die verband wat Arnstein tussen deelname en mag aantoon. Die onderliggende argument is dat op hoe hoër vlak die deelname is, hoe meer magsdeling vind plaas.

Waisbord (2001:20) waarsku egter dat deelname op die hoogste vlak nie altyd tot die suksesvolle bereiking van doelwitte sal lei nie, aangesien gemeenskappe nie sonder kennis en ervaring die hoogste vlak van deelname in 'n ontwikkelingsprojek kan bereik nie. Hoewel die leer as 'n normatiewe riglyn beskou word om deelname te evalueer, is dit nodig om die gemeenskap se kulturele en sosiale kontekste soos spesifieke kommunikasiesisteme, vlakke van onderrig en sosiale strukture in ag te neem wanneer die ideale vlak van deelname bepaal word. In hierdie studie word geargumenteer dat deelnemers eers op die laer vlakke bemagtig moet word. Dit kan dus selfs bemagtiging deur middel van skynbare deelname insluit, maar dit moet altyd binne die raamwerk van bemagtiging plaasvind. Dit impliseer dat hulle behoeftes in ag geneem moet word en dat hulle moet deelneem aan die ontwikkeling van die inhoud van ontwikkelingsprojekte. Dit is egter nie voldoende nie, namate die deelnemers bemagtig word, moet daarna gestreef word dat deelname moet toeneem om op die vlak van gemeenskapsbeheer te wees. Dit hou verband met die verskillende vlakke van bemagtiging soos bespreek in paragraaf 2.4.4, die deelnemers moet eers op 'n persoonlike vlak bemagtig word ten einde op kollektiewe vlak bemagtig te word. Dit sal dan ook deelname verhoog.

Yoon (1996) maak 'n onderskeid tussen deelname in verskillende fases van 'n ontwikkelingsprojek. Nie net moet die deelnemers voldoen aan die vlakke van deelname nie, maar moet hul ook deelneem aan die fases van die projek waar daar verskillende vlakke toegepas kan word. Daar word egter altyd in 'n projek besluite geneem namate die projek die verskillende fases bereik. Deelname aan besluitneming in al die fases - beplanning, implementering, bestuur en evaluering is dus noodsaaklik om werklike bemagtigde deelname te verkry.

Figuur 2.2 stel deelname aan die verskillende fases van ontwikkeling voor wat ontwerp is om die gemeenskap se lewenskwaliteit uiteindelik positief te verander (Coetzee, 2001:162; Dervin, 1999:172; Esau, 2007:192; Jennings, 2000:1).




**Figuur 2-2: ’n Effektiewe gemeenskapsdeelnemende vierstapsfase riglyn vir ontwikkelingsprojekte (Boshoff, 2013)**

Hierdie betrokkenheid by die verskillende fases, soos die navorsing, behoeftebepaling, implementering en evaluasie, beteken nie net om die gemeenskap in te lig of te betrek by die fases nie, maar die ideaal is dat hulle ook deelneem aan die *besluitneming*sprosesse in al die fases wat relevant is vir die ontwikkelingsproses (Esau, 2007:192; Jacobson & Kolluri, 1999:267). Die verskillende vlakke van deelname kan dus ook in verskillende fases van die ontwikkelingsproses verskil.

Die moontlikheid van manipulasie van die gemeenskap deur ontwikkelingsagente is 'n baie ware en geldige besorgdheid, daarom is die aard van mag in verhoudings uiters belangrik. Soos bespreek in paragraaf 2.4.3 is dit belangrik dat die projekleiers net soveel van die deelnemers leer soos wat die deelnemers van die projekleiers leer. Daar moet ‘n gelyke magsverhouding wees sodat die deelnemers betrokke kan wees by alles fases van die projek sonder om gemanupileer te word.

Freire beweer dat sosiale transformasie verkry kan word deur middel van praxis (refleksie en aksie), maar dat die verandering nie afhanklik is van die leiers as denkers en die onderdrukte as daders of aktiviste nie, want dit sal voortgaan in die manipulasie van die onderdrukte. Die

onderdruktes moet betrokke wees by praktyke en dus deelneem aan reflektering en optree op hul eie situasie (Freire, 1993: 126).

Sonder deelname van die gemeenskappe word ontwikkeling en sosiale verandering net nog 'n vorm van oorheersing waar ander mense se idees (die projekleiers) op die gemeenskap of deelnemers afgedwing word, soortgelyk aan "bankopleiding" soos deur Freire beskryf (sien paragraaf 2.3.1). Die proses van deelname wat tot sosiale verandering lei, kan egter nie sonder dialoog plaasvind nie.

Met bogenoemde besprekings in gedagte, kan die eerste teoretiese stelling van hierdie betrokke studie soos volg geformuleer word:

#### 2.4.6.1 Teoretiese uitgangspunt 1: Deelname

*Hoewel aanvaar word dat deelname nie van die begin af op die hoogste vlak behoort te wees nie, behoort deelnemers die vlak van gemeenskapsbeheer en kollektiewe besluitneming in al die fases van 'n projek na te streef. Dit beteken dat daar in die einddoel ‘n vlak van eienaarskap in die beplanning, implementering, bestuur en evaluering van die projek behoort te wees.*

### 2.4.7 Dialoog

Volgens Waisbord (2001:2) vorm dialoog die grondslag van die deelnemende kommunikasiebenadering, maar soos in die geval van deelname is dialoog ook moeilik om te konseptualiseer en is daar verskeie interpretasies wat daaraan geheg word. Eenvoudig gestel is dialoog, 'n gesprek tussen twee of meer mense waarin deelnemers probeer om te verduidelik wat elkeen dink en glo. Dialoog self vorm 'n minimale vorm van samewerkende, kollektiewe aksie. Die onderliggende aanname van dialoog is dat beide partye bereid moet wees om te praat en meer belangrik om te luister (Kincaid & Figueroa, 2009: 510). Buber gebruik dialoog as die etiket vir die kwaliteit van kontak wat vir mense bestaan deur te praat en te luister. Dialoog, waar individue nie net praat nie, maar ook na mekaar luister, is dus noodsaaklik vir die belangrikheid van mense en om die wêreld waarin hulle leef, te transformeer (Stewart et al., 2004: 33). Freire se doel van dialoog is nie oorreding nie, maar transformasie deur die begrip van mekaar as mense wat 'n gemeenskaplike stryd deel te vertaan. Dus binne die ontwikkelingsprojekte is dit belangrik dat die deelnemers na die projekleiers luister maar dit is net so belangrik dat die projekleiers na die deelnemers luister en daar gelyke geleenthede vir kommunikasie gebied moet word. Wanneer die projekleiers bereid is om na die deelnemers ook te luister en by hulle te leer sal daar ‘n verskil in die magsafstand onstaan. Die twee partye sal mekaar as hul gelykes begin sien omdat altwee by mekaar leer.

Die twee betrokke partye in die ontwikklelingsprojekte moet mekaar ten volle kan verstaan deur gesprek te voer sodat hul tot die beste belang van die verskillende partye kan optree om bemagtiging en ten einde ontwikkeling te kan verseker. Daar moet 'n gelyke geleentheid aan beide partye geskep word om deel te neem aan die dialoog. Rahim (1994: 131) se denke hou verband met Freire se filosofie deur te verklaar dat almal 'n gelyke reg het om te praat en gehoor te word in deelnemende dialoog. Dus is dit van kardinale belang dat erkenning en respek vir die ander spreker 'n selfbepalende onderwerp moet wees, nie net 'n voorwerp van kommunikasie nie, en om te kan vertrou dat hul stem nie onderdruk sal word of saamgesmelt word met ander stemme nie.

Freire (1970; 2006: 45) definieer dialoog as die kreatiewe vermoë van die mens om 'n stem te kan hê en dit sodoende in 'n gesprek te kan gebruik, om jouself aan ander te verduidelik. Hierdie vermoë, volgens Freire, gee betekenis aan die menslike bestaan en skep vryheid vir die mensdom. Dialoog moet nie as 'n instrument van oorheersing of onderdrukking gebruik word nie en moet nie verminder word tot 'n gedagte om idees aan ander ('banking' konsep) oor te plaas nie, of 'n blote uitruil van idees wat verbruik moet word nie (Freire, 1970; 2006: 45).

Volgens Servaes (1995: 46, 1996: 79) word Freire se idee van dialogiese kommunikasie algemeen aanvaar as 'n normatiewe teorie van deelnemende kommunikasie.

Terwyl Buber slegs voorbeelde van dialoog tussen twee persone gebruik het, beperk Freire dit nie tot twee persone nie, maar hy beweer dat twee perspektiewe of spanposisies verteenwoordig moes word, byvoorbeeld onderdrukker / onderdrukte. Enige aantal mense kan in dialoog betrek word en hierdie gehalte van kontak kan 'n gedeelde betekenis en gemeenskaplike bewussyn skep wat 'n energie of krag tot gevolg het wat aangewend kan word om organisatoriese en individuele transformasie te bevorder (Stewart et al., 2004: 34-35).

Rahim (1994: 130) bevestig die kompleksiteit van dialoog deur verder te onderskei tussen interne en eksterne dialoog. Interne dialoog verwys na 'n persoon se selfbeeld en dat hulle intern redeneer en 'n ander persoon se sosiale posisie probeer verstaan terwyl sy eie wêreld beskouing bevraagteken of krities ondersoek word. Eksterne dialoog verwys na die individu se vermoë om tussen meer as een ander deelnemers aan verskillende kommunikasie mediums deel te neem. Dus moet die individu in 'n groep kan kommunikeer en sy omstandighede kan verduidelik.

Dialoog kan nie van sy konteks geskei word nie, insluitend die ekonomiese, sosiale, politieke en kulturele verhoudings van die kommunikeerders, omdat hierdie elemente die proses van betekenisverwerking beïnvloed (Rahim, 1994: 135). In ontwikkeling is sosio-ekonomiese en kulturele faktore soos ras, godsdiens, klas, beroep, geslag, taal en subkulturele tradisies almal

met mekaar verbind (Rahim, 1994: 118). Dialoog word dus in die huidige studie beskou as die gelyke geleentheid tot gesprek tussen twee partye om hulle kontekste en idees uit te ruil. ‘n Wyse waarop begrip verkry kan word.

Met inagneming van die bogenoemde verwante uitgangspunte kan die dialoog in 'n ontwikkelingsverband soos volg opgesom word: Dialoog, gebaseer op wedersydse vertroue en respek, is 'n horisontale proses van praat en luister tussen deelnemers, met deelnemers wat voortdurend oorskakel tussen luister en praat, om te deel en te reflekteer oor behoeftes en probleme, en dan op te tree om dit te omskep. Dit is 'n sinvolle proses wat nie van konteks geskei kan word nie, en dit versprei mag eweredig tussen deelnemers omdat beide praat en luister terwyl hulle kommunikeer en in samewerking tree. Die gedeelde betekenis, vennootskap en gevolglike vermoë om situasies te transformeer, het die vermoë om mense op individuele en kollektiewe vlak te bemagtig.

#### 2.4.7.1 Teoretiese uitgangspunt 2: Dialoog

*Om te verseker dat bemagtiging in ontwikkelingsprojekte plaasvind om 'n verskil in die gemeenskap te maak, moet die betrokke partye op ‘n tweerigting-horisontale dialogise wyse met mekaar kommunikeer. Dialoog vind plaas in 'n omgewing van wedersydse vertroue en respek tussen deelnemers, met die wete dat die deelnemers sowel as die projekleiers 'n gelyke reg en geleentheid het om aan die dialoog deel te neem en bereid is om te luister en praat sodat hul bemagtig word om deel te neem op ‘n dialogiese wyse. Hierdie dialoog sal ook die deelnemers bemagtig om te redeneer en sin te maak van hul omstandighede sodat hul beheer daaroor kan kry. Dialoog bied die geleentheid vir ‘n groep om hul idees te kommunikeer wat hul bemagtig om saam te werk en nuwe vaardighede bymekaar te leer.*

### 2.4.8 Kulturele identiteit

Bemagtiging fokus op die proses waarin individue, organisasies of die gemeenskap vryheid in hul keuses ervaar en beheer oor omstandighede en besluite verkry wat hul lewens beïnvloed (sien paragraaf 2.4). Dit het tot gevolg dat hulle hul vermoë, toegang tot hulpbronne en sosiale geregtigheid verhoog (Rappaport 1987; Zimmerman & Rappaport 1988; White; 1994; Melkote and Steeves 2001; Ander et al., 2001). Hierdie bemagtigingsuitkomste kan politieke, ekonomiese en sielkundige bemagtiging insluit wat op individuele en / of kollektiewe vlak plaasvind (Aber et al., 2011: 2). Politieke, ekonomiese en sielkundige bemagtiging hou direk verband met ‘n individu se kulturele identiteit. Om deel te neem aan politieke en ekonomiese aksies in die gemeenskap moet die individu en die gemeenskap se kulturele identiteit eers verstaan en in ag geneem word.

Kultuur verwys na handelinge wat mense op ’n sekere wyse doen, hoe mense die wêreld sien en

hoekom mense op 'n sekere manier reageer teenoor byvoorbeeld boodskappe en opinies van mense (Quappe & Cantatore, 2007:1). Dit is daarom belangrik om te begryp dat mense uniek is en dat mense se ervaringe, geloof, waardes en taal, om maar 'n paar voorbeelde te noem, 'n effek het op die manier hoe hulle met ander mense in die gemeenskap kommunikeer. Die kultuur van 'n gemeenskap kan verstaan word deur die aanwending van kennis en deur verhoudinge so te versterk dat mense (gemeenskapslede) jou (byvoorbeeld as ontwikkelingsprojek) vertrou en verstaan (Simmons, 2008:12).

Kulturele identiteit moet nie in die ontwikkelingsproses geïgnoreer word nie, aangesien dit die aard en sukses in terme van die deelnemers se toewyding en oortuigings en motivering van 'n projek kan bepaal en die deelname van gemeenskappe bevorder. Kulturele identiteit sluit onder meer 'n individu of gemeenskap se wêreldbeskouing en waardes, inheemse kennis, tradisies, gebruike, oortuigings en simbole in, wat alles 'n invloed op kommunikasie tussen die projekleiers en die deelnemers het (Malan, 2006: 679).

UNESCO se Wêreldkommissie vir Kultuur en Ontwikkeling (De Cuellar 1995: 82) noem sommige van die gebruike van kultuur wat ontwikkeling op die voetsoolvlak fasiliteer soos: die bevordering van groepidentiteit, die opwekking van sosiale energie, die oorkoming van gevoelens van minderwaardigheid en vervreemding, bevordering van demokratiese diskoers en sosiale bemiddeling om die uitdagings van kulturele verskille te hanteer, om bewustheid te onderrig en te verhoog, om kreatiwiteit en innovasie te bevorder, en direk deur die produksie van goedere en dienste in die ekonomie te betree (Malan, 2006: 678). Die bogenoemde konsepte hou verband met interpersoonlike vlak van bemagtiging (sien paragraaf 2.4) waar die deelnemers eers in hul onmiddellike omgewing en met die ander deelnemers aan die ontwikklelingsprojek op 'n vlak van gelykheid en bemagtiging moet kom.

Die verwysing na inheemse kennis in ontwikkelingsliteratuur is gewoonlik in die konteks van volhoubare ontwikkeling, natuurlike hulpbronbestuur en landbou en word dan teen Westerse wetenskaplike benaderings en onderwys verreken (Fernando, 2003; Buthelezi & Hughes, 2014; Khupe et al., 2016).

Fernado (2003: 56), hoewel hy erken dat inheemse kennis 'n dubbelsinnige term is om te definieer, beskryf dit as 'n unieke eienskap van 'n gemeenskap, kultuur of groep en dit vorm die basis vir besluitneming op plaaslike vlak in landbou, gesondheid en natuurlike hulpbron bestuur. Die inheemse kennis van 'n gemeenskap vorm die basis van 'n gemeenskap se kultuur en bepaal hoe daardie gemeenskap gekommunikeer of uitgebeeld gaan word aan eksterne kundiges. Die inheemse kennis vorm deel van 'n individu of groep se identiteit en dit vorm 'n bepaalde denkwyse. 'n Gemeenskap se inheemse kennis word weerspieël deur die gemeenskap se

gedrag.

Inheemse kennis vorm deel van ’n individu se kulturele identiteit en kan ’n onvervangbare bydrae tot ‘n ontwikkelingsprojek bring. Waisbord (2001:18) verduidelik dat ontwikkeling die gebruik van inheemse kennis in plaas van eksterne kennis of kennis van eksterne deskundiges of ontwikkelingsagente moet beklemtoon. Dit beteken nie dat eksterne kennis totaal buite rekening gelaat moet word nie, maar dat die inheemse kennis voordeel moet geniet. Die deelnemers van die betrokke studies het reeds vaardighede wat hulle al aangeleer het wat ‘n bydrae tot die beplanning en ontwikkeling van die projekte kan lewer. Die projekleiers moet die deelnemers se reeds bestaande vaardighede in ag neem wanneer hulle nuwe vaardighede wil aanleer omdat dit moontlik die aanleerproses en kommunikasieproses kan beïnvloed en vergemaklik.

Die Internasionale Kommissie vir die Studie van Kommunikasieprobleme beklemtoon gemeenskapsdeelname op enige vlak van besluitneming in ontwikkelingsprogramme en vereis 'n nuwe ingesteldheid om stereotipiese denke te oorkom om meer begrip van diversiteit en pluraliteit te bevorder, terwyl die waardigheid en gelykheid van verskillende kulture in ag geneem moet word (MacBride, 1980: 254). Perez de Cuellar (1995), kom tot 'n verwante gevolgtrekking dat ontwikkeling nie uit sy kulturele konteks verwyder kan word nie of verminder word tot 'n minderwaardige rol om slegs ekonomiese groei te bevorder en dat respek vir alle kulture waarvan die waardes verdraagsaam is teenoor ander, moet bevorder word (De Cuellar 1995: 15, 25; Servaes, 1998: 123).

Waar modernisering kultuur, tradisie en godsdiens as struikelblokke gesien het, sluit die deelnemende benadering kultuur in en bepleit die respek en verdraagsaamheid vir kulturele identiteit, kulturele verskille en kultuurvryheid. Aangesien kulturele identiteit die aard van kommunikasie en deelname beïnvloed, moet dit oorweeg en gerespekteer word. In situasies waar mense van verskillende kulture saamwerk 'n gedeelde waardesisteem en konteks het, kan 'n groepidentiteit geskep word en versterk word wat vertroue en deelname kan verhoog. Inheemse kennis speel ‘n belangrike rol in opvoedkundige projekte omdat die deelnemers hul reeds bestaande vaardighede en kennis aan die projekleiers moet oordra sodat hul die magsafstand kan verklein. Die projekleiers kan baie van die deelnemers se inheemse kennis leer om ‘n verstaan van hul ontwikkeling en omstandighede te verkry. Die inheemse kennis word ook gebruik om die projekte toepaslik op die spesifieke gemeenskap te maak, daar moet gebruik gemaak word van reeds bestaande vaardighede en hulpbronne. Wanneer inheemse kennis in ‘n ontwikkelingsprojek toegepas word, sal die deelnemers makliker deelneem en eienaarskap neem omdat hul tuis voel.

Vanuit die bogenoemde bespreking kan die laaste teoretiese stelling as volg saamgestel word:

#### 2.4.8.1 Teoretiese uitgangspunt 3: Kulturele identiteit

*Ontwikkelingsprojekte moet hul eie kulturele identiteit skep en bevorder terwyl hulle die kulturele diversiteit van die projekleiers en die deelnemers in ag neem en respekteer. Die gebruik van inheemse kennis kan 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van die projek lewer. 'n Gedeelde waardesisteem en respek vir verskille kan lei tot verhoogde vertroue, deelname en ten einde bemagtiging.*

## 2.5 Gevolgtrekking

Ter beantwoording van die eerste navorsingsvraag naamlik:

> *Hoe kan bemagtigingskommunikasie gekonseptualiseer word in die konteks van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie met betrekking tot handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte?*

Bemagtigingskommunikasie is gegrond op die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkeling en het die bemagtiging van die gemeenskap ten doel. Die bemagtigingskommunikasieproses is 'n deurlopende kommunikasieproses wat beoog om die deelnemers te bemagtig tot eienaarskap sodat die projek volhoubaar bestuur kan word. Bemagtigingskommunikasie word gebruik as fasiliteerder vir die konsepte van die deelnemende benadering om bemagtiging, ten einde volhoubare ontwikkel, te verseker.

Bemagtiging word dus bereik deur die inagneming van verskeie aspekte soos deelname, dialoog en kulturele identiteit waar projekleiers en deelnemers van die ontwikkelingsprojekte op 'n neutrale vlak 'n intieme, deursigtige verhouding kan bou en bemagtiging die hoofdoel van die kommunikasie proses maak. 'n Verhouding waar beide partye oop en eerlike kommunikasie met mekaar kan handhaaf om sodoende mekaar se ware sterkpunte en tekortkominge deurlopend te kan aanvaar, verstaan en respekteer. Bemagtigingskommunikasie moet dus klem plaas op drie vlakke van bemagtiging soos geïdentifiseer deur Rowlands (1995) (paragraaf 2.4.4).

Met die deurlopende kommunikasie, begrip en inagneming van ander se perspektiewe kom mens tot 'n hele nuwe insig oor problematieke situasie in 'n gemeenskap, groep of individue wat dit soms moeilik maak vir gemeenskappe, groepe of individue om te ontwikkel.

Die bemagtigingskommunikasieproses maak vir projekleiers deure oop wat die nodige kennis en begrip teweegbring en huisves. Wanneer projekleiers die sosiografie van 'n gemeenskap verstaan, die beskikbare hulpbronne kan identifiseer sowel as die behoeftes van die gemeenskap stel dit die projekleier in staat om die regte vaardighede oor te dra aan die projekdeelnemers.

Daar is drie rigtinggewende teoretiese uitgangspunte wat opgestel is uit die basiese beginsels van die bemagtigingskommunikasieproses soos dit betrekking het op bemagtiging en wat toegepas word in Hoofstuk 4 om die mate waartoe handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte kan bydrae tot bemagtiging in die konteks van die deelnemende kommunikasieperspektief, naamlik:

**Teoretiese uitgangspunt 1: Deelname**

*Hoewel aanvaar word dat deelname nie van die begin af op die hoogste vlak behoort te wees nie, behoort deelnemers die vlak van gemeenskapsbeheer en kollektiewe besluitneming in al die fases van 'n projek na te streef. Dit beteken dat daar in die einddoel 'n vlak van eienaarskap in die beplanning, implementering, bestuur en evaluering van die projek behoort te wees.*

**Teoretiese uitgangspunt 2: Dialoog**

*Om te verseker dat bemagtiging in ontwikkelingsprojekte plaasvind om 'n verskil in die gemeenskap te maak, moet die betrokke partye op 'n tweerigting-horisontale dialogise wyse met mekaar kommunikeer. Dialoog vind plaas in 'n omgewing van wedersydse vertroue en respek tussen deelnemers, met die wete dat die deelnemers sowel as die projekleiers 'n gelyke reg en geleentheid het om aan die dialoog deel te neem en bereid is om te luister en praat sodat hul bemagtig word om deel te neem op 'n dialogise wyse. Hierdie dialoog sal ook die deelnemers bemagtig om te redeneer en sin te maak van hul omstandighede sodat hul beheer daaroor kan kry. Dialoog bied die geleentheid vir 'n groep om hul idees te kommunikeer wat hul bemagtig om saam te werk en nuwe vaardighede bymekaar te leer.*

**Teoretiese uitgangspunt 3: Kulturele identiteit**

*Ontwikkelingsprojekte moet hul eie kulturele identiteit skep en bevorder terwyl hulle die kulturele diversiteit van die projekleiers en die deelnemers in ag neem en respekteer. Die gebruik van inheemse kennis kan 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van die projek lewer. 'n Gedeelde waardesisteem en respek vir verskille kan lei tot verhoogde vertroue, deelname en ten einde bemagtiging.*

In die volgende hoofstuk bespreek die navorser die navorsingsbenadering- en metodes wat tydens die studie gebruik is om die *Seboni Creativity Centre* en *Tsa Lapeng* ontwikkelingsprojekte te ondersoek.

# HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP EN -METODES

## 3.1 Inleiding

Die doel van hierdie studie is om die mate waarin handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte tot bemagtiging binne die konteks van die deelnemende kommunikasieperspektief kan bydra, te ondersoek. Die navorsingsontwerp sluit 'n literatuuroorsig in, wat in die vorige hoofstuk aan die orde gekom het om die beginsels van bemagtiging binne die deelnemende kommunikasiebenadering te bespreek en spesifieke teoretiese argumente aan te voer ten einde bemagtigingskommunikasie te konseptualiser. Hierdie teoretiese argumente wat in die literatuurstudie geformuleer is, gaan in hierdie hoofstuk as analitiese raamwerk dien vir die onderhoudskedules wat gebruik gaan word in die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe. Dit sal ook as riglyn dien vir die toepassing van die deelnemer-waarnemertegniek.

In hoofstuk 1 (sien paragraaf 1.10.2) word die kwalitatiewe navorsingsbenadering en betrokke-metodes wat in hierdie studie gebruik is kortliks bespreek. Die doel van die hierdie hoofstuk is om 'n meer omvattende beskrywing van die navorsingsontwerp en -prosedures wat in hierdie studie gevolg is, te bespreek.

Eerstens word die kwalitatiewe navorsingsbenadering bespreek om die toepaslikheid daarvan vir die huidige studie te motiveer. Daarna word die navorsingsmetodes wat vir die inligting-insamelingsproses gebruik is, naamlik semi-gestruktureerde onderhoude, fokusgroepe en deelnemer-waarnemer bespreek. Daar sal telkens aangetoon word waarom daar op hierdie bepaalde navorsingsmetodes besluit is en ook hoe die verskillende metodes in die studie toegepas is. Nadat die navorsingsmetodes en die wyse waarop dit uitgevoer is, bespreek is, word leemtes en struikelblokke wat tydens die navorsingsproses teëgekom word, bespreek.

## 3.2 Kwalitatiewe navorsingsbenadering

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering is 'n vorm van sosiale ondersoek wat daarop gemik is om die sosiale realiteit van individue, groepe en kulture en hul ervaring, gedra en persepsies te verstaan. Hierdie benadering word gebruik om verskynsels in hul natuurlike omgewing te bestudeer en dit dan te interpreteer in terme van die betekenis wat mense daaraan heg (Babbie & Mouton, 2007; Denzin & Lincoln, 2003:3). Kwalitatiewe navorsing het die potensiaal om kompleksiteit deur middel van ryk betekenisse op 'n holistiese wyse oor te dra terwyl dit in die konteks toegepas word.

Hierdie navorsingsbenadering is gepas vir die betrokke studie omdat dit die navorser die geleentheid bied om die kommunikasie, verhoudings en persoonlike ervarings op ‘n verstaanbare wyse te interpreteer en te beskryf. Deur middel van ‘n kwalitatiewe benadering kan die plaaslike gemeenskap, of te wel die deelnemers, se persepsies op ‘n holistiese wyse geïnterpreteer word aan die hand van bemagtingskommunikasie. Die sosiale verskynsel wat in hierdie studie ondersoek word is bemagtigingskommunikasie teen die raamwerk van bemagtiging en deelname in die konteks en vanuit die persepsies van die deelnemers van die betrokke handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte.

Teen hierdie agtergrond word die toepaslike eienskappe van die kwalitatiewe benadering vir hierdie studie vervolgens bespreek.

- **Perspektiewe van deelnemers word verkry**

Die grootste deel van die huidige studie fokus op die persepsies van die deelnemers en projekleiers oor die aard van die kommunikasie (bemagtigingskommunikasie) gedurende die bemagtigingsproses in die projek. Kwalitatiewe navorsing stel die navorser in staat om sodanige persepsies te kan ondersoek deur middel van persoonlike waarneming, semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe (De Vos *et al.*, 2005:360). Hierdie metodes stel die navorser in staat om die aard en die persepsies rakende die aard van bemagtigingskommunikasie in die projek aan te hoor en aan te teken ten einde dit te kan interpreteer teen die agtergrond van die teoretiese stellings wat in hoofstuk 2 aangebied is.

- **Holistiese aard**

Mense leef nie in ŉ vakuum nie, maar funksioneer binne ŉ sekere (holistiese) omgewing of sosiale konteks waarin hul persepsies van of gedrag teenoor bepaalde kommunikasieverskynsels direk aan hierdie konteks en verskillende veranderlikes daarin gekoppel kan word. Nieuwenhuis (2010:59) is van mening dat menslike persepsies en gedrag slegs verstaan kan word indien dit persoonlik beleef word, in teenstelling met ŉ buitestaander, soos in die geval van die kwantitatiewe navorsingsbenadering, wat dit “neutraal” probeer waarneem. Deur die waarneming van die gemeenskap in hul natuurlike (of “realistiese”) omgewing, word eerstehandse inligting verkry oor die wyse waarop gemeenskapslede kommunikeer, boodskappe interpreteer en oordra. So ŉ geheelbeeld verwys na moontlike faktore wat ŉ invloed kan uitoefen op die bemagtiging van deelnemers en projekleiers in die betrokke ontwikkelingsprojekte, asook die invloed wat hul kulturele en sosiale omgewing op hul ontwikkeling uitoefen. Alle waarnemings wat tydens die ondersoek gemaak word, word aan die hand van die holistiese sosiale konteks waarbinne dit plaasvind, verduidelik (Du Plooy, 2009:83; Manson, 1998:4).

- **Konteksgebonde**

In aansluiting by die holistiese aard van kwalitatiewe navorsing is dit ook konteksgebonde. Volgens Du Plooy (2009:29) is kwalitatiewe navorsing interpreterende navorsing wat geskied binne die deelnemers se natuurlike sosiale en kulturele omgewings en fokus dit daarom op die interpretasie van kwalitatiewe aspekte van kommunikasie binne 'n bepaalde konteks.

Hierdie studie is 'n gevallestudie wat beteken dat ingesamelde inligting en bevindinge nie kan of mag veralgemeen word na ander of soortgelyke projekte nie. Elke projek is uniek met betrekking tot behoeftes, kulturele agtergrond en demografiese behoeftes. Hoewel die navorser nie waardevry werk nie, moet die navorsing betroubaar ("objektief") gedoen word. In hierdie studie sal dit byvoorbeeld inhou dat die navorser nie vooropgestelde idees oor die deelnemers van die studie en hul bepaalde omgewing mag hê nie. Op hierdie wyse laat die navorser ruimte vir die verkenning en insameling van idees of inligting sonder om vooraf te besluit wat die aard van die kommunikasie tydens die bemagtigingsproses in die projek is.

Die verskillende kontekste van die betrokke projekte speel ook 'n belangrike rol in die interpretering van die inligting (Du Plooy, 2009:88-89; Struwig & Stead, 2001:4-20). Die gedrag van deelnemers en die projekleiers in verskillende kontekste, soos hul kulturele agtergrond, opvoedingsvlak en demografiese behoeftes kan dus deur die navorser ondersoek word. Die navorser kan oor die nodige inligting beskik om situasies te kan beskryf soos dit waargeneem word (Struwig & Stead, 2001:4-20). Kwalitatiewe navorsing maak dit vir die navorser moontlik om veral menslike gedrag waar te neem en die interpretasies wat gemaak word in teksvorm weer te gee.

- **Triangulasie as deel van die navorsingsontwerp**

Lincoln en Guba (1985:281-283) meen dat kwalitatiewe navorsing aan vier kriteria behoort te voldoen, naamlik geldigheid, relevansie, betroubaarheid en geloofwaardigheid. Alle inligting wat ingewin word, moet laasgenoemde ondersteun en die interpretasie daarvan moet ook die kriteria weerspieël. Die geldigheid in hierdie studie word verhoog deur inligting-triangulasie toe te pas, deur gebruik te maak van fokusgroepe, onderhoude en die deelnemer-waarnemertegniek om die verskillende navorsingsvrae te beantwoord (Janesick, 2000:392; Keyton, 2010:65; Merriam, 1998; Nieuwenhuis, 2010:48).

Semi-gestruktureerde onderhoude, fokusgroepsessies en deelnemer-waarnemeravorsingsmetodes sal binne hierdie kwalitatiewe studie gevolg word om gedetailleerde inligting en persepsies van die deelnemers en projekleiers aangaande die aard van bemagtigingskommunikasie in te samel ten einde 'n betroubare gevolgtrekking te maak oor

die aard van hierdie kommunikasie gedurende die bemagtigingsproses in die projek (Babbie & Mouton, 2007:80; Du Plooy, 2009:83; Wimmer & Dominick, 1991:139).

Die kwalitatiewe benadering is verder gepas vir hierdie studie, aangesien die navorser resultate oor die aard van kommunikasie gedurende die bemagtigingsproses binne die betrokke ontwikkelingsprojekte kan interpreteer deur middel van die waarnemings van die navorser en die semi-gestruktureerde onderhoude wat sy gevoer het. Kwalitatiewe navorsing word juis ook gebruik wanneer die navorser deur goeie menseverhoudings asook interaksie oor 'n lang tydperk heen aan die studie deelneem en wanneer die navorser se behoefte aan struktuur ook gering is (Struwig & Stead, 2001:4-20).

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering is daarom gepas vir die huidige studie, aangesien die navorser menseverhoudings deur interaksie met die deelnemers asook met die projekleiers van die betrokke projekte kon opbou. Die buigsaamheid van die kwalitatiewe navorsingsmetode (byvoorbeeld tydens semi-gestruktureerde onderhoude), het dit moontlik gemaak dat vrae tydens die onderhoude aangepas kon word sodat die respondente die vrae beter kon verstaan (Strydom, 2011:327; Wimmer & Dominick, 2011:118).

Vervolgens word die navorsingsontwerp bespreek om aan te dui wat die studie ondersoek en hoe die verlangde inligting ingesamel en verwek sal word.

### 3.3 Die navorsingsontwerp en- metodes

In hierdie studie is vier spesifieke navorsingsvrae in hoofstuk 1 geformuleer wat beantwoord sal word ten einde die algemene navorsingsvraag te kan beantwoord. Tabel 3.1 sluit die spesifieke navorsingsvrae, asook navorsingsmetodes wat gevolg is om die vrae te beantwoord in.

**Tabel 3-1: Uiteensetting van navorsingsontwerp**

| Spesifieke Navorsingsvrae | Navorsingsmetode |
|---|---|
| 1) Hoe kan bemagtigingskommunikasie gekonseptualiseer word binne die konteks van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie met betrekking tot handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte? | 'n *Literatuurstudie* is gedoen om bemagtigingskommunikasie binne die konteks van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie te konseptualiseer, spesifiek soos dit betrekking het op handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte. |

| | |
|---|---|
| 2) Wat behels die bemagtiging van vroue deur middel van handvaardigheds- en kreatieweskeppingsprojekte in die Seboni Creativity Centre asook in Tsa Lapeng? | *Waarneming* van die kommunikasie- en bemagtigingsproses tydens verskeie aksies asook semi-gestruktureerder onderhoude by Tsa Lapeng en die Seboni Creativity Centre ontwikkelingsprojekte. |
| 3) Wat is die persepsies van die projekleiers van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende die kommunikasie gedurende die bemagtigingsproses? | Semi-gestruktureerde onderhoude met die projekleiers van Tsa Lapeng en Seboni Creativity Centre ontwikkelingsprojekte onderskeidelik. |
| 4) Wat is die persepsies van die deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende die kommunikasie tydens die bemagtigingsproses? | *Fokusgroepe* met die deelnemers van Tsa Lapeng en die Seboni Creativity Centre ontwikkelingsprojekte |

Tabel 3.1 hierbo dui duidelik aan watter navorsingsmetodes gevolg is om die spesifieke navorsingsvrae te beantwoord.

### 3.3.1 Literatuurstudie

Die navorser het tydens die eerste fase van die ondersoek verskeie inligtingsbasisse gebruik om 'n uitgebreide literatuurstudie te doen oor bestaande teoretiese konsepte wat relevant is vir die studie. Die doel van die literatuurstudie was om vas te stel wat die basiese aannames van bemagtiging binne die deelnemende kommunikasie benadering is en hoedat dit in die praktyk geïmplementeer behoort te word, ten einde bemagtigskommunikasie te konseptualiseer. Die literatuurstudie is reeds in hoofstuk 2 afgehandel. Na afloop van die literatuurstudie het die tweede fase van die studie, naamlik die empiriese gedeelte, plaasgevind.

### 3.3.2 Empiriese studie

Hierdie fase is ingelui deur die kennismaking met die belangegroepe en die identifisering van deelnemers vir die empiriese ondersoek. In kwalitatiewe navorsing is die steekproeftrekking minder formeel en rigied; die deelnemers word dikwels eers met verloop van die studie bepaal (Daymon & Holloway, 2002:158). In die geval van die huidige studie, is alle sleutelpersone by die navorsing betrek sodat 'n geheelbeeld van die projekte verkry kon word. Die deelnemers is die twee projekleiers van Tsa Lapeng en van die Seboni Creativity Centre onderskeidelik, en al die

plaaslike vroue wat aan die onderskeie projekte deelgeneem het. Aangesien beide die projekte relatief klein is, was dit nie nodig om bepaalde respondente te selekteer nie. Elkeen se betrokkenheid by die projek het ’n bepaalde invloed op die projek en word weer beurtelings deur die projek beïnvloed. Die verskeidenheid persepsies maak die studie ryk aan kwalitatiewe inligting oor die mate waarin handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte kan bydra tot bemagtiging binne die konteks van die kommunikasie in die projek.

### 3.3.3 Semi-gestruktureerde onderhoude

Semi-gestruktureerde onderhoude kan gedefinieer word as ’n inligting-insamelingsprosedure waar semi-gestruktureerde vrae aan ’n respondent, in hierdie geval die projekleier, gerig word met die doel om bepaalde inligting oor ’n spesifieke tema in te samel ten einde die navorsingsdoelwitte te bereik (Babbie & Mouton, 2007:643; Du Plooy, 2009:177; Flick, 2002:80). Semi-gestruktureerde onderhoude word deur die volgende basiese eienskappe gekenmerk.

- Verskillende menings, waardes, persepsies en ervarings word uitgelig

Die grootste voordeel van hierdie metode is die gehalte van die inligting wat ingewin kan word (De Vos *et al.*, 2005:360). In die onderhawige studie bied semi-gestruktureerde onderhoude aan die projekleiers die geleentheid om hul persepsies eerstehands te deel. Hul nieverbale gedrag tydens onderhoude kan ook waargeneem en aangeteken word. Die deelnemers aan die studie kry die geleentheid om hul gedagtes te laat gaan, terwyl die onderhoudvoerder die deelnemer se menings oor en persepsie van die projek kan aanteken. Dit bied ryk beskrywende inligting wat ’n kwantitatiewevraelysopname nie kan bied nie.

- Sensitiewe inligting kan ingewin word

Mense voel nie altyd op hul gemak om hul bekommernisse en probleme met vreemdes te deel nie, veral nie wanneer hulle bestudeer word nie (Manson, 1998:4; Nieuwenhuis, 2010:87; Wimmer & Dominick, 1991:148). Volgens Benney en Hughes (1956:137) dien semi-gestruktureerde onderhoude as ’n belangrike instrument om die deelnemer op sy gemak te stel en interaksie tussen navorser en deelnemers aan te moedig. Omdat die projekleiers die navorser alreeds tydens die ondersoek beter leer ken het, het die projekleiers die vrymoedigheid gehad om in ’n persoonlike een-tot-een gesprek betroubare inligting met haar te deel. Tydens die onderhoude het onderliggende probleme oor kommunikasie aan die lig gekom soos deur die deelnemers en projekleiers gerapporteer en kon die projekleiers openlik hul perspektiewe deel wat hulle nie noodwendig in ’n groter groep sou deel nie.

- Struktuur dien as riglyn en behou fokus

'n Semi-gestruktureerde onderhoudskedule dien as 'n goeie riglyn om spesifieke inligting te bekom en dit gee struktuur aan die gesprek. Dit laat ook tegelykertyd die navorser toe om op te volg wanneer relevante inligting aan die orde kom (Gillham, 2005:70). Dieselfde vrae word aan al die deelnemers gestel en help die navorser om gefokus te bly op die doelstellings van die navorsingsvrae sodat die nodige inligting ingesamel kan word (Nieuwenhuis, 2010:87). Hoewel daar in hierdie studie van teoretiese stellings gebruik gemaak is om die inligting-insamelingsproses te rig en te ontleed, beperk dit nie die verkenning of ontleding van enige ander inligting of idees wat tydens die navorsing ingesamel word nie. Die bedoeling is om hierdie teoretiese stellings as normatiewe uitgangspunte te stel en die inligting aan die hand daarvan te evalueer.

- Buigsaamheid

'n Verdere voordeel van semi-gestruktureerde onderhoude is dat die struktuur daarvan aangepas kan word namate die ondersoekproses vorder. Elke onderhoud kan na gelang van deelnemers se antwoorde of opmerkings aangepas word deur nuwe vrae te stel wat meer duidelikheid sal gee oor die nuwe onderwerp wat opgeduik het (Wimmer & Dominick, 1991:149). Verder bied semi-gestruktureerde onderhoude die navorser die geleentheid om meer indringende vrae aan deelnemers te stel om met sekere antwoorde op te volg en helderheid te kry oor wat die deelnemer met 'n antwoord bedoel (Daymon & Holloway, 2002:158; Du Plooy, 2009:178; Manson, 1998:35; Nieuwenhuis, 2010:85). Kortom gestel: dit voorsien die navorser van 'n ryk, omskrywende beeld van die deelnemers se persepsies.

Daar is egter ook enkele nadele wat in gedagte gehou moet word by die beplanning van die navorsing

- Nuwe inligting kan soms fokus verskuif

Omdat deelnemers se fokus op die antwoorde kan verskil en die vrae ook dienooreenkomstig aangepas kan word, kan die fokus van die navorsingsdoelwit soms verlore raak (Wimmer & Dominick, 2011:149). Wanneer nuwe inligting of onderwerpe tydens 'n onderhoud te voorskyn tree, bestaan die gevaar dat die navorser en die deelnemer te veel aandag aan die nuwe onderwerp gee. Dit is dan die onderhoudvoerder se verantwoordelikheid om die deelnemer terug te lei na die fokus van die onderhoud (Nieuwenhuis, 2010:87). Aangesien daar slegs twee onderhoude in die betrokke studie gevoer is, is hierdie aspek nie as 'n probleem in die studie geag nie.

- Gelaaide vrae of manipulering

Laastens, kan 'n navorser ook deur 'n gelaaide vraag die deelnemer se antwoord rig, wat die geldigheid van die inligting wat ingesamel is, kan beïnvloed (Wimmer & Dominick, 2011:149). Die deelnemer kan deur die navorser se stemtoon en nieverbale gedrag mislei word en gevolglik 'n bepaalde verlangde antwoord gee. Sy kan alternatiewelik ook daardeur gelei word om te dink dat die onderhoudvoerder 'n sekere antwoord verlang. Laasgenoemde het 'n impak gehad op die huidige studie omdat die deelnemers bewus was van die kommunikasieagtergrond van die navorser en hulle soms hul antwoorde hierdeur laat lei het. 'n Voorbeeld hiervan is die projekleiers wat elke vraag beantwoord het met 'n kommunikasieaanslag omdat hulle weet dat dit die navorser se studiegebied is.

### 3.3.4 Toepassing van semi-gestruktureerde onderhoude

#### 3.3.4.1 Vooraf- beplanning

Die onderhoudskedule is na aanleiding van die konsepte wat in die literatuurstudie bespreek is, opgestel. Die navorser het die konsepte en konstrukte van bemagtigingskommunikasie (sien tabel 3.2) uiteengesit en onder elke konstruk 'n vraag geformuleer wat die deelnemer se persepsie rakende die konstruk kon ondersoek. Die semi-gestruktureerde onderhoude is geskeduleer vir die 19$^{de}$ Junie 2017 en die 24$^{ste}$ Junie 2017. Die betrokke belangegroepe vir die semi-gestruktureerde onderhoude was die projekleiers van beide die Seboni Creativity Centre en Tsa Lapeng Aangesien die projekleiers die projek en aktiwiteite fasiliteer. Die navorser het vooraf met elke deelnemer die semi-gestruktureerde onderhoude telefonies of per elektroniese pos bevestig. Elke semi-gestruktureerde onderhoud het in 'n omgewing plaasgevind waarin die deelnemers op hul gemak sou voel – byvoorbeeld by hul werk of hul huis – sodat elkeen spontaan met die navorser haar mening kon uitspreek.

#### 3.3.4.2 Die voer van semi-gestruktureerde onderhoude

Die eerste semi-gestruktureerde onderhoud is op die 19$^{de}$ Junie 2017 om 10:00 met die projekleier van Tsa Lapeng in haar winkel in Harrismith gevoer. Die onderhoudskedule is as riglyn gebruik om die semi-gestruktureerde onderhoud te voer en die onderhoud het 'n uur en 45 minute geduur.

Die tweede onderhoud was vir die 24$^{ste}$ Junie 2017 met die projekleier van die Seboni Creativity Centre geskeduleer en die semi-gestruktureerde onderhoud het by die projekleier se huis plaasgevind en het 50-minute geduur.

In tabel 3.2 word 'n uiteensetting gegee van die konsepte wat as basis vir die onderhoudskedule en moderatorsgids gebruik is.

**Tabel 3-2: Konsepte en Konstrukte**

| Teoretiese stellings | Konsepte | Konstrukte |
|---|---|---|
| **Bemagtiging:** Ten einde bemagtig te word, behoort die deelnemers van Tsa Lapeng en Seboni Creativity Centre die kennis en die vaardighede wat hulle tydens die projek bekom het te kan gebruik om die projek en uitdagings self volhoubaar te kan bestuur (Paragraaf 2.4). | Bemagtiging | Selfbestuur van uitdagings |
| | | Vaardighede |
| **Spesifieke teoretiese stelling 1:** *Hoewel aanvaar word dat deelname nie van die begin af op die hoogste vlak behoort te wees nie, behoort deelnemers die vlak van gemeenskapsbeheer en kollektiewe besluitneming in al die fases van 'n projek na te streef. Dit beteken dat daar in die einddoel 'n vlak van eienaarskap in die beplanning, implementering, bestuur en evaluering van die projek behoort te wees.* | Deelname | Betrokkenheid by beplanningsfase |
| | | Betrokkenheid by implementeringsfase |

| | | |
|---|---|---|
| | | Betrokkenheid by evalueringsfase |
| **<u>Spesifieke teoretiese stelling 2:</u>** *Om te verseker dat bemagtiging in ontwikkelingsprojekte plaasvind om 'n verskil in die gemeenskap te maak, moet die betrokke partye op 'n tweerigting-horisontale dialogise wyse met mekaar kommunikeer. Dialoog vind plaas in 'n omgewing van wedersydse vertroue en respek tussen deelnemers, met die wete dat die deelnemers sowel as die projekleiers 'n gelyke reg en geleentheid het om aan die dialoog deel te neem en bereid is om te luister en praat sodat hul bemagtig word om deel te neem op 'n dialogise wyse. Hierdie dialoog sal ook die deelnemers bemagtig om te redeneer en sin te maak van hul omstandighede sodat hul beheer daaroor kan kry. Dialoog bied die geleentheid vir 'n groep om hul idees te kommunikeer wat hul bemagtig om saam te werk en nuwe vaardighede bymekaar te leer.* | Dialoog | Tweerigting-kommunikasie<br>Gedeelde begrip/betekenis<br>Gelyke insette |
| **<u>Spesifieke teoretiese stelling 3:</u>** *Ontwikkelingsprojekte moet hul eie kulturele identiteit skep en bevorder terwyl hulle die kulturele diversiteit van die projekleiers,deelnemers asook van die gemeenskappe waarin hulle werk, in ag neem en respekteer. Die gebruik van inheemse kennis kan 'n besondere bydrae tot die ontwikkeling van die projek gee. 'n Gedeelde waardesisteem en respek vir verskille kan lei tot verhoogde vertroue, deelname en bemagtiging.* | Kulturele verskeidenheid | Inheemse kennis en sensitiwiteit<br>Inagneming van diversiteit<br>Bestaande hulpbronne |

Tabel 3-3 is gebruik as onderhoudskedule tydens die semi-gestruktureerde onderhoude met die betrokke projekleiers.

**Tabel 3-3: Onderhoudskedule**

| |
|---|
| **Algemeen**<br><br>1. Vertel my wat is die Tsa Lapeng/Seboni Creativity Centre-projek en wat is die doel van hierdie projek?<br><br>2. Wat verstaan jy onder die term bemagtiging? |
| **Volhoubaarheid**<br><br>3. Watter materiaal en gereedskap word deur die deelnemers gebruik om die produkte te maak en waar kom dit vandaan?<br><br>4. Watter uitdagings ondervind jy in die projek?<br><br>5. Hoe hanteer die deelnemers hierdie uitdagings?<br><br>6. Wat, na jou mening, is jou rol in die projek in die langtermyn?<br><br>7. Hoe kan die breër gemeenskap by die projek baat vind?<br><br>8. Watter vaardighede het die deelnemers en jy aangeleer, en hoe kan dit in die toekoms gebruik word? |
| **Dialoog**<br><br>9. Hoe sal jy die kommunikasie tussen jou en die deelnemers beskryf?<br><br>10. Hoe sal jy die kommunikasie tussen die deelnemers, met mekaar, beskryf?<br><br>11. Hoe kommunikeer die verskillende rolspelers (jy en die deelnemers) met mekaar? (voorbeelde)<br><br>12. Op watter wyse kry die deelnemers geleentheid om hul behoeftes aan sekere aksies uit te druk?<br><br>13. Hoe word daar oor aksies gekommunikeer?<br><br>14. Wie dink jy is die belangrikste rolspelers in die projek en waarom dink jy so? |
| **Deelname**<br><br>15. Verduidelik hoe aksies/projekte beplan word? |

| |
|---|
| 16.Hoe word bepaal watter produkte deur wie gemaak gaan word?<br><br>17. Op watter wyse sal jy jou deelname aan die projek beskryf? |
| **<u>Kulturele identiteit</u>**<br><br>18. Watter verskillende kulture word in die projek aangetref?<br><br>19. Hoe word kultuur volgens jou verskillend hanteer?<br><br>20. In watter mate word gebruik gemaak van die vroue se bestaande kennis en hulpbronne?<br><br>21. Hoe kan die projek volgens jou verbeter word? |

Bostaande onderhoudskedule het as riglyn vir die semi-gestruktureerde onderhoude gedien. Na afloop van die semi-gestruktureerde onderhoude is die navorser se tweede navorsingsmetode, naamlik fokusgroepsessies, gevolg.

### 3.3.5 Fokusgroepe

Volgens Train, Ahmed, Bandawe, Cockcroft, Craffford, Crous, Greenop, Seedat, Stacey, Tomlinson, en Tommy (2007) is fokusgroepe 'n groepbespreking wat 'n spesifieke of gefokusde vraagstuk verken en die groep se gevoelens, ervaringe, opinies, wense en bekommernisse omtrent 'n onderwerp ondersoek. 'n Fokusgroep is waardevol om inligting vanuit 'n groep mense wat almal by 'n bepaalde ontwikkelingsprojek betrokke is, te verkry (De Vos *et al.*, 2005:301; Train *et al.*, 2007; Wimmer & Dominick, 2011:145). Volgens Wimmer en Dominick (2011:146) neem 'n fokusgroep die vorm van 'n semi-gestruktureerde groepsessie aan wat met 'n saamgestelde groep in 'n informele omgewing gehou word en 'n spesifieke onderwerp verken. Die hoofdoel van fokusgroepe as navorsingsmetode vir die huidige studie is om die deelnemers se persepsies van spesifiek die aard van die kommunikasie tydens die bemagtigingsproses te bepaal.

Fokusgroepe het bepaalde eienskappe wat dit as navorsingsmetode bruikbaar en relevant maak vir hierdie studie (Train *et al.*, 2007:146; Wimmer & Dominick, 2011).

- Groepsinteraksie

Mense werk makliker binne 'n groep (Wimmer & Dominick, 2011:148). Groepsinteraksie verhoog die lede van die groep se selfvertroue en deelname aan die gesprekstema en bied waardevolle inligting deurdat deelnemers hul kennis en opinies met mekaar en dienavorser deel. Die

interaktiewe aard van fokusgroepe aktiveer die geheue van die groeplede ten opsigte van die onderwerpe onder bespreking en die response van die groeplede dien as geheueherwinning-stimuli wat ’n verskeidenheid persepsies kan oplewer (De Vos *et al.*, 2005:300). Sodoende word ryker insigte vir die studie verkry (Wimmer & Dominick, 2011:146). In dié studie kon die deelnemers gesamentlik oor bemagtiging deur middel van kommunikasie praat en het hulle self idees gegenereer en self voorstelle gemaak oor hoe om dit in die projek te verbeter.

- Groot hoeveelheid inligting in ’n korter tydraamwerk

’n Voordeel wat hierdie metode waardevol vir hierdie studie maak, is die feit dat ‘n enkele fokusgroep sessie die geleentheid gegun om ’n groot verskeidenheid opinies gelyktydig in te samel. Omdat kwalitatiewe navorsing oor die algemeen tydsaam is, is ’n fokusgroep ’n waardevolle metode wat die geleentheid bied om ’n gekonsentreerde hoeveelheid waardevolle inligting gelyktydig in te samel (De Vos *et al.*, 2005:301; Train *et al.*, 2007; Wimmer & Dominick, 2011:145).

Ten spyte van die voordele is daar ook ’n paar beperkende faktore wat in gedagte gehou moet word. Die beperkings wat die metode vir die studie inhou, sal vervolgens bespreek word.

- Groepsdink

Dit is moeilik vir mense om soms die vrymoedigheid te hê om in ’n groep te praat, omdat hulle bang is dat dit wat hulle gaan sê nie relevant of reg is nie. Hul vrees om voor ander te praat kan ‘n emosionele struikblok wees om aktief deel te neem aan die gesprek. Dit verwys na "groepsdink" (Carey, 1994:124; Wimmer & Dominick, 2011:146). In dié studie moet fasilitering van die gesprek en beurtelingse beantwoording aangemoedig word om hierdie beperking te verhoed. Omdat die projek in Engels aangebied word, wat nie die deelnemers se eerste taal is nie, was dit ook soms moeilik vir die deelnemers om hul gedagtes te verwoord en hulleself uit te druk, want dit veroorsaak dat hulle inligting moontlik weerhou wat dalk tot die studie kon bydra.

- Die proses kan duur wees

Fokusgroepe kan soms duur wees (Keyton, 2010:63). Byvoorbeeld, wanneer verversings aangekoop moet word vir elke fokusgroep om mense op hul gemak te stel kan dit uitgawes meebring. Fokusgroepe hou ook verdere onkostes in, aangesien die navorser vervoerkostes moet aangaan en telefoniese afsprake bevestig moet word. Die proses kan verder gekompliseer word deur deelnemers wat nie toegang het tot telefone nie. Dit beteken dat die navorser weer fisies na die projekte toe moet ry om verdere inligting te bekom. Omdat die betrokke studie net

twee groepe behels was hierdie nie werklik beperkings op die studie nie, die deelnemers was ook reeds by die projek tydens die navorser se besoeke.

Alle beperkinge van fokusgroepe kan wel deur die navorser beheer en bestuur word om steeds die effektiwiteit van die metode te steun. Die omvang en uitvoering van die fokusgroepe word volgende bespreek.

### 3.3.6 Toepassing van fokusgroepe

#### 3.3.6.1 Vooraf-beplanning

Fokusgroepe moet baie sorgvuldig beplan word (Wimmer & Dominick, 1991:145). Die fokusgroepe het bestaan uit die vroue van die plaaslike gemeenskap wat die projekte bygewoon het. Ten einde konsekwentheid tussen die fokusgroepe en semi-gestruktureerde onderhoude te verseker is dieselfde konstrukte gebruik om die fokusgroepprotokol te ontwikkel. Die fokusgroepe het vanaf die 20ste Junie 2017 tot die 24ste Junie 2017 plaasgevind. Die navorser het die datums vooraf telefonies met die deelnemers van die fokusgroepe bevestig. Elke fokusgroep het by die projekte waar die deelnemers op hul gemak sou voel, plaasgevind.

Elke fokusgroep het uit twaalf tot vyftien deelnemers bestaan. Hoewel die fokusgroepe dalk groter as die norm was, het dit die geleentheid gebied vir alle rolspelers om aan die fokusgroepe deel te neem.

#### 3.3.6.2 Die verloop van die fokusgroepe

Die navorser het die bespreking aan die hand van vooropgestelde vrae wat in ŉ onderhoudskedule opgeneem is, gelei.

Die eerste fokusgroepsessie het op die 20ste Junie 2017 om 10:00 met die deelnemers van Tsa Lapeng by die projek tydens hul tee-breek plaasgevind. Die fokusgroepsessie het 55 minute geduur.

Die tweede fokusgroep is op die 24ste Junie 2017 om 10:00 met die deelnemers van die Seboni Creativity Centre by die projek gehou voordat die projek ŉ aanvang geneem het. Die onderhoudskedule het as riglyn gedien om die fokusgroep te fasiliteer en die fokusgroepsessie het 45 minute geduur. Na afloop van die fokusgroepgesprekke het die deelnemers verversings geniet.

Tabel 3-4 is gebruik as moderatorsgids tydens die fokusgroepsessies

**Tabel 3-4: Moderatorsgids**

| **Moderatorsgids** | |
|---|---|
| Vrae | Moontlike opvolg vrae |
| **Algemeen** | |
| Hoe funksioneer Tsa Lapeng/Seboni Creativity Centre? | Hoe lank is julle al deel van Tsa Lapeng/Seboni Creativity Centre? |
| | Hoe of waar het julle gehoor van Tsa Lapeng/Seboni Creativity Centre? |
| **Dialoog** | |
| Hoe sal u die kommunikasieproses tussen al die rolspelers van die projek beskryf? | Hoe kommunikeer die verkillende rolspelers van die projek met mekaar? (Gee asb. voorbeelde) |
| | Op watter wyses word daar gekommunikeer oor produkte wat gemaak gaan word of aksies wat plaasvind? |
| | Op watter wyse kry julle die geleentheid om julle behoeftes om sekere produkte te maak, uit te druk? |
| **Deelname** | |
| Hoe word daar besluit watter produkte gemaak gaan word of wat wanneer verkoop gaan word? | Wie beplan die produkte of voorwerpe wat deur die vroue gemaak gaan word ? |
| | Op watter wyse sal u u deelname aan die projek beskryf? |
| **Volhoubaarheid** | |
| In watter mate dink u sal u die projek kan laat voortduur en uitdagings kan hanteer as die projekleiers hulle aan die projek onttrek? | Waar word die materiaal om die produkte te maak bekom? |
| | Watter uitdagings ondervind u in die projek? |
| | Watter vaardighede het julle als al deur die projek aangeleer? |
| **Kulturele identiteit** | |
| Hoe word jul kultuur tydens aksies en die maak en beplan van produkte in ag geneem ? | Maak julle ooit iets van jul eie kultuur en pas julle jul reeds bestaande vaardighede toe? |
| Hoe word julle geleentheid gegee om in jul eie behoeftes ten opsigte van produkte en aksies te bevredig? | |

### 3.3.7 Notulering en bandopnames van semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe

ŉ Navorser moet 'n klankopnemer gebruik om inligting tydens semi-gestruktureerde onderhoude of fokusgroepsessies wat die navorser nie tydens die navorsingsproses kan aanteken nie, vas te lê. Vir etiese doeleindes moet die deelnemers hieroor ingelig en hul toestemming verkry word om die bandopnemer te gebruik (Wimmer & Dominick, 1991:149). Die deelnemers het toestemming gegee dat die onderhoude of fokusgroepsessies opgeneem kon word. Die prosedure en doel van die fokusgroep is aan die deelnemers verduidelik en aktiewe deelname van die deelnemers is aangemoedig deur aan elkeen in die fokusgroep 'n geleentheid te gun om hul mening oor die navorsingsonderwerp te lig. Die bandopnemer is tydens die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepsessies gebruik om die kommentaar van die deelnemers te interpreteer. Nieverbale kommunikasie is ook tydens die semi-gestruktureerde onderhoude of fokusgroepsessies waargeneem en ook genotuleer.

Aksies is bygewoon voor en na afloop van die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepsessies om deur middel van die toepassing van die deelnemer-waarnemertegniek in te stel na die mate van deelname aan die kommunikasieprosesse. Hierdie metode het slegs 'n ondersteunende rol gespeel.

### 3.3.8 Die deelnemer-waarnemertekniek

Die deelnemer-waarnemertegniek is ŉ tipiese kwalitatiewe benadering tot inligting-insameling. Die deelnemer-waarnemertegniek kan as ŉ navorsingsmetode beskryf word wat die natuurlike en alledaagse opset waarbinne ŉ gemeenskap funksioneer, bestudeer (De Vos *et al.*, 2005:276; Nieuwenhuis, 2010:83).

Die metode veronderstel dat die deelnemer se wêreld in die navorsingsprojek alleenlik begryp kan word indien hul woorde en uitdrukkings in spesifieke kontekste in ag geneem word (De Vos *et al.*, 2005:276; Nieuwenhuis, 2010:83).

Waarnemermetodes word al hoe meer in navorsingsprosesse toegepas, omdat mense se sienings van die werklikheid nie altyd tydens fokusgroepsessies of onderhoude aan buitestaanders openbaar word wanneer die deelnemers bloot vrae beantwoord en onderwerpe bespreek nie (Wimmer & Dominick, 2011:140). ŉ Alternatiewe metode is dus nodig om hierdie sienings en interpretasies so akkuraat moontlik vas te vang (Schurink, 1998:279).

Om die deelnemers op hierdie wyse waar te neem skep die geleentheid om die handelinge en agtergrond van die deelnemers te verken – wat nie noodwendig anders bestudeer sou kon word nie.

Daar is vier tipes waarneming in kwalitatiewe navorsing, naamlik:

(1) absolute waarnemer, wat dui op 'n buitestaanderperspektief van 'n navorser wat slegs waarneem wat 'n gemeenskap doen.

(2) waarneming deur deelname, wanneer 'n navorser deur deelname slegs waarneem en fokus op sekere handelinge en waardes van die gemeenskap.

(3) deelname tydens waarneming wanneer die navorser deel word van die navorsingsproses en saam met die gemeenskap werk aan planne om inisiatiewe te neem.

(4) Laastens is daar die absolute deelnemer wanneer 'n navorser so deel word van die gemeenskap dat die gemeenskap nie agter kom dat hulle waargeneem word nie. Laasgenoemde styl van waarneming het etiese implikasies wat die tipe navorsing onpopulêr maak omdat dit skade mag doen aan die deelnemers se vertroue wanneer hulle besef dat hulle sonder toestemming ondersoek is (Nieuwenhuis, 2010:85). Die navorser moet vooraf besluit watter rol sy gaan vervul, omdat dié besluit die hele navorsingproses kan beïnvloed en beperkings op die navorsingsproses plaas (De Vos *et al.*, 2005:275). In hierdie studie het die navorser gebruik gemaak van waarneming deur deelname omdat die navorser spesifiek hul kommunikasiestyl, persepsies, waardes en hul sosiale omstandighede wou ondersoek. Dus maak die navorser gebruik van die deelnemer-waarnemertegniek sodat die navorser kan deelneem aan aksies en die deelnemers waarneem om navorsingsvrae te ondersoek (sien paragraaf 1.6).

Volgens De Vos *et al.* (2005:283) bevat die deelnemer-waarnemertegniek bepaalde eienskappe wat dit as navorsingsmetode bruikbaar maak – ook vir hierdie studie.

- Bekostigbare metode en ryk aan inligting

Die grootste voordeel van die deelnemer-waarnemertegniek is dat dit relatief goedkoop is. Benewens die vervoerkoste om by die projek uit te kom, is die enigste ander uitgawes om 'n boek, skryfbehoeftes en 'n bandopnemer te koop. Ryk data kan uit die natuurlike omgewing van die deelnemers verkry word wat tot die gehalte van die inligting bydra (Wimmer & Dominick, 2011:142).

- Agtergrondkennis

Die deelnemer-waarnemertegniek hou in dat die handelinge, omstandighede en agtergronde van deelnemers beter verstaan kan word en ’n beter begrip van die deelnemers se gewoontes en optredes verkry kan word (Nieuwenhuis, 2010:84; Wimmer & Dominick, 2011:141). Met deelname tydens besoeke aan die projekte kon die deelnemers se realiteit waargeneem en aangeteken word. Die geleentheid wat daardeur geskep is, is aangegryp om ’n goeie verhouding en vertroue met belangegroepe op te bou en hul ervarings en persepsies tydens waarnemings in af te neem.

- Spontane gedrag en interaksie

Volgens De Vos *et al.* (2005:270) moet die navorser aktief aan die daaglikse aktiwiteite van die deelnemers deelneem, en ook hul spontane gedrag en interaksies waarneem en dit aanteken. Die waargenome inligting kan gedurende die bemagtigingsproses van die betrokke ontwikkelingsprojekte grootliks bydra tot aannames oor die deelnemers se kommunikasiegewoontes. Die deelnemers se nieverbale gedrag voorsien eerstehandse inligting oor die wyse waarop hulle mekaar groet, met mekaar kommunikeer en die verskillende ouderdomsgroepe mekaar benader.

Hoewel die metode talle voordele inhou, is daar ook enkele beperkings wat die metode kniehalter.

- Proses kan lank duur

Die waarneming vind gewoonlik oor ’n lang tydperk heen plaas. Volgens Du Plooy (2009:38) kan tyd ’n beperkende rol speel wanneer inligting oor ’n lang tydperk heen ingesamel moet word. Dit kan wissel tussen maande en jare (Schurink, 1998:281). Dit is nie ’n soortgelyke vraelys wat 200 mense invul, en dan deur die navorser verwerk word nie. Hierdie aspek was nie ‘n beperking vir die huidige studie nie omdat die projekte klein is was dit nie so tydrowend nie.

- Etiese kwessies

Die etiese dimensie van die deelnemer-waarnemertegniek word bevraagteken. Volgens Du Plooy (2009:91) kan die deelnemers wat by die navorsingsproses betrokke is, beïnvloed word deur die teenwoordigheid van ’n buitestaander en kan hulle nie volkome natuurlik reageer nie omdat hulle moontlik die gedrag toon wat hulle glo ’n navorser verlang. Die bevindinge kan dan bevraagteken word omdat dit nie geloofwaardig is nie (Keyton, 2010:65). My teenwoordigheid kon die gedrag van die deelnemers beïnvloed het deurdat hulle dalk nie opgetree het soos hulle normaalweg sou

nie. Verskeie aksies is egter bygewoon om deelnemers te leer ken en hulle op hul gemak te stel en om te versker dat hulle so gemaklik as moontlik in die teenwoordigheid van die navorser optree

Die waarnemer moet die toestemming van die gemeenskap verkry om deel uit te maak van die projek (De Vos *et al.*, 2005:285). Die deelnemers moet ten volle ingelig word oor die proses van die navorsing en doel daarvan. Al aanvaar die gemeenskap die waarnemer, kan die groep haar steeds uitsluit, wat daartoe lei kan dat hulle inligting van haar weerhou.

Daarom is dit belangrik om die volgende in gedagte te hou:

Van den Burgh (1988:69) stel dat navorsers wat die deelnemer-waarnemertegniek toepas beide ’n emosionele verbintenis met die deelnemers sluit en ’n betreokke waarneming van die lewens van ander maak. Volgens Babbie en Mouton (2007:278) is die graad van betrokkenheid tussen absolute deelnemer en absolute waarnemer ’n belangrike faktor om in ag te neem wanneer hierdie metode toegepas word. Die deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte moet eers met die navorser vertroud raak voordat hulle op hul gemak gaan voel om inligting met die navorser te deel. Dit is belangrik dat ’n vertrouensverhouding tussen die betrokke partye opgebou moet word sodat die nodige inligting bekom kan word.

Die navorser beskryf alle waarnemings wat sy maak tydens haar besoeke aan aksies, en verduidelik dit aan die hand van die sosiale konteks waarbinne dit plaasvind (Du Plooy, 2009:83; Manson, 1998:4). Hierbenewens is dit ’n gevallestudie hierdie wat dus neerlê dat resultate en bevindinge nie na ander soortgelyke projekte kan of mag veralgemeen word nie. Dit sou egter nie beteken dat die diepte-kennis wat oor die huidige projekte verkry word, nie ook waardevolle kennis kan toevoeg tot ander projekte of kennis oor ontwikkelingskommunikasie nie.

Deur middel van waarneming en fokusgroepsessies kon die navorser die persepsies en behoeftes van die deelnemers wat aan die projek deelneem, ondersoek. Die navorser kon akkurate inligting insamel wat op geen ander metode navorsbaar sou wees nie. Deur die aksies te kon bywoon het die navorser eerstehandse inligting bekom ten opsigte van die kommunikasie wat tydens die aksies plaasgevind het en hoe die deelnemers genader word om aksies te beplan, en te bepaal of die projekleiers en deelnemers se woord en daad ooreenstem. Die deelnemers en projekleiers se kommunikasiestyle kan ook ondersoek word deur hul nieverbale gedrag waar te neem deur byvoorbeeld oogkontak, stemtoon, terugrapportering en groetpatrone te verken.

Die wyse waarop die deelnemer-waarnemertegniek uitgeoefen is, word vervolgens bespreek.

### 3.3.9 Toepassing van die deelnemer-waarnemertegniek

#### 3.3.9.1 Vooraf-beplanning

Die deelnemer-waarnemertegniek skep die geleentheid om subjektief waar te neem hoe die projekleiers en deelnemers met mekaar in interaksie verkeer. Die navorser het met al die belangegroepe van die projek bevestig dat sy aksies mag bywoon en aantekeninge van haar waarnemings mag maak.

#### 3.3.9.2 Die toepassing van die deelnemer-waarnemertegniek

Sedert Junie 2017 tot en met Julie 2017 is ses aksies by beide die projekte op ’n weeklikse basis bygewoon om die projekte te verken en die belangegroepe van die projekte te leer ken. Die deelnemers se verbale en nieverbale kommunikasie is tydens genoemde aksies waargeneem. Dit het die navorser die geleentheid gegee om die aard van die bemagtigingskommunikasie in die projekte te ondersoek. Elke aspek en reaksie op die projek is waargeneem en genoteer en na afloop van die ondersoek is die aantekeninge met die bevindinge van die onderhoude en fokusgroepe vergelyk.

Al bogenoemde metodes maak deel uit van die empiriese aard van die studie. Vervolgens word die analisering van die ingesamelde inligting bespreek.

### 3.3.10 Kwalitatiewe analise van ingesamelde inligting

Die analise van die inligting bestaan uit drie fases, naamlik die verwerking van die ingesamelde inligting, dan die aanbieding van die inligting en laastens die gevolgtrekkings wat uit die bevindinge gemaak kan word.

#### 3.3.10.1 Inligtingverwerking

Inligtingverwerking verwys na die proses om inligting in te samel deur middel van verskeie navorsingsmetodes en dan die ingesamelde inligting te selekteer, te vereenvoudig en te verwerk om die spesifieke navorsingsdoelwitte te bereik.

Die navorser het al die transkripsies en notas wat sy tydens die semi-gestruktureerde onderhoude, fokusgroepe en waarnemingsessies gemaak het, herhaaldelik deurgewerk en gekontroleer om korrektheid te verseker. Daarna is die inligting geanaliseer aan die hand van die konstrukte soos in tabel 3.2 geïdentifiseer. Daar is gefokus op die respondente se sienings oor bemagtigingskommunikasie wat gedurende die projek plaasgevind het. Die kwalitatiewe

ontleding het ook meer gedetailleerde insig verskaf oor die rede waarom daar op 'n spesifieke wyse gekommunikeer is.

#### 3.3.10.2 Aanbieding van inligting

Nadat die inligting verwerk is, moet dit georganiseer en in 'n formaat voorgestel word wat die onderwerpe ondersoek en bespreek (Miles & Huberman, 1994:11). Hierdie fase bespreek die bevindinge aan die hand van die temas of die konsepte wat na aanleiding van die literatuur in die studie geïdentifiseer is.

Die teoretiese argumente wat in hoofstuk 2 aangevoer is, het verskeie konsepte uitgelig waarvolgens al die ingesamelde inligting geanaliseer word (sien tabel 3.2). Elke konsep is dan onderverdeel in sub-temas om 'n basis te skep om die inligting gestruktureerd te beskryf. Die navorser het gereeld na die semi-gestruktureerde onderhoude, fokusgroepe en waarneming-notas kruis-verwys om bevindinge te vergelyk. Die inligting wat tydens die empiriese studie gevind is, word dan volgens hierdie konsepte vergelyk en die verskeie rolspelers se kommentaar word daarvolgens bespreek om gevolgtrekkings daaruit te maak.

#### 3.3.10.3 Gevolgtrekkings uit die ontleding van inligting

Na afloop van die voorstelling van inligting en bespreking van elke bevinding onder elke subtema, moes die navorser gevolgtrekkings maak om die navorsingsvrae te beantwoord. Terwyl die bevindinge in hoofstuk 4 bespreek word, word die gevolgtrekkings eers in hoofstuk 5 bespreek om tot 'n slotsom te kom oor die algemene navorsingsvraag wat die studie ondersoek.

Vervolgens word aandag geskenk aan die uitdagings waarvoor die studie te staan gekom het.

## 3.4 Uitdagings in die studie

Die eerste probleem of risiko waardeur die navorser gekonfronteer is, is dat die deelnemers van Tsa Lapeng dit moeilik vind om Afrikaans of Engels baie goed te verstaan of praat. Dus moes die navorser van baie verduideliking en uitbreiding op vrae gebruik maak voordat die deelnemers kon verstaan en volledige antwoorde verstrek. Dit was ook moeilik om genoeg deelnemers vir die fokusgroep bymekaar te kry omdat elke deelnemer net opdaag en verdaag wanneer hulle wil.

Die tweede uitdaging was dat die projekleier van Seboni Creativity Centre gedurig van die onderwerp afgedwaal het en dat moes die navorser weer op spoor probeer terugkom.

## 3.5 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die kwalitatiewe navorsingsbenadering wat in hierdie studie gevolg is, bespreek (sien paragraaf 1.6). Die hoofstuk voorsien 'n uiteensetting en raamwerk van die wyse waarop die navorsing en studie beplan en uitgevoer is. Hierdie studie het gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsingmetodes soos semi-gestruktureerde onderhoude, fokusgroepsessies en die deelnemer-waarnemertegniek om die mate waarin handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte binne die deelnemende kommunikasieperspektief tot bemagtiging bydra, te ondersoek.

'n Literatuurstudie is in hoofstuk 2 uitgevoer om die beginsels van die deelnemende benadering vas te stel. Semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepgesprekke is gevoer om ondersoek in te stel na die persepsies van die verskillende rolspelers oor die aard van die bemagtigingskommunikasie in die projekte. Laastens is die deelnemer-waarnemertegniek toegepas om te bevestig of die waarnemings van die navorser met die deelnemers se kommentaar oor die aard van die bemagtigingskommunikasie in die praktyk ooreenstem.

Die etiese oorwegings in die studie is ook kortliks bespreek, gepaard met die probleme wat die navorser tydens die empiriese studie ondervind het.

Die volgende hoofstuk sal die navorser se resultate en bevindinge van die studie-ondersoek beskryf.

# HOOFSTUK 4: ANALISE EN INTERPRETASIE VAN BEVINDINGE

## 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die inligting wat deur middel van die empiriese studie ingesamel is (soos in hoofstuk 3 uiteengesit) bespreek en met die teoretiese stellings (verduidelik en bespreek in hoofstuk 2) vergelyk om ŉ gevolgtrekking te kan maak oor die mate waarin handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte tot bemagtiging binne die konteks van die deelnemende kommunikasieperspektief kan bydra. Die navorsingsvrae wat in hierdie hoofstuk bespreek word ter beantwoording daarvan in hoofstuk vyf is navorsingsvraag 1.3.2, naamlik: *Hoe word die bemagtiging van vroue deur middel van handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte in die Seboni Creativity Centre sowel as in Tsa Lapeng gesien?,* asook navorsingsvraag 1.3.3: *Wat is die projekleiers se persepsies van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende kommunikasie en bemagtiging*? Laastens, navorsingsvraag 1.3.4 *Wat is die persepsies van die deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende kommunikasie en bemagtiging*?

Die bespreking van die resultate word aan die hand van die konsepte en konstrukte gedoen, soos in hoofstuk 3 geïdentifiseer (sien tabel 3.2). Die konsepte wat gebruik word om die resultate te struktureer is *bemagtiging* en *bemagtigingskommunikasie* wat weer onderverdeel word in deelname, dialoog en kulturele identiteit.

## 4.2 Bemagtiging binne die betrokke ontwikkelingsprojekte

In hierdie studie is twee ontwikkelingsprojekte, soos reeds is in afdeling 1.2 bespreek, ondersoek. Beide die projekte fokus daarop om voorheen benadeelde vroue te bemagtig deur hulle te leer om kreatiewe handvaardighede, meer spesifiek naaldwerkvaardighede, te kan bemeester. Die projekte se kontekste verskil ten opsigte van hul geografiese ligging en kommunikasiebenaderings. Soos bespreek in paragraaf 2.4 is daar verskeie betekenisse wat aan bemagtiging geheg word.

### 4.2.1 Tsa Lapeng

Volgens die projek se doelwitte behels die bemagtigingsproses dat die deelnemers geleer word om hul naaldwerkvaardighede te ontwikkel. Die Tsa Lapeng ontwikkelingsprojek, wat fondse van die N3TC ontvang, gebruik die fondse om vir die deelnemers die nodige toerusting soos naaldwerkmasjiene, skêre, kopspelde ens. te koop. Daar word ook vir elke deelnemer ŉ volledige handleiding gegee vir die verskillende produkte wat gemaak word. Elke deelnemer is self daarvoor verantwoordelik om driemaal per week die projek by te woon. Gedurende die projek

word die deelnemers geleer om basiese naaldwerkvaardighede te bemeester deur verskillende kledingstukke te maak. Die materiaal vir die eerste kledingstuk wat gemaak word, word aan die deelnemers verskaf, maar vir die res van die kledingstukke moet die deelnemers hul eie materiaal verskaf. Die duur van die projek hang van die deelnemers af, omdat elke deelnemer al die basiese vaardighede moet kan bemeester voordat hulle erkenning kan ontvang vir hul bywoning van die projek en dan ŉ tweedehandse naaldwerkmasjien kan ontvang. Na voltooiing van die projek moet die deelnemers selfstandig kan voortgaan. Die bemagtigingsproses binne die Tsa Lapeng ontwikkelingsprojek behels dat die deelnemers van die projek die naaldwerkkursus moet voltooi en daardeur bepaalde vaardighede moet aanleer soos fisiese naaldwerkvaardighede en deursettingsvermoë omdat hulle eers erkenning vir hul bywoning van die kursus ontvang wanneer hulle dit voltooi het.

### 4.2.2 Seboni Creativity Centre

Volgens die projekleier van die Seboni Creativity Centre behels die bemagtigingsproses om die vroue bymekaar te kry binne hul eie gemeenskap en vir hulle dan bloot die vaardighede van naaldwerk doen, te leer. Die Seboni Creativity Centre se fokus het verskuif van multimediaprodukte na spesifiek naaldwerkprodukte. Die deelnemers het elk ŉ basiese een-dag naaldwerkkursus bygewoon wat deur die projekleier betaal is. Daar is verskillende naaldwerkmasjiene deur die Potchefstroom gemeenskap aan die projek geskenk. Die deelnemers maak tans produkte wat dan ook in die Potchefstroomgemeenskap verkoop word. Die materiaal wat gebruik word, word deur die projekleier aangekoop en geskenk. Die navorser het deur middel van die deelnemer-waarnemertegniek bevind dat daar sterk gefokus word op persoonlike aanmoediging deur die projekleier.

Die bemagtigingsproses in beide die betrokke ontwikkelingsprojekte behels die aanleer van handvaardighede vir die maak en bemarking van naaldwerkprodukte. Die ideaal sal wees dat gedurende die proses om fisiese/ kreatiewe handvaardighede aan te leer is die deelnemers veronderstel om ook sagtevaardighede of te wel lewensvaardighede aan te leer. Hierdie sagtevaardighede behoort deur middel van die kommunikasieproses tussen die projekleier en deelnemers asook tussen die deelnemers self plaas te vind (Paragraaf 2.4).

## 4.3 Bemagtiging

Ten einde bemagtig te word, behoort die deelnemers van Tsa Lapeng en Seboni Creativity Centre die kennis en die vaardighede wat hulle tydens die projek bekom het te kan gebruik om die projek en uitdagings self volhoubaar te kan bestuur (Paragraaf 2.4).

#### 4.3.1.1 Selfbestuur van uitdagings

Dit wil voorkom of daar sterker fokus op selfbestuur in die Tsa Lapeng-projek gefokus word as in die Seboni Creativity Centre-projek,

Nie alleen word in die Tsa Lapeng ontwikkelingsprojek verwag dat deelnemers met hul eie materiaal moet kom nie (4.3.2), maar hulle moet ook op eie koste by die projek aankom. Volgens die projekleier is hierdie reëling pertinent daarop gemik om groter selfstandigheid te ontwikkel. Die projekleier erken dat die benadering in die korttermyn probleme oplewer. Daar is soms deelnemers wat weke lank nie opdaag nie omdat hulle nie geld vir vervoer het nie.

> *Hulle verwag dat hulle alles moet ontvang en dit ook verdien, hulle raak baie kwaad vir my as ek nie wil help met vervoerkostes nie.*

Dit kan verbind word aan die afhanklikheidbenadering waar die deelnemers afhanklik is van die projekleiers om te voorsien (paragraaf 2.3). Sy gaan verder deur te verduidelik dat die grootste probleem die deelnemers se gebrek aan motivering en finansiële beplanning is. Uit die fokusgroepe het dit geblyk dat dit vir die deelnemers moeilik is om finansiële beplanning te doen aangesien hulle soms vier klasse moet bywoon voordat hulle 'n produk het wat hulle kan verkoop. Hulle het dus vervoeruitgawes voordat hulle 'n wins kan maak. Daar is dus tekens van selfbestuur by die deelnemers te bespeur omdat hulle die som gemaak het dat dit vir hulle meer koste-effektief gaan wees om die projek by die huis te maak as om die vervoerkoste te betaal. Dit sal vir die deelnemers en die projek tot voordeel strek as die deelnemers betrek word by die beplannings- en besluitnemingsfases as deel van die deelnemende proses om hieroor gesprek te kan voer (sien paragraaf 2.3.3), Hulle kan die projek in hul eie tyd voltooi.

Die projekleier by die Seboni Creativity Centre het heeltemal 'n ander benadering. Volgens haar kan 'n mens nie uitdagings bestuur as jy nie genoeg selfvertroue het nie, en selfvertroue ontwikkel as 'n mens genoeg vaardighede bemeester en kennis ingesamel het.

> *Die vroue begin stadig maar seker in hulself glo...*

Dit neem tyd in beslag om 'n situasie of vaardigheid te bemeester – sodra 'n mens genoeg geloof in jouself het, kan jy die uitdagings die hoof bied en die struikelblokke oorkom. Tydens die fokusgroep het dit na vore gekom dat die deelnemers self ook erken dat hulle nie in hul vermoëns geglo het nie en nooit gedink het dat hulle alles sal kan maak en bereik wat hulle wel deur middel van die projek bereik het nie.

*We just compromise with managing ourselves with what we are doing and what we are capable and able to do.*

Deur die blote aanleer van vaardighede word die deelnemers nie bemagtig nie, maar dit kan wel hulle selfvetroue vermeeder wat eindelik bydra tot bemagtiging. Soos in paragraaf 1.3.2 bespreek, beteken kennis en vaardighede egter niks as die deelnemers dit nie deel van hul daagse leefwyse maak nie; vir ontwikkeling of verandering om plaas te vind moet kennis omgesit word in aksie. Dit kan slegs gebeur deur die proses van deelname waardeur die individue se kennis oor tyd heen verbeter namate die nuwe kennis toeneem en vaardighede bemeester word. Die verhoogde vlakke van bevoegdheid en toename in selfvertroue sal die individu aanmoedig om oor te gaan tot aksie . Bematiging vind plaas sodra die aksies deel word van die individu se daaglikse aktiwiteite (sien paragraaf 2.4). Dit wil egter voorkom of dié projekte nog nie tot op hierdie vlak beweeg het nie.

Die deelnemers het self nog nooit die geleentheid gekry of nodig gehad om enige uitdagings te bestuur nie. Tot hede het die projekleier alle struikelblokke en uitdagings hanteer. Die rede daarvoor is dat beide partye van mening is dat die deelnemers eers selfvertroue moet ontwikkel en in hulleself moet begin glo voordat hulle enige ander uitdagings sal kan hanteer. Om enige uitdaging te kan hanteer is dit belangrik dat die deelnemers die nodige vaardighede daarvoor moet ontwikkel. Dit impliseer dat hulle ook die geleentheid gegun moet word om stelselmatig meer verantwoordelikheid te aanvaar ten einde bemagtig te kan word,

Die twee projekte verskil duidelik met betrekking tot selfbestuur. Tsa Lapeng wend 'n sterker poging aan om die deelnemers te bemagtig tot die selfbestuur van hul uitdagings. Dit is egter 'n voorbeeld waar die deelnemers nog nie genoegsaam bemagtig is om hulself te bestuur nie. Dit lei eweneens tot frustrasie aan die kant van die deelnemers en hulle blameer dan die projekbestuur vir hulle mislukkings. Hierdie beklemtoon die belangrike wisselwerking tussen deelname en bemagtigting. Indien daar meer deelname is, kan beide die deelnemers en projekleiers bemagtig word om 'n gesamentlike oplossing te kan vind. Meer deelname vanaf die eerste fase van die projek sal ook beteken dat die deelnemers moontlik groter verantwoordelikheid vir die sukses van die projek ook neem.

Daarteenoor is Seboni Creativity Centre nie op dieselfde vlak van selfbestuur van uitdagings nie. Die projekleier probeer eers persoonlike bestuur ontwikkel voordat daar op ander uitdagings gefokus word. Hierdie is in ooreenstemming met die aanname dat daar persoonlike bemagtiging moet plaasvind voordat die groter gemeenskap bemagtig kan word (sien paragraaf 2.4.4). Die

gevaar is egter dat hierdie benadering op die lang termyn tot afhanklikheid kan lei, indien bemagtigting nie verder uitgebrei word nie.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat in die Tsa Lapeng ontwikkelingsprojek daar byna te vinnig beweeg word na selfbestuur terwyl daar in die Seboni Creativity Centre te stadig beweeg word. In beide die projekte is bemagtigingskommunikasie nodig sodat die bemagtigingsproses gereguleer kan word.

#### 4.3.1.2 Vaardighede

Vaardighede verwys na die vermoë wat die deelnemers ontwikkel om self met die projek voort te gaan en volhoubaar te kan wees indien die projekleiers hulle aan die projek onttrek. Hierdie vaardighede verwys nie net na die praktiese vaardighede nie maar ook na die lewensvaardighede (2.4.3).

In beide die projekte kry die deelnemers die geleentheid om praktiese vaardighede sowel as lewensvaardighede aan te leer. Volgens die projekleier van Tsa Lapeng word die deelnemers al die nodige vaardighede geleer sodat hulle volhoubaar met die projek kan voortgaan.

> *Hulle leer die basies praktiese naaldwerkvaardighede sodat hul enige produkte kan maak wat hulle sou wou.*

Sy meen verder dat die deelnemers ook leer hoe om met hul finansies te werk omdat hulle self verantwoordelik is vir die aankoop van die materiaal asook vir hul vervoerkoste tot by die projek (2.3.2). Die deelnemers huldig verskillende oortuigings rakende die vaardighede wat aangeleer word. Hoewel almal saamstem dat hulle die nodige praktiese vaardighede aanleer om klere self te kan maak, is hulle nie almal daarvan oortuig dat hulle oor die nodige lewensvaardighede beskik om op hul eie te kan voortgaan nie.

> *Eish, nah, maby Rheola will give me work when I finished. Cause people they don't want to buy from us and there's no money.*

Die deelnemers toon dus 'n gebrek aan selfvertroue eerder as 'n gebrek aan vaardighede. Soos in paragraaf 2.4 bespreek, is persoonlike bemagtiging 'n belangrike aspek van die bemagtigingsproses – daarsonder sal geen persoonlike dryfkrag of selfvertroue bestaan nie. Dit is belangrik dat die deelnemers eers op persoonlike vlak bemagtig moet word sodat hulle in hulleself kan glo om self produkte te kan maak en dit te kan verkoop.

In teenstelling hiermee is die deelnemers van Seboni Creativity Centre van mening dat hulle die geleentheid gegun was om vaardighede aan te leer wat hulle nooit anders sou kon nie. Om naaldwerk te kan doen is 'n vaardigheid wat na hul mening altyd werksgeleenthede inhou en toegepas kan word binne hul eie gemeenskap. In beide projekte het van die deelnemers reeds as entrepreneurs begin om die produkte wat hulle by die projek maak, aan plaaslike gemeenskapslede te verkoop.

Die vaardighede wat in die twee betrokke projekte aangeleer en bemeester is, word prakties toegepas deur die skep van klein handvaardigheidsprodukte. Dit is egter hul eie verantwoordelikheid om die lewensvaardighede wat die deelnemers aanleer, toe te pas en verder te ontwikkel. Die deelnemers ontwikkel dus die vaardigheid om produkte te vervaardig, maar moet op eie inisiatief besluit wat om met die voltooide produkte te maak. Die deelnemers ontvang ook die nodige hulpbronne om dan vir ander gemeenskapslede klere kan herstel as 'n inisiatief vir 'n manier van geldinsameling.

Om hierdie praktiese vaardighede toe te pas moet die nodige hulpbronne beskikbaar wees. Dit beteken dat die deelnemers hul eie toerusting en materiaal moet kan insamel sodat hulle selfstandig, sonder die bystand van die projekleier, die vaardighede wat hulle bemeester het, kan benut. Hoewel dit nie die ideale bereiking van bemagtiging is nie, word die deelnemers tog in 'n mate bemagtig. Dus is bemagtiging wel moontlik wanneer dialoog en deelname plaasvind maar optimale bemagtiging word gekniehalter weens 'n magswanbalans en mate van afhanklikheid omdat die deelnemers voortdurend nuwe vaardighede en talente moet aanleer met die hulp van die projekleiers.

### 4.4 Bemagtigingskommunikasie

Bemagtigingskommunikasie is 'n deurlopende proses wat deelname en dialoog vereis. Bemagtigingskommunikasie verskil van die deelnemende benadering omdat dit meer klem plaas op die kommunikasieproses spesifiek gefokus op bemagtiging. 'n Individu wat deur kommunikasie bemagtig is, skep bewusmaking van die ontwikkeling wat plaasvind en ook nodig is om plaas te vind (paragraaf 2.5). Inheemse kennis uit die gemeenskap dra by tot die bemagtiging van die gemeenskap. Dit is egter belangrik dat die gemeenskap op persoonlike vlak bemagtig moet word om hul eie vaardighede en hulpbronne te kan identifiseer, asook op interpersoonlike vlak sodat hulle nuwe kennis kan inwin en op kollektiewe vlak sodat hulle kan saamwerk en erkenning aan mekaar se vaardighede kan gee om volhoubare ontwikkeling binne die gemeenskap voort te bring (2.4.7). Vervolgens word die konstrukte van bemagtigingskommunikasie ondersoek.

#### 4.4.1 Deelname

Die konsep *deelname* veronderstel dat die lede van die betrokke projekte aan die einde tenminste op ‘n vlak van gemeenskapsbeheer en kollektiewe besluitneming moet funksioneer.

##### 4.4.1.1 Betrokkenheid by beplanningsfase

Betrokkenheid by die beplanningsfase vereis dat sowel die projekleiers as die deelnemers as gelyke vennote aktief deelneem aan die beplanning van alle aspekte van die projek (2.4.5).

Dit het uit die onderhoude geblyk dat beide projekleiers die inisiatief neem in die beplanning van die projekte. Die projekleier van Tsa Lapeng meen dat daar ‘n vasgestelde leerplan gevolg moet word.

> *Daar is net basiese naaldwerkgoed wat almal moet leer en daarin het hul nie ‘n keuse nie. As hul die basiese klerereeks kan maak soos hemde en rompe en swembroeke, dan kan hul enige iets anders ook maak daarna.*

Die projekte het hul onstaan te danke aan die behoefte aan volhoubare ontwikkeling van individue en gemeenskappe. Deelname is van die uiterste belang in alle aspekte – insluitend kulturele identiteit, sosiografie, fisiese bestuur van die projek en die persoonlike bemagtiging wat elke individu verkry deur intellektuele kennis en stimulering en selfstandigheid te verwerf (sien paragraaf 2.4.4). Deelnemers moet nie sleg fisies opgelei word om handvaardig te raak nie, maar ook op intellektuele vlak gestimuleer word om selfstandigheid te verkry (paragraaf 2.4.4). Dit beteken dat na mate bemagtiging plaasvind, deelname op meer vlakke behoort voor te kom en nie meer slegs op die onderste twee vlakke van Arnstein se leer nie. Op die eerste vlak vind *manipulering* plaas wanneer die gemeenskap wat ontwikkeling verlang die aksies bywoon en dan onderrig en geadviseer word om die projek te ondersteun sonder dat hulle enige insette lewer rakende hul eie ontwikkelingbehoeftes. Op hierdie vlak word die deelnemers bloot die nodige naaldwerkvaardighede geleer en aangemoedig om dit wat hulle maak, in hul gemeenskap te verkoop. Dit is belangrik dat die deelnemers, namate hulle bemagtig word deur die aanleer van naaldwerkvaardighede en lewensvaardighede, meer deelname aan die projek gegun moet word. Die deelnemers moet begin deelneem aan die ontwikkeling en beplanning van die projek totdat hulle eienaarskap van die projek opneem. Dit is ’n tydsame proses wat met deurlopende groei gepaard gaan.

Beide die projekte val tans nog op die onderste twee vlakke van Arnstein se leer naamlik die manupilerings en terapeutiese vlakke. Alle produkte en aktiwiteite van die Tsa Lapeng ontwikkelingsprojek is saamgestel in ’n samevattende handleiding vir naaldwerkbeginners. Hierdie handleiding is opgestel deur ’n plaaslike naaldwerkonderwyseres.

In die geval die *Seboni Creativity Centre* word die produkte in die Potchefstroomgemeenskap verkoop en nie in die Ikageng omgewing waar die vroue hul eie produkte aan hul eie mense kan verkoop nie. Daarom sê die projekleier:

> *Jy weet dit is hoekom ek die inisiatief neem om vir hulle goed te sê wat om te maak omdat ek weet wat die mark wil hê daar by ons.*

Dit hou direk verband met bemagtiging soos bespreek in 2.4 omdat die blote aanleer van vaardighede nie bemagtiging kan verseker nie. Die projekleiers het ook erken dat hul die deelnemers meer as net die blote naaldwerkvaardighede wil aanleer, "hulle moet leer om die wêreld te face tenspyte van hul agtergrond". Die resultate uit die fokusgroepe toon egter 'n interessante tendens. Die deelnemers aan die Tsa Lapengprojek stem wel saam dat hulle slegs aan voorafbeplande aksies deelneem en self geen voorstelle vir produkte wat gemaak word, kon maak nie. Die enigste situasie waarin die deelnemers hul eie insette kon lewer, is toe die materiaal waarmee die produkte gemaak sou word, gekies moes word.

Daarenteen meen die deelnemers van die *Seboni Creativity Centre* wel dat hulle die meeste van die tyd dié is wat met die idees na vore kom en die produkte maak wat hulle wil:

> *sometimes they tell us but most of the time we are the ones that comes with ideas...*

Hierdie vlak van deelname kan verbind word aan die eerste vlak van deelname (2.4.5) van manipulering, die deelnemers is van mening dat hul deelneem en voorvat terwyl daar eintlik minimale deelname plaasvind.

Dit is veral interessant as daar in ag geneem word dat die projekleier meen dat selfs as hulle insette vra, die deelnemers dit nie lewer nie, Die projekleier het ook genoem dat hulle die deelnemers al dikwels gevra het vir voorstelle oor wat hulle wil maak, maar die deelnemers het nog geen voorstelle gemaak nie.

> *Ek verstaan dit baie goed want my kreatiwiteit is nie so goed ontwikkel nie, so as jy nie weet dat jy kan nie, dan gaan jy nie. Ek glo wel hulle sal nog later voorstelle begin gee.*

Die projekleier verwag dus dat die deelnemers later vanself insette sal begin lewer en deelneem aan besluite en beplanning wanneer hulle meer vertroue in hulleself het, en meer vertroud is met die projek en die produkte wat hulle kan maak. Die navorser het waargeneem dat daar in beide die projekte bloot aan die deelnemers verduidelik word wat gedoen moet word en wanneer dit afgehandel moet wees.

Die partye se persepsies rakende hul betrokkenheid by die beplanningsfase verskil duidelik. Hoewel die projekleiers erken dat hulle nie in vennootskap met die deelnemers staan tydens die beplannigsfase nie, glo die deelnemers dat hulle wel aan die beplanning deelneem. Dit skep die moontlikheid dat die deelnemers gepaai word. Die deelnemers moet nie slegs aan die beplanningsfase deelneem nie, maar ook aan die toepassings- en implementeringsfases van die projek.

#### 4.4.1.2 Betrokkenheid by uitvoering/implementering

Soos beredeneer in paragraaf 2.4.5, vereis betrokkenheid by uitvoering of toepassing dat die deelnemers sowel as die projekleiers as gelyke vennote aan die uitvoering van beplande doelwitte en aksies moet deelneem.

Die produkte wat gemaak word in beide projekte word alles deur die deelnemers self gemaak. Die projekleiers leer hulle hoe om dit te maak en gee raad. Tydens die semi-gestruktureerde onderhoud het die projekleier van Tsa Lapeng genoem dat die deelnemers absoluut self verantwoordelik is vir wat gemaak word. Daar word aan elke deelnemer ’n patroonboek gegee en hulle moet dan self die patrone gebruik. Daar is waargeneem dat die deelnemers alles self moet maak. Die projekleier sal leiding gee en fasiliteer deur seker te maak dat die deelnemers nie ernstige foute begaan nie. Geringer foute word wel toegelaat sodat die deelnemers daaruit kan leer en dan moet die werk soms losgetrek en van voor af aan aangepak word. Sommige deelnemers raak baie kwaad vir die projekleier (fasiliteerder) indien dit gebeur.

Soos in paragraaf 2.4.4 bespreek, moet die deelnemers eienaarskap van die projek opneem. Die deelnemers moet tydens hierdie fase ’n sterk vorm van persoonlike bemagtiging ervaar deurdat hulle eienaarskap moet opneem en die vaardighede en vermoëns wat hulle reeds tydens die implementeringsfase aangeleer het, moet kan toepas.

Dit was egter in hierdie projek nie die geval nie. Die deelnemers het gemeen dat dit die projekleier se verantwoordelikheid is om toe te sien dat hulle geen foute begaan nie, want sy mors hul tyd as hulle iets moet oordoen. Alhoewel daar sommige deelnemers is wat dit as ’n leergeleentheid beskou, sien ander dit as nalatigheid van die projekleier. Dit wil dus voorkom of die deelnemers afhanklik bly van die projekleier. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat deelnemers nie genoegsaam by die beplanningsfase betrokke is nie en dus nie van die begin af reeds eienaarskap van die projek opneem nie.

Die Seboni Creativity Centre se deelnemers het aan 'n Woolworths modeparade deelgeneem waar hulle vir die mense in Potchefstroom en hoofsaaklik lede van Woolworths kon wys wat hulle maak.

*Seboni het drie modelle gehad, drie van hulletjies, en almal het saam gewerk aan die klere wat als uit herwinbare materiaal gemaak is.*

Alhoewel daar geen direkte verwysing in die fokusgroep gemaak is na die uitvoering en toepassing nie, kan afgelei word dat die deelnemers self verantwoordelik is vir alles wat gemaak word. Die produkte word ook verkoop as synde hul hande-arbeid.

Die deelnemers neem aktief deel aan verskeie aspekte van die projek en dit blyk dat daar ontwikkeling plaasvind, veral ten opsigte van handvaardigheid, maar tog is daar 'n gebrek aan deelname aan die besigheidsaspekte van die projekte. Soos bespreek in hoofstuk 2.4 moet die deelnemers harde sowel as sagte vaardighede aanleer, sagte vaardighede verwys na die besigheids- en emosionele aspekte en hierdie vaardighede word aangeleer deur deelname aan die projek. Dit wil sê die verkryging of aankoop van materiale en benodigdhede asook die bemarking van produkte en opstel van begrotings. Dit wil dus voorkom of die twee betrokke projekte die deelnemers bloot handvaardig bemagtig en nie noodwendig om ekonomies volhoubaar te wees nie, aangesien daar min intellektuele stimulering of blootstelling deur aktiewe deelname aan die bestuur van die projekte bestaan (paragraaf 2.4.3).

#### 4.4.1.3 Betrokkenheid by evaluering

Die evalueringsfases van 'n projek word maklik afgeskeep omdat dit die laaste fase van die projek is, maar dit is een van die belangrikste fases.

Die deelnemers van die Seboni Creativity Centre meen dat hul wel deur die evaluerings fase gaan omdat hul elke keer nadat hul 'n produk voltooi het dit vir almal wys en daaroor gesels. Die deelnemers van Tsa Lapeng voel egter dat daar nie werklik evaluering plaasvind nie omdat elkeen op 'n ander vlak in die projek is met die produkte wat hulle maak. Hulle voltooi nie op 'n gelyke tyd hulle produkte of die projek nie, dus voel hulle nie dat evaluering plaasvind nie. Evaluering moet egter nie net 'n terugkyk wees op die produkte wat gemaak is nie maar op die ontwikkeling wat die persoon ondergaan het.

Vir beide die projekleiers is evaluering 'n baie belangrike fase omdat hulle wil weet waarop hulle moet verbeter met die ander deelnemers. Hoewel Tsa Lapeng se projekleier meen dat sy self hulle persoonlike ontwikkeling waarneem, erken sy dat daar 'n gaping is om die evaluering met hulle te deel. Die projekleier van Seboni Creativity Centre verduidelik dat sodra haar deelnemers 'n projek voltooi het, gebruik sy 'n volle klas om net oor hulle ervarings en uitdagings gedurende daardie projek te gesels voordat hulle 'n nuwe projek aanpak.

Die projekte moet klem plaas om die deelnemers te evalueer en hul aandag te rig op die ontwikkel wat hulle reeds bekom het. Die deelnemers sal op ‘n persoonlike vlak bemagtigig word indien hul besef wat hul reeds kon vermag (2.4.4). Dit is egter belangrik dat die deelnemers moet deelneem aan die evalueeringsfase.

Daar is verskeie aspekte wat deelname aan ’n projek bevorder Die eerste bousteen van bemagtiging is die dialoog wat die inisiëringsfaktor tot deelname is.

### 4.4.2 Dialoog

Dialoog binne Tsa Lapeng en die Seboni Creativity Centre behoort wederkerig van aard te wees, waar sowel die deelnemers as die projekleiers as gelyke vennote geag word en gelyke geleenthede gegun word om aan gesprekke deel te neem en insette te lewer. Dialoog moet die geleentheid skep vir deelnemers om bevry te word van marginalisering en onderontwikkeling (2.4.5).

#### 4.4.2.1 Gelyke vennote

Om gelyke insette te lewer moet die projekleiers en die deelnemers ewe veel betrokke wees by gesprekke, idees opper en hul menings lug. Dit is ook belangrik dat die betrokke partye oor ewe veel mag moet beskik sodat hulle op gelyke vlak met mekaar kan kommunikeer (2.4.3). In beide die betrokke projekte funksioneer die projekleier en deelnemers nie as gelyke vennote nie. Soos reeds in paragraaf 2.4 bespreek, maak die opvoedkundige aard van die projek dit moeilik om optimale bemagtiging te bereik. Die opvoedkundige aard van die projekte dui reeds op ’n magswanbalans wat ontstaan as gevolg van ’n gebrek aan kennis en/of die vermoë om sekere talente en vaardighede te ontwikkel en aan te wend.

Die projekleier sowel as die deelnemers van Tsa Lapeng het erken dat hulle nie as gelyke vennote beskou kan word nie. Die projekleier meen dat die deelnemers haar as ’n werkgewer sien en verwag dat sy vir hulle werk sal voorsien sodra hulle die projek voltooi het. Dieselfde tendens word gevind in Seboni Creativity Centre; die projekleier stel aan die deelnemers voor wat gedoen moet word, wanneer dit moet plaasvind en selfs hoe dit gedoen moet word.

Tydens die fokusgroepsessie het dit na vore gekom dat een deelnemer selfs die projekleier van Tsa Lapeng as haar “ma” sien:

> *she is like a mom to me you know, she helped me to start this and do something and she will always take care of me. I just want to keep her happy and proud of me.*

Ander deelnemers beskou die projek net as ’n klas wat hulle bywoon en daarom moet hulle luister na alles wat die projekleier voorstel en sê. Deur op te sien na die projekleier en slegs op opdragte te wag, plaas die deelnemers die projekleier duidelik in ’n magsposisie. Dit is nie net belangrik dat die deelnemers aangemoedig moet word om aan gesprekvoering deel te neem nie, maar hulle moet ook voel dat hul mening waarde inhou. Die projekleier moet hulle die geleentheid gun om die inisiatief te neem, anders word daar gelyke insette nie gelewer nie.

Die magswanbalans dra daartoe by dat die deelnemers afhanklik van die projekleiers bly en nie, bemagtig word om hul bestaande hulpbronne te benut en die vaardigheid te ontwikkel om selfprodukte en projekte te inisieer nie. Soos bespreek in paragraaf 2.4.3 moet die deelnemers by die projekleiers leer en die projekleiers moet by die deelnemers ook leer. Dit word soms gekompliseer omdat die projekleiers moeilik afstand doen van hul magsposisie.

Hoewel die opvoedkundige aard van die projekte die bereiking van ’n gelyke vennootskapsvlak bemoeilik, is dit tog belangrik dat die projekleiers steeds ’n mate van dialoog tydens elke proses van die projek moet aanmoedig. Om dialoog te verseker is dit belangrik dat die betrokke partye ’n gedeelde betekenis heg aan dít wat bespreek word. In Freire (1993) se werk, soos in paragraaf 2.4.7 bespreek, erken hy dat, hoewel daar gelykheid in die dialoog moet bestaan en die afstand tussen die leermeester en leerder dus moet verdwyn, iemand die dialoog moet begin. Daarom begin die projekleiers die dialoog binne die betrokke ontwikkelingsprojekte sodat hul die vaardighede vir die deelnemers kan aanleer. Dit is egter belangrik dat die deelnemers moet betrokke raak om dialoog te vorm sodat hul die vaardighede wat aangeleer moet word kan identifiseer en ook hul eie maak. By wyse van dialoog kan gemeenskappe waardevolle nuwe indiepte-kennis oor hul bepaalde behoeftes en beskikbare hulpbronne genereer, wat tydens die ontwikkelingsproses aangewend kan word.

#### 4.4.2.2 Gedeelde begrip/betekenis

Gedeelde begrip/betekenis verwys daarna dat die betrokke partye mekaar se konteks en persepsie moet verstaan (2.4.6). Dit wil voorkom of gedeelde begrip sterker in Tsa Lapeng as in Seboni Creativity Centre voorkom, maar dat struikelblokke steeds teëgekom word.

Een van die grootste struikelblokke van gedeelde betekenis, wat veral binne ontwikkelingsprojekte met verskillende kulture teëgekom word, is die taalkwessie. In Tsa Lapeng het die projekleier die voordeel dat sy die deelnemers se moedertaal, naamlik Zulu, vlot kan praat. Alle kommunikasie tussen die twee partye vind dus in Zulu plaas. Hoewel dit tot groot voordeel van die projek strek, is daar steeds kwessies waar gedeelde betekenis tussen die projekleier en deelnemers nie realiseer nie. Een so ’n kwessie is reeds bepreek in paragraaf 4.3.3 met

betrekking tot selfbestuur van uitdagings. Die projekleier en deelnemers kommunikeer op ’n verstaanbare vlak maar die twee partye kommunikeer steeds by mekaar verby omdat hulle mekaar se konteks nie volkome begryp nie. Die projekleier is bekommerd dat die deelnemers nie self hul uitdagings kan bestuur nie en dat hulle afhanklik bly van haar. Daarteenoor raak die deelnemers gefrustreerd met die projekleier se vereistes rakende hul finansiële beplanning en beskou hulle haar as die voorloper van die projek; dus moet hulle net volg.

Binne die Seboni Creativity Centre is die betrokke partye vir kommunikasie afhanklik van ’n gebroke Engels, liggaamstaal en nieverbale verduidelikings. Die projekleier van Seboni Creativity Centre meen dat Engels en Afrikaans deurmekaar gepraat word met die deelnemers.

> *Ag ons meng ons taal en uhm ja ... Ek dink hulle verstaan mooi.*

Daar is egter nie sekerheid daaroor of die deelnemers die projekleier goed verstaan nie. Die kommunikasieproses neem langer as gevolg van die taalkwessie. Wanneer daar aan die deelnemers verduidelik moet word hoe om ’n produk te maak of 'n nuwe vaardigheid aangeleer moet word, moet dit fisies vir hulle gedemonstreer word. Dit behels dat die projekleier telkens met die produkte begin en dan gaan die deelnemers net aan. Hoewel die betrokke partye mekaar waarskynlik uiteindelik verstaan, beteken dit eintlik dat die dialogiese kommunikasie beperk word.

Die deelnemers se persepsies toon weereens ’n interessante tendens. Hulle voel baie positief oor die kommunikasie en glo dat hulle mekaar baie goed verstaan. Een deelnemer meen dat:

> *Working together with them gave us this understanding to be able to know what are they thinking ... We are able to communicate cause we've been working like sisters.*

’n Volgende deelnemer was van mening dat hulle baie naby aanmekaar is; daarom is dit maklik om te kommunikeer en mekaar te verstaan. Sy verduidelik ook dat hulle mekaar leer soos 'n span en deur fisiese verduidelikings mekaar verstaan. Hulle maak dus staat op nieverbale kommunikasie.

Dit is duidelik dat gedeelde betekenis binne die twee projekte nie volkome realiseer nie. Die deelnemers bly afhanklik van die projekleier omdat geeneen van die partye volkome begrip vir die ander se konteks het nie. Die partye praat by mekaar verby sonder dat hulle dit besef omdat die taalverskil ‘n uitdaging is. Dit is belangrik dat die projekleiers en deelnemers deur middel van tweerigtingkommunikasie mekaar tegemoet moet kom sodat hulle die misverstande kan identifiseer.

#### 4.4.2.3 Tweerigtingkommunikasie

Tweerigtingkommunikasie vereis dat daar ’n wederkerige vlak van kommunikasie deur middel van terugvoering en inagneming van persepsies tussen die betrokke partye moet plaasvind (2.4.6). In beide die betrokke projekte wil dit voorkom of daar hoofsaaklik eenrigtingkommunikasie plaasvind, wat tot kennisoordrag lei. Dit kan impliseer dat bemagtiging ook nie verder beweeg as die aanleer van vaardighede nie en daarom word bemagtigting beperk.

Dit wil voorkom of daar 'n gebrek aan tweerigtingkommunikasie is omdat die projekleiers eenvoudig die voorstelle rakende die produkte wat gemaak kan word, maak. Die deelnemers het egter nie die geleentheid om die gemeenskap se behoeftes met die projekleiers te bespreek nie. Gevolglik reflekteer die gekose produkte nie noodwendig se gemeenskappe behoeftes nie. In Tsa Lapeng word die projekleier slegs as ’n “onderwyser” beskou en luister die deelnemers bloot na wat sy sê en voer dit dan uit. Die deelnemers verkeer nie in ’n vertrouensverhouding met die projekleier nie en voel dat hul insette waardeloos sal wees.

Daarteenoor voel die projekleier van die Seboni Creativity Centre dat die deelnemers eers ’n jaar sedert die onstaan van die projek begin oopmaak en hul stories begin deel het. Die deelnemers het dus baie lank geneem om op hul gemak te raak met en gewoond te raak aan die projekleier en die projek. Dit impliseer ook dat die kommunikasie vir die eerste jaar van die projek hoofsaaklik eenrigting van aard was. Die deelnemers het opdragte uitgevoer en geluister na die projekleier sonder om terugvoer te gee en op gelyke vlak te kommunikeer. Met verloop van tyd het die deelnemers egter meer begin deelneem en selfvertroue ontwikkel sodat hulle later volkome op hul gemak voel in die projek. Hierdie stelling word gestaaf deur ’n deelnemer wat meen dat in Seboni, hulle soos "vriende" geraak het en dat daar geen "verskil" meer tussen hulle bestaan nie. Dit stem ook ooreen met die argument dat namate deelnemers bemagtig word, hulle ook toenemend as vennote in die proses beskou word. Die feit dat die deelnemers op hul gemak en tuis voel in die projek, beteken egter nog nie dat daar in alle opsigte voldoende tweerigtingkommunikasie plaasvind nie.

Tweerigtingkommunikasie tussen die projekleiers en deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte behoort nog heelwat aandag te geniet, maar hierdie proses is moeilik as gevolg van die taalkwessie wat ’n struikelblok is en die opvoedkundige aard van beide die projekte. In die geval van Tsa Lapeng behoort die projekleier nog baie aandag te skenk aan hierdie vertrouensverhouding met die deelnemers om tweerigtingkommunikasie te bevorder. Die projekleier van Seboni Creativity Centre moet egter daarop fokus om nie die gesprekke in ’n spesifieke rigting te lei en daardeur die deelnemers te paai nie, want dit werk afhanklikheid van die projekleier in die hand.

Tweerigtingkommunikasie verbeter wanneer die betrokke partye mekaar se agtergrond en konteks in ag neem.

Dialoog behoort bevorder te word indien die persepsies en ervarings van wedersydse kommunikasie, gelyke vennote en gelyke insetgeleenthede dieselfde is tussen alle rolspelers. Volgens die projekleiers moedig hulle wedersydse kommunikasie tussen hulle en die deelnemers aan en skep hulle tydens elke projek-sessie ’n geleentheid vir die deelnemers om hul behoeftes te kommunikeer.

Tydens deelnemer-waarnemer het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die projeklede nie aan die beplanning of aan die kommunikasieprosesse in die projek deelneem nie. Wanneer die deelnemers nie betrokke is by of deelneem aan beplanning nie, kan hulle ook nie deelneem aan die dialoogvoering om gelyke insette te kan lewer nie. Die deelnemers kan dus ook nie as gelyke vennote erken word nie, omdat hulle nie werklik ’n pertinente en daadwerklike rol in die projek vervul nie.

Daar is bevind dat die projekleiers van die Seboni Creativity Centre- en Tsa Lapeng ontwikkelingsprojekte insetgeleenthede vir deelnemers skep tydens die uitvoering van die projek, maar dat hulle wel meer aandag daaraan moet gee tydens die beplanningsfase. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar nog heelwat ruimte vir verbetering in die dialoog tussen die betrokke partye is.

Om effektiewe deelname te verseker moet die deelnemers op hul gemak en tuis voel binne die projek. Deelnemers moet geleenthede gegun word om op hul eie manier aan gesprekke en aksies deel te neem. Die volgende konsep wat bespreek word, is kulturele identiteit.

### 4.4.3 Kulturele identiteit

Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie lê klem op die unieke kulturele identiteit en waardes van plaaslike gemeenskappe (2.4.7). Kultuur speel ’n belangrike rol in die bemagtigingsprosesse aangesien interkulturele kommunikasie alleenlik doeltreffend kan wees as individue mekaar verstaan en respekteer, interkulturele kommunikasie behoort te lei tot die verbetering in begrip en respek. Begrip vir die diversiteit van die gemeenskap vorm die basis vir kulturele verskeidenheid. Indien die betrokke partye begrip het daarvoor dat gemeenskapslede verskil met betrekking tot tradisies, waardes, geloofsoortuigings en sosiale norme word daar reeds erkenning an kulturele verskeidenheid gegee. Die bevindinge van hierdie konstruk waaruit kulturele verskeidenheid bestaan word vervolgens bespreek.

#### 4.4.3.1 Inheemse kennis

Inheemse kennis soos gesien in paragraaf 2.4.3 verwys na die reeds bestaande vaardighede en kennis wat die deelnemers het en wat kan bydra tot suksesvolle bereiking van ontwikkelingsdoelwitte. Inheemse kennis word gebruik om die deelnemers se behoeftes en hulpbronne te identifiseer. Inheemse kennis is by beide projekte ŉ konsep wat min aandag geniet. Dit het duidelik uit die semigestruktureerde onderhoud met die projekleier en die fokusgroepsessie met die deelnemers van Tsa Lapeng na vore gekom dat die inheemse kennis van die deelnemers en die gemeenskap, met betrekking tot tradisies, waardes en gewoontes, nie ŉ belangrike rol speel in die wyse waarop die projekte gestruktureer word nie. Die deelnemers word nie betrek by besluitneming oor die waar, wanneer en hoe van die projek nie.

> *Daar is maar net basiese goed wat hulle moet leer, kultuur beïnvloed nie ŉ reguit stiksel nie, ek probeer by hul kultuur aanpas deur in hul moedertaal te kommunikeer.*

Daar is ŉ vooropgestelde manier waarop die projek funksioneer, en enigiemand wat deel van die projek wil uitmaak, moet bloot by daardie patroon aanpas.

Hoewel daar in Seboni Creativity Centre ŉ poging aangewend word om kulturele identiteit in ag te neem deurdat die projekleier na hul omgewing gaan vir die aanbieding van die projek en produkte voorstel wat sy dink hulle in hul eie gemeenskap kan verkoop, was dit egter nie suksesvol nie omdat die gemeenskap geen behoefte aan die artikels het nie.

> *...omdat dit nie die gemeenskap se smaak en styl was nie en hul het ook nie die finansies vir luukshede nie.*

Dit is belangrik dat die fasiliteerder eers ŉ behoeftebepaling in die gemeenskap doen en eerder die deelnemers aanmoedig om idees na vore te bring. Die deelnemers se kultuur moet geïntegreer word met die projek sodat hulle bemagtig kan word binne hul eie konteks en nie binne ŉ Westerse konteks nie. Die deelnemers meen dat hulle egter baie van hul kultuur met die projekleier deel:

> *You know sometimes we learn from others cause they don't know all about our culture.*

Daarenteen meen die deelnemers wel dat hul kultuur in ag geneem word en dat hulle gereeld aan die projekleier hul kennis en ervaring oordra en met haar deel. Weereens is daar ŉ verskil in die betrokke partye se persepsies.

### 4.4.4 Inagneming van diversiteit

Om bemagtiging teweeg te bring is dit belangrik om die deelnemers se kultuur en gemeenskap in ag te neem en deel te maak van die bemagtigingskommmunikasieproses. Volgens die deelnemers van die Seboni Creativity Centre word hulle diversiteit wel in ag geneem omdat hulle die geleentheid gegun word om die produkte wat hulle graag wil maak te maak. Die een deelnemer het verduidelik dat indien hulle die opdrag kry om 'n baadjie te maak dan mag elkeen sy eie baadjie na sy eie smaak maak, hulle hoef nie almal diselfde te lyk nie. Daar is geen opmerking gemaak in terme van diversiteit in persoonlikhede en kulturele oortuigings nie.

In Tsa Lapeng meen die deelnemers dat daar wel gefokus word op die inagneming van diversiteit deur dat elke deelnemer voel asof hulle uniek behandel word. Die deelnemers se vordering in die projek hang van hulsef af in terme van hoe gereeld hulle die projek bywoon. Daardeur word elke deelnemer se omstandighede in ag geneem en gerespekteer.

Die projekleiers is beide oortuig dat hulle die deelnemers se omstandighede en diversiteit verstaan en in ag neem. Die projekleier van Seboni Creativity Centre meen dat sy na die deelnemers se gemeenskap ry om die projek te fasiliteer omdat sy verstaan dat hulle nie so gereeld in die dorp kan ingaan nie. Sy probeer ook om relatiewe goedkoop produkte te laat maak wat hulle in hul gemeenskap sal kan verkoop terwyl die produkte wat hul vir haar kultuur maak anders is.

Dit is belangrik dat die betrokke partye van mekaar se kultuur moet leer sodat hulle meer begrip kan hê vir mekaar se optrede. Die groot magsafstand tussen die projekleier en die deelnemers sal verklein sodra beide partye bereid is om van mekaar se kultuur en omstandighede te leer. Alhoewel al die betrokke partye oortuig is dat diversiteit in ag geneem word, is daar steeds 'n plek vir verbetering deur dat die partye by mekaar moet leer.

### 4.4.5 Bestaande hulpbronne

Soos geargumenteer in paragraaf 2.4.7 is die gebruik van bestaande hulpbronne noodsaaklik vir bemagtiging tot volhoubare ontwikkeling. In die volgende afdeling word ondersoek gedoen na die mate wat deelnemers bemagtig word om bestaande hulpbronne te gebruik.

Na afloop van die empiriese navorsing blyk dit dat nie een van die twee projekte werklik bestaande hulpbronne gebruik nie. By Tsa Lapeng word die toerusting wat gebruik word deur die N3TC befonds. Na voltooiing van die projek word die toerusting die eiendom van die deelnemers. By Seboni Creativity Centre is die naaldwerkmasjiene die eiendom van die projek en deelnemers mag dit slegs tydens byeenkomste gebruik.

Hoewel beide projekte tekortskiet aan die gebruik van bestaande hulpbronne is daar 'n vorm van beloning of te wel bemagtiging by Tsa Lapeng omdat die deelnemers die toerusting ontvang wanneer hulle die projek voltooi. Dit leer die deelnemers sekere vaardighede soos deursettingsvermoë omdat hulle iets het om voor te werk.

Benewens die toerusting, soos naaldwerkmasjiene, benodig die deelnemers ook die materiaal waarvan die produkte gemaak moet word.

Wat die gebruik van materiaal betref, word daar sterker gefokus op die gebruik van bestaande hulpbronne. By Tsa Lapeng moet die deelnemers self materiaal voorsien en hulle word aangemoedig om gebruik te maak van afvalmateriaal wat verkry kan word by die plaaslike materiaalwinkels.

Alle materiaal wat tot dusver vir die maak van produkte by die Seboni Creativity Centre gebruik is, is deur die projekleier self ingesamel. Die deelnemers kan telkens wanneer 'n nuwe produk gemaak word, 'n keuse maak uit die materiaal wat die projekleier gebring het. Hoewel dit alles afvalmateriaal is wat die projekleier by ander naaldwerkprojekte insamel, is dit steeds die projekleier se verantwoordelikheid om die materiaal te bekom. Deelnemers is dus nog nie bemagtig om self bestaande hulpbronne te bekom nie.

Dit is dus duidelik dat nie een van die projekte die bestaande hulpbronne optimaal gebruik nie. Hoewel Tsa Lapeng in sekere mate van bestaande hulpbronne gebruik maak en die deelnemers aanmoedig om self die materiaal te voorsien, word die illusie steeds geskep dat daar altyd voorsien sal word indien nodig. Die deelnemers beskou dit as hul reg om die toerusting te ontvang na afloop van die projek.

Dieselfde illusie word geskep by Seboni Creativity Centre omdat die deelnemers bloot die projek moet bywoon en alles aan hulle verskaf word. Die deelnemers word dus nie bemagtig om skeppend te werk te gaan met dít wat hulle het nie. Daar word 'n mate van afhanklikheid geskep omdat die deelnemers nie self verantwoording hoef te doen nie. Soos in paragraaf 2.4.3 bespreek, is die gevaar van die opvoedkundige aard van die projekte dat die deelnemers maklik afhanklik raak van die projekleiers omdat hulle nie gebruik maak van hul bestaande hulpbronne en kennis nie, maar bloot vaardighede by die projekleiers aanleer. Daar moet tweerigtingkommunikasie plaasvind deur middel waarvan die deelnemers hul reeds bestaande hulpbronne en kennis bring en sodoende 'n bydrae tot die projekte lewer. Al word daar erkenning gegee aan die deelnemers se unieke kultuur moet hulle steeds met idees na vore kom om afhanklikheid teë te werk.

Die gebruik van bestaande hulpbronne vorm ŉ integrale deel van die bemagtigingsprosesse deurdat die deelnemers sodoende sal kan voortgaan met die projek sonder dat hulle afhanklik bly van skenkings of eksterne verskaffers soos projekleiers. Dit leer ook die deelnemers om skeppend te werk te gaan met dít wat hulle reeds het. Dit is egter baie belangrik dat die deelnemers dit dan ook self moet kan bestuur.

Kulturele sensitiwiteit – deur begrip vir kulture te hê – bevorder ŉ deelnemende kommunikasiebenadering tot ŉ gemeenskap se ontwikkeling omdat hulle bemagtig word ooreenkomstig hul eie konteks en nie soos met verouderde beginsels van modernisme om te verwester nie (soos in paragraaf 2.4.7 bespreek). Die inagneming van die unieke kulturele identiteit en waardes van plaaslike gemeenskappe is belangrik vir enige pogings van bemagtiging tot volhoubare ontwikkeling. Die navorser het bevind dat, hoewel die deelnemers positiewe terugvoer oor die respek wat die projekleiers vir hulle het, gegee het, die projekleiers in die toekoms moet probeer om meer ingelig te wees oor die kultuur van die gemeenskappe waarmee hulle werk.

### 4.5 Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk bied die bevindinge van die empiriese studie aan. Die bevindinge is bespreek aan die hand van die konstrukte soos in tabel 3.2 geïdentifiseer. Hierdie empiriese studie beklemtoon dat die projekleiers nie die deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte genoeg by beplanning betrek om aan hul behoeftes aandag te skenk nie.

Die eerste konsep wat bespreek is, is **bemagtiging** deur klem te plaas op:

- **Selfbestuur van uitdagings:** Die twee projekte verskil met betrekking tot selfbestuur. Tsa Lapeng wend ŉ sterk poging aan om die deelnemers te bemagtig om hul uitdagings self te bestuur. Die gebrek aan dialoog skep ŉ wanpersepsie by die projekleier dat sy die deelnemers ten opsigte van selfbestuur bemagtig. Omdat die deelnemers van mening is dat dit meer ekonomies sal wees vir hulle om die projekte tuis te voltooi, maar omdat dat die projekleier hulle in ŉ mate dwing om op eie koste by die projek te kom ontneem dit hulle die geleentheid vir selfbestuur. Daarteenoor lê Seboni Creativity Centre nie op dieselfde vlak van selfbestuur van uitdagings nie. Die projek fokus in die eerste plek op persoonlike bemagtiging voordat daar op ander uitdagings gefokus word.

- **Vaardighede**: Die deelnemers van die betrokke projekte word slegs geleer om handvaardighede te bemeester; lewensvaardighede geniet nie genoegsaam aandag nie. Deelnermers word dus nie optimaal bemagtig nie.

Volgende is **bemagtigingskommunikasie** bespreek wat gegrond is in die beginsels van deelame, dialoog en kulturele identiteit. Om **deelname** binne die betrokke projekte te identifiseer is daar meer spesifiek op die volgende aspekte ingegaan:

- **Betrokkenheid by beplanningsfase:** Die partye se persepsies verskil baie duidelik wat betref hul betrokkenheid by die beplanningsfase. Hoewel die projekleiers erken dat hulle nie in vennootskap met die deelnemers staan tydens die beplannigsfase nie, glo die deelnemers dat hulle wel aan die beplanning deelneem. Dit skep die moontlikheid dat die deelnemers gepaai word.

- **Betrokkenheid by die uitvoerings-/toepassingsfase:** Die deelnemers neem aktief deel aan verskeie aspekte van die projek en dit blyk dat ontwikkeling plaasvind – veral ten opsigte van handvaardigheid, maar tog is daar ŉ gebrek aan deelname aan die besigheidsaspekte van die projekte. Dit wil sê die verkryging of aankoop van materiale en benodigdhede asook die bemarking van produkte en opstel van begrotings. Daarom is dit veilig om te sê dat in die twee betrokke projekte, deelnemers bloot handvaardig bemagtig word en nie om ekonomies volhoubaar te wees nie, aangesien daar geen intellektuele stimulering of blootstelling deur aktiewe deelname aan die bestuur van die projekte plaasvind nie.

- **Betrokkenheid by evalueering**: Die deelnemers moet bewus gemaak word van die evalueeringsfase en presies wat dit behels sodat hulle die vaardighede wat hul reeds aangeleer het, kan identifiseer en hulself evauleer. Daar is ‘n gebrek aan evaluasie in beide in projekte en die bietjie evaluasie wat plaasvind fokus slegs op die fisies naaldwerk vaardighede wat aangeleer is.

Die konsep **dialoog** is onderverdeel in drie konstrukte, naamlik:

- **Gelyke vennote** Hoewel die opvoedkundige aard van die projekte ŉ gelykevennootskapsvlak bemoeilik, is dit tog belangrik dat die projekleiers steeds ŉ mate van dialoog tydens elke proses van die projek moet aanmoedig. Om dialoog te verseker is dit belangrik dat die betrokke partye gedeelde betekenis heg aan wat bespreek word. In Freier se latere werk soos in paragraaf 2.4.5 bespreek, herken hy dat hoewel daar gelykheid in die dialoog moet wees – die afstand tussen die leermeester en leerder moet verdwyn – iemand die dialoog moet begin. Tydens die aanvang van die dialoog bestaan

ʼn magswanbalans dus reeds, maar dit moet tydens dialoog ondervang word. Beide die porjekte moet egter nog hierdie oorgang maak;

- **Gedeelde begrip/betekenis:** Dit is duidelik dat gedeelde betekenis binne die twee projekte nie volkome realiseer nie. Dit dra by daartoe dat die deelnemers afhanklik van die projekleier bly aangesien die onderskeie partye nie volkome begrip toon vir die ander se konteks nie. Die partye praat by mekaar verby sonder dat hulle dit besef omdat ʼn duidelike magswanbalans bestaan. Dit is belangrik dat die projekleiers en deelnemers op tweerigtingkommunikasievlak moet verkeer sodat hulle die misverstande kan identifiseer;

- **Tweerigtingkommunikasie:** Tweerigtingkommunikasie tussen die projekleiers en deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte behoort nog heelwat aandag te geniet, maar hierdie proses is moeilik as gevolg van die taalkwessie wat ʼn struikelblok is en die opvoedkundige aard van beide die projekte. Die standpunte en insette van sowel die projekleiers as die deelnemers is ewe belangrik. Tweerigtingkommunikasie word beter bereik wanneer die betrokke partye mekaar se agtergrond en konteks in ag neem.

Ten laaste is die konsep **kulturele identiteit** bespreek

- **Inheemse kennis en sensitiwiteit** van die projekte moet geïdentifiseer word. Die inagneming van die unieke kulturele identiteit en waardes van plaaslike gemeenskappe is belangrik vir enige pogings van bemagtiging tot volhoubare ontwikkeling. Die navorser het bevind dat, hoewel die deelnemers positiewe terugvoer gegee het oor die respek wat die projekleiers vir hulle het, die projekleiers in die toekoms sal moet probeer om meer ingelig te wees oor die kultuur van die gemeenskappe waarmee hulle werk.

- **Inagneming van diversiteit** is ʼn konsep wat ʼn belangrike rol speel met die beplanning en uitvoering van die projekte omdat die deelnemers bemagtig moet word in hulle omstandighede en kulturele oortuigings. Hoewel al die betrokke partye van mening is dat hul diversiteit in ag geneem word, is daar ʼn geleentheid vir verbetering deur erkenning aan die betrokke diversiteite te gee.

- **Bestaande hulpbronne** is ʼn konstruk wat in geeneen van die twee projekte ten volle benut word nie. Hoewel die deelnemers van Tsa Lapeng aangemoedig word om hul eie materiaal te koop is die toerusting steeds iets wat aan hulle verskaf word. By die Seboni Creativity Centre ontvang die deelnemers alles wat hulle benodig. Die deelnemers word

dus nie bemagtig om skeppend te werk te gaan met dít wat hulle het nie. Daar word ŉ mate van afhanklikheid geskep omdat die deelnemers nie self verantwoording hoef te doen nie.

In beide projekte is dit belangrik dat daar gefokus moet word op persoonlikebemagtigingsvlak (2.4.4) sodat die deelnemers selfvertroue kan opbou om op ŉ kollektiewebemagtigingsvlak te kan funksioneer.

Die ondersteuningpogings van die projekleiers streef tans nie die ideale beginsels van doeltreffende deelname, dialoog en kulturele sensitiwiteit na nie, en as gevolg hiervan word deelnemers nie werklik bemagtig om projekte self te kan bestuur nie. In die volgende hoofstuk word die navorsingsvrae wat vir die studie gestel is, beantwoord, waarna aanbevelings vir toekomstige studies gemaak word.

# HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING EN SLOT

## 5.1 Inleiding

In hoofstuk 1 is verduidelik dat in hierdie studie ondersoek ingestel is na die mate waarin handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte tot bemagtiging binne die konteks van die deelnemende kommunikasieperspektief kan bydra. Meer spesifiek is geargumenteer dat kommunikasie tussen die belangegroepe in ooreenstemming met die basiese beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie behoort plaas te vind ten einde bemagtigingskommunikasie te verseker. Daar is gefokus op die problematiek dat die blote aanleer van vaardighede nie noodwendig volhoubaarheid verseker nie, waarna daar geredeneer is dat die betrokke ontwikkelingsprojekte opvoedkundig van aard is, wat deelname verder bemoeilik. Daar is selfs geargumenteer dat volledige deelname 'n onrealistiese verwagting in hierdie projekte is. Deelname kan wel gefasiliteer en verbeter word deur middel van bemagtigingskommunikasie.

Hoofstuk 2 het die grondliggende teoretiese beginsels van bemagtiging binne die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie volgens die belangrikste beskikbare literatuur uiteengesit om navorsingsvraag 1.3.1 te beantwoord. Daar is meer spesifiek gefokus op bemagtiging as synde onderliggend aan volhoubare ontwikkeling. Om volhoubare ontwikkeling te verseker moet die deelnemers eers bemagtig word. Vir bemagtiging om plaas te vind moet die kommunikasie binne die betrokke projekte aan die konsepte *deelname, dialoo*g en *kulturele identiteit* voldoen. Hierdie konsepte kan egter nie net in die huidige studie toegepas word nie maar aangepas word by die bemagtigingskommunikasieproses. Bemagtigingskommunikasie word gegrond op die konsepte van deelname, dialoog en kulturele identiteit, na aanleiding hiervan word geargumenteer dat bemagtigingskommunikasie binne die projekte moet plaasvind.

In hoofstuk 3 is 'n opsommende raamwerk bespreek van die kwalitatiewe navorsingsontwerp en navorsingsmetodes wat gevolg is om die navorsingstema te ondersoek. Die voor- en nadele van die kwalitatiewe navorsingsbenadering en die spesifieke metodes is bespreek om die motivering vir sowel as die toepassing daarvan in die studie uit te lig. Die uitdagings waarvoor die navorser tydens die studie te staan gekom het, is ook bespreek.

In hoofstuk 4 is die bevindinge van die empiriese ondersoek van die Tsa Lapeng en Seboni Creativity Centre ontwikkelingsprojekte bespreek. Die inligting, wat deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude, fokusgroepsessies en die deelnemer-waarnemertegniek ingesamel is, is aan die hand van die rigtinggewende teoretiese uitgangspunte wat in Hoofstuk 2 gestel is, ontleed.

In hierdie hoofstuk word die hoofgevolgtrekkings en opsommings wat na afloop van die studie gemaak is, bespreek ten einde die navorsingsvrae te beantwoord. ’n Oorsig van die studie word gegee deur te verwys na die agtergrond van die studie en die navorsingsbenadering wat gevolg is om die algemene navorsingsvraag te beantwoord. Laasgenoemde vrae is gebruik as basis om die algehele gevolgtrekking van hierdie studie te formuleer.

## 5.2 Beantwoording van navorsingsvrae

Vervolgens word die spesifieke navorsingsvrae beantwoord ten einde die algemene navorsingsvraag te kan beantwoord.

### 5.2.1 Konseptualisering van bemagtigingskommunikasie binne die konteks van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie met betrekking tot handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte

Die eerste navorsingsvraag het in hoofstuk 2 aan die orde gekom, naamlik:

*Hoe kan bemagtigingskommunikasie gekonseptualiseer word in die konteks van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie met betrekking tot handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte?*

Die algemene vertrekpunte vanwaar gewerk is, is eerstens dat bemagtiging noodsaaklik is vir volhoubare ontwikkeling om plaas te vind. Bemagtiging moet die deelnemers instaatstel om beheer oor die projek te neem en dus eienaarskap te vorm. Bemagtiging vereis baie meer as net die blote aanleer van vaardighede (paragraaf 2.4 en 4.4.1). Omdat die betrokke partye op verskillende vlakke van ontwikkeling is, asook verskillende waardes en oortuigings het, moet die verskillende perspektiewe bymekaar gebring word om te kan bepaal wat nodig is om bemagtiging te bereik.

Bemagtigingskommunikasie is ’n belangrike fasiliteerder in hierdie proses van bemagtiging. Bemagtingskommunikasie berus op die beginsels van deelname, dialoog en kulturele identiteit. Dit verskil van die deelnemende benadering omdat bemagtigingskommunikasie ‘n fasiliterende proses is. Dit is egter belangrik dat die gemeenskap op persoonlike vlak bemagtig moet word om hul eie vaardighede en hulpbronne te kan identifiseer – asook op interpersoonlike vlak sodat hulle nuwe kennis kan inwin en op ’n kollektiewe vlak sodat hulle kan saamwerk en erkenning aan mekaar se vaardighede kan gee om volhoubare ontwikkeling binne die gemeenskap voort te bring. Bemagtiging is ’n komplekse proses waardeur individue en gemeenskappe gestimuleer word om intellektueel sowel as in hul wesensaard te groei, asook om aktiewe deelname en die bestuur van die projekte teweeg te bring.

Daarom is dit uiters noodsaaklik vir bemagtiging om gepaard te gaan met aktiewe deelname deur fisiese handvaardighede aan te leer, maar ook met dialoog wat die selfstandigheid en wil in individue/gemeenskappe vestig om probleme te identifiseer, te bespreek en op te los. Sonder hierdie deelname word groot leemtes geskep ten opsigte van kulturele identiteit, inheemse kennis, sosiografie en eienaarskap. Hierdie konsepte van bemagtiging vorm die sleutel tot volhoubare ontwikkeling. Bemagtigingskommunikasie dien as fasiliteerder om die bereiking van bemagtiging te verseker. Volkome deelname is nie altyd moontlik nie maar wanneer deelname gefasiliteer word deur bemagtigiingskommunikasie dan kan dit lei tot 'n mate van bemagtiging.

Bemagtigingskommunikasie binne die konteks van die deelnemende benadering aan die hand van die Tsa Lapeng- en Seboni Creativity Centre ontwikkelingsprojekte kan gedefinieer word deur te kyk na die volgende konsepte: *deelname, dialoog en kulturele identiteit*.

- *Hoewel aanvaar word dat deelname nie van die begin af op die hoogste vlak behoort te wees nie, behoort deelnemers die vlak van gemeenskapsbeheer en kollektiewe besluitneming in al die fases van 'n projek na te streef. Dit beteken dat daar in die einddoel 'n vlak van eienaarskap in die beplanning, implementering, bestuur en evaluering van die projek behoort te wees.*

- *Om te verseker dat bemagtiging in ontwikkelingsprojekte plaasvind om 'n verskil in die gemeenskap te maak, moet die betrokke partye op 'n tweerigting-horisontale dialogise wyse met mekaar kommunikeer. Dialoog vind plaas in 'n omgewing van wedersydse vertroue en respek tussen deelnemers, met die wete dat die deelnemers sowel as die projekleiers 'n gelyke reg en geleentheid het om aan die dialoog deel te neem en bereid is om te luister en praat sodat hul bemagtig word om deel te neem op 'n dialogise wyse. Hierdie dialoog sal ook die deelnemers bemagtig om te redeneer en sin te maak van hul omstandighede sodat hul beheer daaroor kan kry. Dialoog bied die geleentheid vir 'n groep om hul idees te kommunikeer wat hul bemagtig om saam te werk en nuwe vaardighede bymekaar te leer.*

- *Ontwikkelingsprojekte moet hul eie kulturele identiteit skep en bevorder terwyl hulle die kulturele diversiteit van die projekleiers en die deelnemers in ag neem en respekteer. Die gebruik van inheemse kennis kan 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van die projek lewer. 'n Gedeelde waardesisteem en respek vir verskille kan lei tot verhoogde vertroue, deelname en ten einde bemagtiging.*

’n Tweede stap in die studie was ’n algemene ondersoek na die aard van die bemagtigingsproses van vroue binne die betrokke ontwikkelingsprojekte, voordat dit aan die hand van die geïdentifiseerde beginsels geanaliseer is.

### *5.2.2* Die bemagtiging van vroue deur middel van handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte in die *Seboni Creativity Centre* asook in *Tsa Lapeng*

Die tweede navorsingsvraag is as volg:

*Hoe word die bemagtiging van vroue deur middel van handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte in die Seboni Creativity Centre sowel as dié in Tsa Lapeng gesien?*

Om die tweede navorsingsvraag te beantwoord is eerstens gebruik gemaak van die beskikbare inligting oor die ontwikkelingsprojekte en ook die deelnemer-waarnemertegniek om die betrokke partye se benadering tot bemagtiging waar te neem. Tweedens is daar gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude wat met projekleiers gevoer is, en fokusgroepsessies is met die deelnemers van die verskillende programme gehou ten einde volledige inligting oor die bemagtigingsproses te kon insamel.

Volgens die projekleiers is bemagtiging die hoofdoelwit van albei projekte. Dit is vir die projekleiers belangrik dat die deelnemers juis vaardighede soos naaldwerk moet aanleer sodat dit iets is wat hulle in hul eie gemeenskap sal kan toepas. Die projekleier van die Seboni Creativity Centre lê sterk klem daarop dat die deelnemers eers op ’n persoonlike vlak bemagtig moet word; daarom word bemagtiging beskou as persoonlike groei. Die persoonlike vlak van bemagtiging vorm wel ’n integrale deel van volhoubare bemagtiging, maar dit moet gepaard gaan met die ander konsepte van bemagtiging om volhoubaarheid te verseker (sien paragraaf 2.4). Binne Tsa Lapeng word bemagtiging eerder gesien as onafhanklikheid en finansiële integriteit. Dit is belangrik dat die deelnemers self verantwoordelikheid moet aanvaar vir die nodige materiaal asook vir vervoeruitgawes na die projek (paragraaf 4.4.1.2 en 4.4.5).

Uit bostaande bespreking kan die volgende rakende die aard van bemagtiging van die betrokke ontwikkelingsprojekte afgelei word: Elke projek se bemagtiging verskil omdat die verskillende projekleiers verantwoordelik gehou word daarvoor om die deelnemers by die bemagtigingsproses van die projek te betrek. Elke projekleier het sy of haar eie manier van bemagtiging. Die deelnemers van Seboni word op ’n meer persoonlike wyse bemagtig terwyl die deelnemers van Tsa Lapeng bemagtig word ten opsigte van lewensvaardighede.

Dit is duidelik dat die projekleiers van die twee ontwikkelingsprojekte verskillende sienings huldig rakende die bemagtiging van die deelnemers. Daar word wel saamgestem dat bemagtiging

behels om die deelnemers daartoe instaat te stel om eienaarskap van die projekte te ontwikkel. Die bemagtiging behels dan verskeie vaardighede, hardevaardighede en sagtevaardighede wat aangeleer moet word. In vraag 3 word genoemde sienings bespreek.

### 5.2.3 Die persepsies van die projekleiers van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende kommunikasie en bemagtiging

Die derde navorsingsvraag het in hoofstuk 4 aan die orde gekom, naamlik:

> *Wat is die persepsies van die projekleiers van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende kommunikasie en bemagtiging?*

Die persepsies van die projekleiers word vervolgens onder volhoubare ontwikkeling en die beginsels van bemagtiging bespreek.

#### 5.2.3.1 Volhoubare ontwikkeling

Volgens die teoretiese uitgangspunt van volhoubare ontwikkeling behoort die deelnemers van Tsa Lapeng en die Seboni Creativity Centre die kennis wat hulle tydens die projek inwin en die vaardighede wat hulle daar leer bemeester, te kan benut om eiehandig die projek volhoubaar te kan bestuur (paragraaf 1.2).

Uit die bespreking in paragraaf 4.3 blyk dit dat die projekleiers meen dat die deelnemers wel die nodige vaardighede aanleer in belang van volhoubare ontwikkeling. Die deelnemers word geleer om verskeie vaardighede te bemeester wat hulle in staat stel om op hul eie te kan aangaan.

Die projekleiers erken egter dat die deelnemers nie ten volle verantwoordelik gehou word daarvoor om van hul bestaande hulpbronne gebruik te maak nie en dat die nodige materiaal en toerusting soms aan hulle verskaf word.

Laastens kon die projekleiers geen definitiewe antwoord gee op die vraag oor die bestuur van uitdagings nie, maar hulle voel dat die deelnemers tyd nodig het om beheer te neem oor hul situasie.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die persepsies van die projekleiers wel toon dat die projek volhoubaar is, hoewel hulle geen voorbeelde daarvan kon uitlig nie.

#### 5.2.3.2 Deelname

Die ideaal vir ’n ontwikkelingsprojek is dat die deelnemers betrokke moet wees op die hoogste vlak van deelname in alle fases van die projek, maar as gevolg van die opvoedkundige aard van die projek gaan die deelnemers hulself eers moet bemagtig, en ten mate hul bemagtig word, sal

hul op ‘n hoër vlak van deelname moet begin deelneem. Die betrokke partye moet in elke fase van die projek daarna streef om op die hoogste vlak van deelname te funksioneer.

Die projekleiers is van mening dat die deelnemers ’n regverdige kans gegun word om hul menings te lug maar beide die projekte het ’n vooropgestelde aksieplan. Die projekleiers aanvaar dus volle verantwoordelikheid vir die beplanningsfase van die projekte.

Gedurende die uitvoeringsfase het die projekleiers verduidelik dat dit die deelnemers se verantwoordelikheid is en dat hulle slegs fasiliteer.

Die projekleiers was van mening dat die projek deelname op die hoogste vlak voorstaan omdat die deelnemers terugvoer gee en aan die uitvoering van die projekte deelneem deur die produkte te maak. In die praktyk verwys laasgenoemde persepsie van die projekleiers na die vyfde rang van deelname, naamlik om die gemeenskap te probeer paai. Die deelnemers kry eers aan die einde van die projek kans om insette te lewer, maar oefen geen invloed uit op die ontwerp van die program wat eintlik ten bate van hul ontwikkeling beplan is nie.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die projekleiers van mening is dat die deelnemers genoegsame betrokkenheid by die verskillende fases van die projek toon maar dat hulle die erns van deelname by beplanning nie noodwendig besef nie.

#### 5.2.3.3 Dialoog

Die projekleiers is van mening dat daar ’n oopdeur-beleid in die kommunikasie tussen die deelnemers en projekleiers bestaan. Elke party het volgens die projekleiers die reg om hul menings, bekommernisse en uitdagings met die res van die groep te deel en hulle luister na mekaar wanneer die ander een praat.

Volgens die projekleiers kommunikeer die deelnemers en die projekleiers met mekaar in groepverband, spanwerk en debattering waar almal gelyke vennote is en moet saamwerk en oplossings vir probleme saam moet vind. Dus kan die gevolgtrekking gemaak word dat die projekleiers onder die indruk is dat daar wedersydse kommunikasie tussen die betrokke partye plaasvind, dat die projekleiers geleenthede skep vir gelyke insette van die deelnemers se kant en dat almal in ’n gelyke vennootskap in die kommunikasieproses verkeer.

#### 5.2.3.4 Kulturele verskeidenheid

Na aanleiding van afdeling 4.3 is kultuur ’n bepalende faktor tot die sukses van die projek volgens die projekleiers. Hulle is van mening dat indien kultuur as konsep ten volle in die projek verstaan, in ag geneem en geïmplementeer word, dit as middel tot suksesvolle ontwikkeling kan dien.

Volgens die projekleiers blyk dit dat hulle en die deelnemers wedersydse respek vir die verskille tussen elke kultuur toon. Hulle is verder van mening dat die projek poog om mense se persepsies van ander partye se kulturele voorkeure te verbreed en dat die projekleiers die aktiwiteite daarvolgens aanpas.

Die persepsies van die projekleiers is dat hulle die deelnemers aangemoedig het om inisiatief te neem vir wat hulle in die projek wil bereik en dat hulle genoeg geleenthede gegun word om hul idees en bekommernisse te deel. Hulle was ook van mening dat hul kommunikasie met die deelnemers veral grotendeels aan die beginsels van deelname, dialoog en kulturele verskeidenheid voldoen. Die projekleiers het erken dat die bemagtigingskommunikasie met die deelnemers deur heelwat uitdagings in die gesig gestaar word.

Vervolgens word op die persepsies van die deelnemers gefokus om navorsingsvraag 4 te beantwoord. Die persepsies van die deelnemers sal weer ooreenkomstig bemagtiging en die beginsels van bemagtigingskommunikasie uiteengesit word.

### 5.2.4 Die persepsies van die deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende kommunikasie en bemagtiging

Die vierde navorsingsvraag het ook in hoofstuk 4 aan die orde gekom en word bespreek ooreenkomstig die beginsels van die deelnemende benadering tot die vraag:

> *Wat is die persepsies van die deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte rakende kommunikasie en bemagtiging?*

#### 5.2.4.1 Bemagtiging

Die deelnemers is van mening dat hulle die nodige praktiese vaardighede aanleer om die projek volhoubaar voort te sit, maar erken dat daar sekere lewensvaardighede is waarna hulle verlang. Hulle verduidelik dat hulle steeds vir die projekleiers sal werk nadat hulle die projek voltooi het omdat hulle nie dink dat hulle daartoe in staat is om op hul eie aan te gaan nie.

Uit die bespreking in paragraaf 4.3 blyk dit dat die deelnemers voel dat hulle nie die uitdagings kan bestuur nie omdat hulle steeds opsien na die projekleiers as hul leier in daardie opsig.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die deelnemers nie in bemagtiging slaag nie omdat hulle nie in hul vermoëns glo nie. Sodra die deelnemers glo dat hulle iets sal kan doen, sal hulle ook makliker die nodige vaardighede daarvoor aanleer.

#### 5.2.4.2 Dialoog

Uit die bespreking in paragraaf 4.4.2 blyk dit dat die deelnemers ŉ duidelike magswanbalans tussen hulle en die projekleiers ervaar. Die deelnemers wil graag die projekte bywoon en luister na wat die projekleier te sê het en dan ook so haar opdragte uitvoer.

Volgens die deelnemers kommunikeer hulle wel duidelik met die projekleiers en kom daar geen struikelblok met betrekking tot taal of wedersydse begrip voor nie.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat, hoewel die deelnemers dink dat die nodige dialoog en tweerigtingkommunikasie tussen die betrokke partye plaasvind, dit belangrik is dat die deelnemers op gelyke vlak met die projekleiers moet kommunikeer en eweveel insette moet lewer rakende besluite wat geneem moet word.

#### 5.2.4.3 Deelname

Volgens die deelnemers aanvaar hulle verantwoordelikheid vir alle fases binne die projekte. Die deelnemers kan egter geen bewys lewer van hul deelname aan beplanning nie maar is oortuig daarvan dat hulle die idees genereer.

Albei projekte se deelnemers is van mening dat hulle tydens die uitvoering van die aksies deelneem aan die besprekings. Die projekleiers maak ten alle tye seker dat die deelnemers verstaan wat die doel van die aksie is en wat van hulle verwag word om die aksie te kan uitvoer. Die deelnemers van Tsa Lapeng ontvang ook ŉ sertifikaat en naaldwerkmasjien indien hulle die projek voltooi.

Die deelnemers se terugvoer gee aanleiding tot verkillende gevolgtrekkings wat oor die vlak van deelname in elke projek gemaak kan word. Die leerders van Tsa Lapeng funksioneer op die eerste vlak van deelname waar die gemeenskap wat ontwikkeling verlang, die aksies bywoon waar hulle onderrig en geadviseer word om die projek te ondersteun sonder om enige insette te lewer rakende hul eie behoeftes aan ontwikkeling. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die deelnemers van Tsa Lapeng op die rang van manipulasie op die onderste deelname-vlak deelneem.

Daarteenoor funksioneer Seboni Creativity Centre op die tweede vlak waar die deelnemers se mening nog geen doel dien nie en hul insette nie die ontwerp van die projek beïnvloed nie. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat hulle op die middelste vlak van skyngebaarpraktyk deelneem, wat nog nie ten volle deelnemend is nie.

#### 5.2.4.4 Kulturele verskeidenheid

Volgens die deelnemers van die betrokke ontwikkelingsprojekte word daar wel tydens projekaksies genoeg aandag geskenk aan kulturele verskeidenheid. Die deelnemers voel dat hulle baie goed gerespekteer word deur die projekleiers rakende hul kultuur. Die deelnemers kon egter geen inligting verskaf oor die projekleiers se kultuur nie. Hoewel die verskillende kulture gerespekteer word, leer hulle nie werklik iets van mekaar se kultuur nie.

Die persepsies van die deelnemers van beide projekte verskil rakende al die beginsels van bemagtiging. Alhoewel die deelnemers van Seboni Creativity Centre van mening is dat die projek grotendeels in hul kommunikasie met die projekleiers aan die vereistes van die beginsels van bemagtiging voldoen, getuig die bevindinge dat daar nog heelwat ruimte vir verbetering is. Die response van die deelnemers van Tsa Lapeng toon dat daar in ’n groot mate nog heelwat konstrukte in die kommunikasie met die projekleier tekortskiet, soos wedersydse kommunikasie, selfbestuur van uitdagings, inheemse kennis en gelyke insette – te veel om as volledig deelnemend te kan deurgaan.

Alhoewel nie alle konsepte van bemagtigingskommunikasie ten volle bereik word nie, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die deelnemers wel van mening is dat die projek hulle oor die algemeen bevoordeel. Hulle is oortuig daarvan dat die projek positiewe ontwikkeling vir hulle inhou en dat hulle die kennis wat hulle opdoen in die hede en in die toekoms sal kan toepas.

Aan die hand van die voorafgaande vrae sal die algemene navorsingsvraag volgende beantwoord word.

### 5.2.5 Beantwoording van die algemene navorsingsvraag

Die volgende navorsingsvraag het die doelwit van die studie bepaal:

> *In watter mate kan handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte tot bemagtiging bydra in die konteks van die deelnemende kommunikasieperspektief?*

Die doel van die studie was om die mate waarin handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte tot bemagtiging tussen die verskillende belangegroepe bydra te bepaal deur die persepsies wat die belangegroepe van die bemagtigingskommunikasie in die projek het, met die teoretiese uitgangspunte te vergelyk. Die aanname van hierdie studie was dat die Tsa Lapeng en Seboni Creativity Centre nie al die vereistes van bemagtiging en volhoubare ontwikkeling van die betrokke deelnemers sonder bemagtigingskommunikasie sal kan bereik nie. Vir die kommunikasie van die betrokke projekte om bemagtigend van aard te wees moet dit voldoen aan die onderliggende konsepte van deelnemende kommunikasie. Alle rolspelers moet

*dialogies* met mekaar *kommunikeer*, die deelnemers moet bemagtig word deur die projek om self ontwikkeling te inisieer sodat die projek *volhoubaar* kan wees en alle rolspelers se *kulturele identiteit moet* tydens die projekbeplanning en uitvoering daarvan in ag geneem word.

Uit die analise van die betrokke projekte sal die algemene navorsingsvraag ooreenkomstig bemagtiging en die beginsels van bemagtigingskommunikasie bespreek word.

#### 5.2.5.1 Bemagtiging

Hoewel die betrokke partye van mening is dat hulle die nodige praktiese vaardighede leer bemeester, erken die meeste van hulle dat daar 'n gaping is by die aanleer van lewensvaardighede. Hulle sal dus nog nie noodwendig die kennis en vaardighede wat hulle geleer het, self kan toepas ten einde die projek volhoubaar te bestuur nie.

Die projekleiers moet aandag skenk daaraan om die deelnemers selfvertroue te leer sodat hulle bereid sal wees om op hul eie voort te gaan. Daar moet nie net op die aanleer van tegniese vaardighede soos naaldwerk gefokus word nie, maar ook op “sagte” vaardighede soos selfvertroue, selfdissipline en deursettingsvermoëns.

#### 5.2.5.2 Dialoog

Die doel van dialogiese kommunikasie soos in paragraaf 2.4.5 bespreek, is om ’n omgewing te skep waarin die gemeenskappe luister en praat en self oor hul omstandighede te besin om as vennote probleemoplossings te vind. Die projekleiers behoort volgens die teoretiese stelling van dialoog as fasiliteerders van dialogiese kommunikasie op te tree deurdat hulle ’n omgewing skep waarin alle betrokkenes die vrymoedigheid kan hê om hul behoeftes, probleme en oplossings self te kan identifiseer en wederkerig te kan kommunikeer.

Die belangegroepe van die betrokke ontwikkelingsprojekte is almal van mening dat die projekleiers en deelnemers in ’n groot mate nie genoeg aandag aan dialogiese kommunikasie in die projek gee nie. Die projekleiers probeer dialogiese kommunikasie aanmoedig deur die deelnemers aan te moedig om aan die bespreking van die onderwerpe deel te neem en aan te voer dat hul idees en insette oor die aksies in die bespreking belangrik is.

Die navorser het die gevolgtrekking gemaak dat doeltreffende dialogiese kommunikasie nog nie tussen die projekleiers en die deelnemers bereik is nie. Daar is verskillende persepsies oor die gelykheid van die kommunikasie en die geleenthede wat die projekleiers bied vir wederkerige kommunikasie en insette geleenthede tussen die deelnemers en die projekleiers.

Met elke projek-aksie is dit belangrik dat daar ŉ pertinente geleentheid geskep word waar die deelnemers en projekleiers idees kan uitruil en ŉ kanaal geskep word vir wederkerige kommunikasie. Elke deelnemer moet ŉ geleentheid gegun word om insette te lewer en so ook aangemoedig word om aan die gesprek deel te neem. Die deelnemers van die dialoog moet selfstandig en met selfvertroue aan die gesprek kan deelneem sodat die persepsies van ŉ magswanbalans uitgeskakel kan word.

#### 5.2.5.3 Deelname

Volgens die teoretiese uitgangspunt van deelname behoort die projekbelangegroepe aan al die fases van die beplanning en uitvoering van die besluitnemingsprosesse deel te neem. Die navorser het die afleiding gemaak dat die projekbeplanning, aksie-temas en uitkomste die projekleiers se eie diskresie en inisiatief is en vooraf, sonder die betrokkenheid van deelnemers, beplan word.

Hoewel die persepsies van die verkillende partye daarop dui dat hulle deelneem, is daar nog heelwat ruimte vir verbetering in die deelname aan alle fases van die projekbeplanning, uitvoering en evaluering sodat die vlak van deelname in ’n hoër mate bereik word. Dit beteken dat daar wel ’n mate van deelnemende bemagtigingskommunikasie tydens die uitvoerings- en evalueringsfase geskied, maar binne die beperkings wat die projekleier opgestel het en dat die deelnemers nie aan die tema-beplanning van aksies en aktiwiteite mag deelneem nie.

Laastens verskil die deelname-vlakke in die verskillende projekte van die nie-deelnemende vlak af tot en met die deelnemende vlak. Vir die projek om aan al die beginsels van bemagtigingskommunikasie soos in die studie veronderstel, te kan voldoen moet die projekleiers dus aandag skenk aan die vlak waarop die leerders aangemoedig word om aan alle fases van die ontwikkelingsproses deel te neem. Die leerders se huidige deelname-vlak moet geïdentifiseer word en daarvolgens aangepas en aangemoedig word vir verder deelname.

#### 5.2.5.4 Kulturele verskeidenheid

Die projekleiers van die betrokke ontwikkelingsprojekte behoort die kulturele verskeidenheid van die verskillende belangegroepe sensitief te hanteer en die kommunikasie en ontwikkelingspraktyke daarvolgens aan te pas.

Uit die bespreking in afdeling 4.4.3 blyk dit dat Seboni Creativity Centre die projek is wat die meeste erkenning aan kulturele verskeidenheid gegee het en aanpassings daarvolgens gemaak het. Alhoewel die verskillende partye gemeld het dat elke belangegroep se kultuur in ag geneem is in die bemagtigingskommunikasieprosesse van Tsa Lapeng, is die navorser van mening dat daar inderdaad tekortgeskiet word in die praktyk van die beginsel. Die navorser is van mening

dat die voorkeure van die vooropgestelde beplanning van die projekleiers se kulturele perspektief nie genoeg ruimte laat vir ander kulture se geloofsoortuigings, tradisies en voorkeure nie. Daar moet saam met die deelnemers 'n besluit geneem word oor wat in die projek gemaak gaan word. Die projekleiers moet vooraf reeds navorsing doen oor wat die deelnemers se behoeftes en voorkeure en tradisies is sodat die projek daarvolgens beplan kan word. Die deelnemers moet die geleentheid gegun word om self voorstelle te maak wat hul kultuur in ag neem.

Die projekleiers het wel 'n poging aangebied om die deelnemers se kultuur te verken, maar die kultuur in die projek is steeds volgens die projekleiers se voorkeure uitgevoer. Verder word kultuur volgens die betrokke partye tot geloof en taal beperk, maar die algehele konstrukte waarna kultuur verwys, word nie in ag geneem nie.

#### 5.2.5.5 Algemene gevolgtrekking om navorsingsvraag te beantwoord

Uit die studie kan die volgende algemene gevolgtrekking oor die mate waarin handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte kan bydra tot bemagtiging in die konteks van die deelnemende kommunikasieperspektief. Die kommunikasie in die projekte is tans nog nie ten volle bemagtigend van aard nie. Die projekte gee nie genoeg aandag aan al die teoretiese uitgangspunte van bemagtigingskommunikasie binne die konteks van die deelnemende benadering op elke vlak van die ontwikkelingsproses of by al die projek-aksies nie. Die Tsa Lapeng en Seboni Creativity Centre ontwikkelingsprojekte poog om volhoubare ontwikkeling in die projekte te bereik, maar sonder bemagtigingskommunikasie in elke fase van die besluitnemingsprosesse in die beplanning, uitvoering en evaluering van die projek, sal voorgenoemde doel nie bereik word nie.

Vir bemagtiging om plaas te vind is dit van kardinale belang dat aktiewe deelname, gelyke deelname aan dialoog, sonder enige vorm of persepsie van magswanbalans, en die inagneming van kulturele verskeidenheid in alle fases van die projek gehandhaaf moet word. Elkeen van hierdie konsepte moet deur bemagtigingskommunikasie gefasiliteer word. Die deelnemers en projekleiers moet deurentyd bemagtiging as oogmerk hou. Wanneer deelname deur bemagtigingskommunikasie gefasiliteer word beteken dit dat die deelnemers konstant aktief deelneem en streef na gemeenskaps beheer in elke fase van deelname maar begin by persoonlike deelname om op ‘n persoonlike vlak bemagtig te word. Dialoog wat deur bemagtigingskommunikasie gefasiliteer word streef daarna om die deelnemers deel te maak van gesprekke en besluitneming. Bemagtigingskommunikasie is belangrik in kulturele verskeidenheid of identiteit omdat dit die deelnemers aan staat stel om te reflekteer op hul omstandighede en skep ‘n beter begrip vir die projekleiers.

Vervolgens word die geleenthede vir verdere navorsing voortspruitend uit die studie voorgehou.

### 5.2.6 Verdere navorsing wat moontlik uit hierdie studie kan voortspruit

Daar is verskeie verdere navorsingsgeleenthede wat uit hierdie studie kan voortspruit. Toekomstige studies kan na ’n paar jaar weereens bepaal of die Tsa Lapeng en Seboni Creativity Centre as ontwikkelingsprojekte deelnemendebemagtigingskommunikasie tydens die projekaanbiedinge benut om gestalte te gee aan die doelwit van die projekte, naamlik volhoubaarheid (volgehoue ontwikkeling).

Verskeie ander handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte kan op dieselfde wyse as die onderhawige studie ondersoek word om die algehele aard van bemagtigingskommunikasie in die projekte te kan bepaal.

### 5.2.7 Slot

Hierdie hoofstuk het navorsingsvrae beantwoord deur gevolgtrekkings te maak uit die bevindinge van die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe oor die belangegroepe se persepsies van die mate waarin handvaardigheids- en kreatieweskeppingsprojekte tot bemagtiging in die projek kan bydra. Die studie het bevind dat die Tsa Lapeng en Seboni Creativity Centre ontwikkelingsprojekte nog nie aan al die normatiewe beginsels van bemagtiging binne die deelnemende benadering tot kommunikasie voldoen nie. Die studie stel voor dat die betrokke ontwikkelingsprojekte aandag moet skenk aan hierdie beginsels wat in die studie bespreek is en in die toekoms as riglyn moet gebruik om die projek se kommunikasie hiervolgens te lei om die projek meer doeltreffend en ook volhoubaar te maak.

## BIBLIOGRAFIE


Agunga, R.A. 1998. Communication for development in Africa - a clarion call. *Communicare : Journal for Communication Sciences in Southern Africa*, 17(1):28-48.

Agunga, R.A. 1999. Developing the Third World: a communication approach. New York: Nova Science.

Albuquerque, C.P., Santos, C.C. & Almeida, H.D.S.N.S. 2017. Assessing 'empowerment'as social development: goal and process. *European Journal of Social Work*, 20(1):88-100.

Alese, O.D. & Hassan, M. 2011. The role of women's creativity and innovations in the Nigerian informal sector of Oke Ogun Zone. *International Education Studies*, 4(3):213.

Anyaegbunam, C., Mefalopulos, P. & Moetsabi, T. 2004. Participatory Rural Communication Appraisal: Starting with the People. Vol. 2nd ed. Rome: FAO and SADC.

Arnstein, S.R. 1969. A ladder of citizen participation. *Journal of the American Institute of planners*, 35(4):216-224.

Ascroft, J. & Masilela, S. 1994. Participatory Decision-Making in Third World Development. *(In* White, S.A., Nair, K.S. & Ascroft, J., *eds*. Participatory Communication: Working for Change and Development. New Delhi, India: Sage. p. 259-294).

Ayee, E.S.A. 1993. A participatory communication approach to rural community development. Potchefstroom: PU vir CHO.

Babbie, E. & Mouton, J. 2007. The practice of social research. Cape Town: Oxford University Press.

Bayeh, E. 2016. The role of empowering women and achieving gender equality to the sustainable development of Ethiopia. *Pacific Science Review B: Humanities and Social Sciences*, 2(1):37-42.

Benney, M. & Hughes, E.C. 1956. Of sociology and the interview. *American journal of sociology*, 62(2):137-142.

Boshoff, C. 2013. Die aard van kommunikasie in 'n sosiale betrokkenheidsprogram van die StudenteJoolGemeenskapsdiens (SJGD): die Pick a leaderleierskapontwikkelingsprojek. Potchefstroom: NWU. (MA).

Brookfield, S. 2005. The Power of Critical Theory for Adult Learning and Teaching: Open University Press.

Budd, R. Tsa Lapeng [16 Februarie 2017, Harrismith.

Carey, M.A. 1994. The group effect in focus groups: a special concern in analysis. *Qualitative health research*, 4(1):123-127.

Chetty, D. & Hoque, M. 2012. Effectiveness of a volunteer-led crafts group intervention amongst mild to moderately depressed Indian women in KwaZulu-Natal, South Africa. *Gender and Behaviour*, 10(2):4914-4925.

Chitnis, K.S. 2005. The duality of development: recasting participatory communication for development using structuration theory. *Investigacion & desarrollo*, 13(2):228-249.

Coetzee, J.K. 2001. A macro-foundation for development thinking. *(In* Coetzee, J.K., Graaff, J., Hendricks, F. & Wood, G., *ed.* Development: theory, policy and practice. Cape Town: Oxford University Press. p. 119-140).

Cooks, L. & Isgro, K. 2005. The "cyber summit" and women. *Frontiers: a journal of woman studies*, 26(1):71-89.

Cronjé, J.F. & Chenga, C.S. 2009. Sustainable social development in the South African mining sector. *Development Southern Africa*, 26(3):413-427.

Daymon, C. & Holloway, J. 2002. Qualitative research methods in public relations and marketing communications. London: Routledge.

De Klerk, D.  Inligting sessie oor Touching Africa [3 February 2016, Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, D.S.L.  2005.  Research at grass roots for the social science and the human service professionals.  Pretoria: Van Schaik.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S.  2003.  Collecting and enterpreting qualitative materials.  Vol. 2nd Ed.  Thousand Oaks: Sage.

Dervin, B.H., R.  1999.  The participatory communication for development narrative: an examination of meta-theoretical assumptions and their impacts.  *(In* Jacobson, T.L.S., J., *ed.* Theoretical approaches to participatory communication.  Cresskill, NJ: Hampton.  p. 169-210).

Dorsner, C.  2004.  Social exclusion and participation in community development projects: evidence from Senegal.  *Social policy and administration*, 38(4):366-382.

Drexhage, J. & Murphy, D.  2010.  Sustainable development: from Brundtland to Rio 2012. Background paper prepared for consideration by the High Level Panel on Global Sustainability at its first meeting 19 September 2010.

Du Plooy, G.M.  2009.  Communication research: techniques, methods and applications.  Vol. 2nd Ed.  Cape Town: Juta & Co.

Dutta, M.J.  2011.  Communicating Social Change.  Structure, culture and agency.  New York: Routledge.

Esau, M.V.  2007.  Citizen participation and the poor: a participatory approach to achieving political, social and economic freedom.  *Politikon*, 34(2):187-203.

Evans, P.  1979.  Beyond center and periphery: A comment on the contribution of the world system approach to the study of development.  *Sociological Inquiry*, 49(4):15-20.

Flick, U.  2002.  An introduction to qualitative research.  London: Sage.

Freire, P. 1993. Pedagogy of the oppressed. New York: Continuum.

Gillham, B. 2005. Research interviewing: the range of techniques. London: Open University Press.

Haugh, H.M. & Talwar, A. 2016. Linking social entrepreneurship and social change: The mediating role of empowerment. *Journal of Business Ethics*, 133(4):643-658.

Holden, E., Linnerud, K. & Banister, D. 2014. Sustainable development: Our Common Future revisited. *Global Environmental change*(26):130-139.

Huesca, R. 2008. Tracing the History of Participatory Communication Approaches to Development: A Critical Appraisal. *(In* Servaes, J., *ed.* Communication for Development and Social Change. England: Sage. p. 68-81).

Inagaki, N. 2007. Communicating the Impact of Communication for Development: Recent trend in empirical research. Washington: DC: The World Bank.

Inglehart, R. & Baker, W.E. 2000. Modernization, cultural change, and the persistence of traditional values. *American Sociology Review*, 65(1):19-51.

Jacobson, T.L. & Kolluri, S. 1999. Participatory Communication as Communicative Action. *(In* Jacobson, T.L. & Servaes, J., *eds.* Theoretical Approaches to Participatory Communication. USA: Hampton Press. p. 265-280).

Janesick, V.J. 2000. The choreography of qualitative design. Thousand Oaks, CA: Sage.

Jennings, R. 2000. Participatory development as new paradigm: the transition of development professionalism. *Current Urban studies*, 4(2):20-21.

Karl, M. 1995. Women and empowerment: Participation and decision making. Vol. 10: Taylor & Francis.

Kemp, S.P., Whittaker, J.K. & Tracey, E.M. 2002. Contextual social work practice. *(In* O'melia, M.M., K.K., *ed.* Pathways to power. Boston: Allyn & Bacon. p. 15-34).

Keyton, J. 2010. Communication research: asking questions, finding answers. New York: McGraw Hill.

Liddle, J.L., Parkinson, L. & Sibbritt, D.W. 2013. Purpose and pleasure in late life: Conceptualising older women's participation in art and craft activities. *Journal of Aging Studies*, 27(4):330-338.

Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. 1985. Naturalistic inquiry. Newbury Park, CA: Sage.

Lord, J. & Hutchison, P. 2009. The process of empowerment: Implications for theory and practice. *Canadian Journal of Community Mental Health*, 12(1):5-22.

Makhado, Z. & Kepe, T. 2006. Crafting a livelihood: local-level trade in mats and baskets in Pondoland, South Africa. *Development Southern Africa*, 23(4):497-509.

Malan, C. 1998. Development communication as part of culture. *Communicare*, 17(1):49-87.

Manson, J. 1998. Qualitative researching. London: Sage.

McPhail, T.L. 2009. Development communication: reframing the role of the media. Chichester, U.K: Wiley-Blackwell.

Mefalopulos, P. 2008. Development Communication Sourcebook. Washington:DC: The world bank.

Mefalopulos, P. & Grenna, L. 2004. Promoting sustainable development through strategic communication. *(In* Hamu, D., Auchincloss, E. & Goldstein, W., *ed.* Communicating protected areas. IUCN, Gland. Cambridge, UK: The world conservation union. p. 24-31).

Melkote, S.R. 1991. Communication for development in the third world: Theory and practice. London: Sage.

Melkote, S.R. 2002. Theories of development communication. *(In* Gudykunst, W.B.M., B., *ed.* Handbook of international and intercultural communication. Thousand Oaks, CA: Sage. p. 419-436).

Melkote, S.R. 2003. Theories of Development Communication. *(In* Mody, B., *ed.* International and development Communication: A 21st-Century Perspective. p. 129-146).

Melkote, S.R. & Steeves, H.L. 2001. Communication for development in the third world: Theory and practice for empowerment. New delhi: Sage.

Merriam, S.B. 1998. Quallitative research and stydy applications in education. San Francisco: Jossey-Bass.

Mhagama, P.M. 2004. The role of community media in development: a case study of the Cato Manor development project. Durban: University of KwaZulu Natal, Howard College.

Miles, M.B. & Huberman, A.M. 1994. Qualitative data analysis. Vol. 2nd Ed. London: Sage.

Mody, B. 2003. International and development Communication: A 21st-Century Perspective. New Delhi: Sage.

Mowlana, H. 1997. Global and world communication: new frontiers in international relations. London: Sage.

Naidoo, L. 2010. The Participatory Development Communication Approach of Thusong Service Centres in Tshwane. Potchefstroom: NWU.

Narayan, D. 2005. Measuring empowerment: Cross disciplinary perspectives. Washington, DC: World Bank.

Nieuwenhuis, J. 2010. Qualitative research designs and data gathering techniques. *(In* Maree, K., *ed.* First steps in research. Pretoria: Van Schaik. p. 69-97).

Nyamnjoh, F.B. 2010. Re-thinking communication research and development in Africa. (*In*. Proceedings of the 4th IDIA (International Development Informatics Association) Conference organised by.

Ogan, C.L., Bashir, M., Camaj, L., Luo, Y., Gaddie, B., Pennington, R., Rana, S. & Salih, M. 2009. Development communication: the state of research in an era of ICTs and globalization. *International communication gazette*, 17(8):655-670.

Peterson, N.A. 2014. Empowerment Theory: Clarifying the Nature of Higher-Order Multidimensional Constructs. *American journal of community psychology*, 53(1-2):96-108.

Pöllänen, S. 2009. Craft as context in therapeutic change. *The Indian Journal of Occupational Therapy*, 41(2):43-47.

Pratt, Y.P. 2010. Merging new media with old traditions. *Native studies review*, 19(1):1-27.

Quappe, S. & Cantatore, G. 2007. What is cultural awareness, anyway? How do I build it? http://www.culturosity.com/pdfs/What%20is%20Cultural%20Awareness.pdf Date of access: 21 Sept 2017.

Rahim, A.R. 1994. Participatory development communication as a dialogical process. *(In* White, S.A., Nair, K.S. & Ascroft, J., *ed.* Participatory communication: working for change and development. New Delhi: Sage. p. 117-137).

Ralepelle, L. Algemene inligting oor die Seboni Creativity Centre [25 Februarie, Potchefstroom.

Rappaport, J. 1987. Terms of empowerment/exemplars of prevention: Toward a theory for community psychology. *American journal of community psychology*, 15(2):121-148.

Rogers, E.M. 2008. The value-added of development communication: the newer conceptions of development imply a different and, generally, a wider role of communication. *(In* Mefalopulos,

P., *ed.* Development communication sourcebook: Broadening the boundaries of communication, Module 1. Washington, D.C.: The World Bank. p. 1-244).

Rowlands, J. 1995. Empowerment Examined ('Empowerment' à l'examen / Exame do controle do poder / Examinando el apoderamiento (empowerment)). *Development in Practice*, 5(2):101-107.

Schurink, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. *(In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B., Poggenpoel, M., Schurink, E.M. & Schurink, W., *ed.* Research at grassroots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik. p. 277-296).

Scott, L., Dolan, C., Johnstone-Louis, M., Sugden, K. & Wu, M. 2012. Enterprise and inequality: A study of Avon in South

Africa. *Entrepreneurship Theory and Practice*, 36(3):543-568.

Scramm, W. 1961. How communication works. *(In* Scramm, W., *ed.* The process and effects of mass communication. Urbana: University of Illinois Press. p. 3-19).

Servaes, J. 1995. Towards a new perspective for whom or for what? *Communication*, 21(1):39-49.

Servaes, J. 1999. Communication for development: one world, multiple cultures. Cresskill, NJ: Hampton Press.

Servaes, J. & Arnst, R. 1999. Principles of participatory communication research: it's strengths and weaknesses. *(In* Jacobson, T.L.S., J., *ed.* Theoretical approaches to participatory communication. Cresskill: Hampton. p. 107-130).

Servaes, J. & Malikhao, P. 2008. Development communication approaches in an international perspective. *(In* Servaes, J., *ed.* Communication for development and social change. Los Angeles: Sage. p. 158-179).

Simmons, J. 2008. Cultural sensitivity: importance and impact on international development. Chapel Hill, N.C.: Centre for global initiative.

Srampickal, J. 2006. Development and participatory communication. *Communication research trends*, 25(2):2-43.

Struwig, F.W. & Stead, G.B. 2001. Planning, designing and reporting research. Cape Town: Pearson Education.

Strydom, H. 2011. Information collection: participant observation. *(In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaick. p. 327-329).

Subramaniam, M. 2011. Grass roots and poor women's empowerment in rural India. *International Sociology*, I27(1):72-95.

Sustainability. 2010. http://www.sustainability.com/history Date of access: 9 April 2017.

Thomas, P. 2005. Communication and development: a potted history of the field in India. *MICA communications review,*, 2(1):55-60.

Train, B., Ahmed, R., Bandawe, C., Cockcroft, K., Craffford, A., Crous, F., Greenop, K., Seedat, M., Stacey, M., Tomlinson, M. & Tommy, J. 2007. Inleiding tot die sielkunde: 'n nuwe benadering. Kaapstad: Pearson.

Treurnicht, S. 1997. From modernisation tot sustainable development. *(In* Swanepoel, H. & De Beer, F., *eds*. Introduction to development studies. Johannesburg: Thompson. p. 17-41).

Tufte, T. & Mefalopulos, P. 2009. Participatory communication: A practical guide. Vol. 170: World Bank Publications.

Turkington, R. & Sangster, K. 2006. From housing mix to social mix-housing's contribution to social sustainability. *TOWN AND COUNTRY PLANNING-LONDON-TOWN AND COUNTRY PLANNING ASSOCIATION-*, 75(6):184.

Van den Burgh, C. 1988. The metodology of participant obsevation. Pretoria: Human Sciences Research Council.

Varadarajan, R. 2014. Toward sustainability: Public policy, global social innovations for base-of-the-pyramid markets, and demarketing for a better world. *Journal of International Marketing*, 22(2):1-20.

Waisbord, S. 2001. Family tree of theories, methodologies and strategies in development communication. http://efundi.nwu.ac.za/portal/site/eb1f30d0-1644-47cd-be09-4d2fd064488c/page/a62c821c-1049-4119-88e3-fb20eb925125 Date of access: 26 Feb. 2017.

Weyers, M.L. & Herbst, A.G. 2010. Inleiding tot sosio-ekonomiese ontwikkeling. ŉ Opleidingshandleiding vir studente betrokke by SJGD. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

White, R. 1994. Participatory development communication as a social-cultural process. *(In* White, S.A., Nair, K.S. & Ascroft, J., *ed.* Participatory communication: working for change and development. New Delhi: Sage. p. 15-116).

Wimmer, R.D. & Dominick, J.R. 1991. Mass media research. Vol. 3rd ed. Belmont, CA: Wadsworth.

Wimmer, R.D. & Dominick, J.R. 2011. Mass media research: an introduction. Vol. 9th ed. Belmont, Calif: Wadsworth/Cengage Learning.

Yoon, C.S. 1996. Ascendancy of Participatory Approaches. *(In* Gumucio-Dagon, A.T., R., *ed.* Communication for social change: Anthology, historical and contemporary readings. New Jersey: Communication for social change consortium. p. 799-800).

Zimmerman, M.A. 2000. Empowerment theory. Handbook of community psychology. Springer. p. 43-63).